

3. PRINSIPIEEL - AKTUEEL

GOD SE REG EN ORDE VIR SY KERK

3.1 VERKENNING

Om iets waars en geldends oor 'God se reg en orde vir sy kerk' te sê, moet die polsing in die hart van elkeen van dié begrippe beluister word: God se *kerk*, God se *reg*, God se *orde*. Omdat die woorde van 'n taal dinamiese betekenismoontlikhede het waardeur een woord 'n ander aktiveer, telkens met ander betekenisnuanserings ten gevolg, sou dit onvolledig-eensydig en onwetenskaplik wees om woorde-in-afsondering te probeer evalueer.

In die evaluasie van Bybelse woorde en begrippe is dit van primêre belang om steeds in gedagte te hou dat die woorde in die konteks waarin dit voorkom die Woord van God is. Om die Woord van God in dié woorde te hoor moet hierdie woorde in hulle ware sin en betekenis begryp word, soos hulle hulle self in onderskeie betekenisnuanseringe uit verskeie kontekste aanbied (vgl. Jonker 176:33).

Enersyds is daar geleerdes wat beweer dat 'n woord 'n outonomistiese, konstante betekenis onafhanklik van die sinsverband het (bv. Trench 1960:iv; Antal 1963:60,91; Venter 1977:11-15; De Groot 1964:117; Reichling 1967:100-102). Andersyds is daar geleerdes wat beweer dat 'n woord slegs betekenis uit sy konteks verkry. Hiervolgens het woorde nie betekenis nie, maar betekenis het woorde (bv. Barr 1978:263; Louw 1978:75v; Nida 1972:26,77; Nida 1979:196; Funk 1977:2,3,8; Palmer 1976:102-103; Deist & Burden 1980:17v; Stork & Widdowson 1979:120,124; Vorster 1974:24).

Botha (1982:27v,109) toon aan dat nie die woord of die konteks primêr is nie, maar dat beide, woord en konteks, 'n onmisbare deel tot die betekenis bydra. Hiervolgens beskik woorde enersyds oor 'n 'stabiele' betekeniskern

waarsonder leksikografie onmoontlik sou wees (Thiselton 1977:79).

Daar is ook die beskouing dat die woord wél die draer van 'n begrip is, maar dat die betekenis daarvan deur sintese bepaal moet word, deur uit die verband waarin die woord voorkom sy presiese, genuanseerde betekenis vas te stel. As sodanig is nie die bepaalde woord nie, maar die sin die belangrikste uitdrukking van betekenisse in bepaalde woorde (Helberg 1983: 54; Floor s.j.:11; Lion Cachet 1979:14-16; Van Rooy 1971:16).

Die vraagstuk, naamlik wát van primêre belang is, woord of konteks, stel 'n mens voor die tipe vraag of dit die hen of die eier is wat eerste was. Op dié vraagstuk gaan ek nie in nie! Myns insiens word die hoofbetekenis se van woorde leksikologies gestabiliseer deur hulle betekenisse uit velerlei kontekste af te lei. Die primêre of 'stabiele' betekeniswaarde wat elke woord oproep kon nie bepaal word indien dit nie uit velerlei kontekste afgelei word nie - juis omdat 'n woord deur ander woorde ontstaan: met behulp van ander woorde word 'n nuwe situasie of voorwerp 'verwoord'. Woorde ontstaan nie onafhanklik van mekaar om in afsonderlike, afgeslote betekenisvelde te bestaan nie. Eers in verband met mekaar word woorde 'n taal; sonder enige onderlinge verbande sou woorde in hulle afgeslote ruimtes slegs klanke bly.

Hoewel sekere betekenisaspekte in só 'n mate in 'n bepaalde woord verteenwoordig word dat daardie betekenisaspekte as die 'stabiele' betekenis van die woord aangemerkt kan word - waardeur leksikografie moontlik is -, kan so 'n woord homself nie as 'n volledig verklaarde begrip aandui nie, omdat daar verskeie latente betekenisnuanseringe in die woord opgesluit lê wat deur ander woorde, telkens in ander kontekste, geaktiveer word. Dit wil sê dat 'n woord ook ander betekenislae kan hê, ondanks die dominante verteenwoordiging van een of meer betekenisaspekte waardeur die woord 'n primêre of 'stabiele' betekenis verkry.

Hieruit lei ek twee komponente af wat albei in ag geneem moet word om die betekenis van woorde bloot te lê:

- (i) die leksikologiese betekenis van woorde waarin die 'stabiliele' betekeniswaarde daarvan wetenskaplik uit velerlei kontekste vasgestel en genoteer is;
- (ii) die kontekstuele betekenisaspekte van woorde waardeur ou en nuwe betekeniswaardes nagespeur word deur die woordbetekenisse uit soveel moontlike kontekste te evalueer.

Uiteraard is daar geen teësprak tussen (i) en (ii) nie: die onderskeid wat ek hiertussen maak moenie gesien word as 'n kontrasterende *skeiding* nie, maar wel as 'n supplementêre *onderskeid*.

Die evaluasie van die betrokke begrippe uit die Heilige Skrif beperk ek tot dié wat vir die doel van die ondersoek van belang mag wees. Omdat die Griekse begrippe meer eksak en duidelik omlynbear in terme van die westerse denkwys is, is dit slegs nodig om een of twee Griekse woorde te evalueer om die betekenis van 'n bepaalde begrip te peil. Maar met betrekking tot die Hebreeus is dit moeiliker. Hoewel Barr (1978:50-58) duidelik aantoon dat 'n mens nie van die voorveronderstelling kan uitgaan dat *alle* Hebreeuse woorde dinamiese begrippe is nie, is dit tog, soos Beuken (1983:113) daarop wys, 'n tipies semitiese verskynsel om sake en gebeure oor die algemeen nie te definieer nie, maar te omskrywe deur dinamies-belade kernbegrippe. Daarom is dit noodsaaklik om soveel moontlik verwante begrippe in dieselfde betekenisveld te evalueer ten einde die juiste betekenis van die bepaalde begrip wat vir die ondersoek van belang is, te peil.

In hierdie afdeling word op die prinsipiële deel van die studie in sy aktualiteit gekonsentreer. Die begrippe 'God se kerk', 'God se reg (en derhalwe sy geregtigheid) vir sy kerk' en 'God se orde vir sy kerk' word

in die lig van wat hierbo uiteengesit is, ondersoek. Hierdie afdeling vorm die fundamentele substraat van die studie. Die subopskrifte van hierdie afdeling veronderstel reeds 'n hele aantal gevolgtrekkings waardeur 'n aansienlike mate van voorstudie verklar word, wat vanweë begryplike beperkings in 'n studie van hierdie aard nie in besonderhede hier verdiskonteer kan word nie.

Met inagneming van die bevinding in die ekumenies-prinsipiële ondersoek, naamlik dat God die Bepaler en die Bedienaar van die reg en die orde vir sy kerk is, kan op grond van bevindings in hierdie prinsipieel-aktuele afdeling die kontoere van 'n skriftuurlike kerkreg- en kerkordebeskouing in die daaropvolgende afdeling ontvou word.

3.2 GOD SE KERK

3.2.1 *Inleiding*

In hierdie studie dien die skriftuurlike kerkbegrip as die noodsaaklike agtergrond waarteen 'God se reg' en 'God se orde' belig word¹⁾. Hoewel dit vir die doel van die studie dus belangrik is om 'die kerk' in die juiste perspektief te besien, is dit nie die uiteindelijke fokuspunt nie: dit is egter wél van meer belang as slegs agtergronddekor.

Die betekenis van die begrip 'God se kerk' word aan die hand van die ekwivalente begrippe uit die Ou Testament en die Nuwe Testament geëvalueer.

Die ter sake verwante begrippe word ook in berekening gebring. Die leksikologiese betekenis én die kontekstuele betekenisaspekte van die betrokke begrippe in die Ou- en die Nuwe Testament word hier in één weergegee.

3.2.2 *In die Ou- en Nuwe Testament*

3.2.2.1 *Qāhāl*

Die begrip qāhāl het in die Ou Testament dié betekenis: "assembly", "congregation", "Einberufung", "Versammlung", "Volks gemeente" (Koehler-Baumgartner 1958:829). Q^ehal YHWH dui op die hele volk van God in "Einberufung" (Mg 2:5; Dt 23:2 vv), uiteraard met YHWH as die Een wat die volk in eenheid saamroep (Schmidt 1979:529, voetnoot 90). Wesenlik verteenwoordig die q^ehal YHWH die 'oorblyfsel' van Israel van wie die voortgesette bestaan van Israel as die volk van YHWH afgehang het (Schmidt 1979: 526), en bring dus veral die geroepenheid van Godswē tot uitdrukking.

'Oorblyfsel', 'voortgesette bestaan' en 'geroepenheid' is fasette van die begrip 'q^ehal YHWH' wat 'n donker wêreld van verbrokkeling en verlorenheid

impliseer. Dit is dié wêreld van sonde na die katastrofe in Genesis 3. 'n Wêreld waarin die reg onreg en vervalsing geword het, en die orde wanorde en versplintering. Die wese van die sonde lê immers daarin dat die mens die paradysleuen van Satan geglo het, te wete dat hy (die mens) goed en kwaad, reg en verkeerd sal kan kén (beheers) (Gn 3:5) en sodoende die regs- en ordebepaler sal wees. Die wese van die begrip 'q^ehal YHWH' as YHWH se 'oorblyfsel', sy 'uitgeroeptes' wat téén die-wêreld-in-die-mag van-die-sonde mag voortbestaan, lê juis daarin dat dit 'n gemeenskap is wat nou weer erken dat dit nie die mens is nie maar God wat die reg en orde bepaal (vgl. Van der Linde 1980/81:22vv).

Derhalwe is dit te begryp dat die q^ehal YHWH volkome op YHWH betrokke is: die qāhāl behoort aan Hom, is deur Hom uitgeroep uit die sondeverbrokkelde wêreld as die volk aan wie Hy Homself openbaar (bv. Jes 43:1-3, 10-13) en aan wie Hy sy beloftes van herstelde reg en orde toevertrou, waarin die heilstrekke van 'n toekomsbedeling reeds sigbaar word (bv. Jes 32:1; 43:19-21; 62: 1-12). Maar hierdie volkome betrokkenheid van die qāhāl op YHWH realiseer ook deur sy eis, sy eenvoudige eis om hulle hart: die eis om geloofsgehoorsaamheid deur dik en dun (bv. Jr 4:1,4; Am 5:6,14; Mg 6: 7,8). Hy stel sy eis, en op die wyse bind Hy hulle as sy volk aan Hom vas, deur middel van sy wet: deur sy wet kom hulle gehoorsaamheid, hulle afhanklikheid, hulle toegewydheid aan Hom aan die lig (bv. Dt 6). Op dié wyse gee die begrip 'q^ehal YHWH' pertinente betekenis aan sy "Versammlung" as 'n verbondsvolk. "De tafelen van de wet liggen in de ark van het verbond" (Van Ruler IV 1972:43). Dit is dus betekenisvol dat die qāhāl wat oorspronklik die verhouding tussen YHWH en sy volk daarstel, die vergadering by Sinaï was (Dt 5:19; 9:10; 10:4; 18:16).

Hoewel YHWH die wet as gehoorsaamheidseis aan sy volk stel, is hierdie eis

nooit die *voorwaarde* tot die q^ehal YHWH as verbondsgemeenskap nie. YHWH gee éérs sy beloftes, en Hy maak dit prakties sigbaar deur sy volk uit die slawehuis uit te lei (Eks 20:2), daarna stel Hy die wet (Eks 20:3vv). Die verbondsluiting wat in die q^ehal YHWH gerealiseer word word *moontlik gemaak* deur die versoening (vgl. Eks 24:8). Die offermotief, die bloed, lê 'n onmiskenbare eskatologiese trek in die q^ehal YHWH: YHWH se geregtigheid teenoor sy volk moes nog tot vervulling kom - in die eintlike offer wat Hyself sou voorsien.

Om die bespreking oor die begrip 'qāhāl' af te sluit moet ook nog op bepaalde algemene gebruikswaardes van die woord as 'n verbondsbegrip gewys word. Die verbondsbetekenis wat as 'n dominante betekenisaspek in q^ehal YHWH figureer, word deur méér formele gebruike van qāhāl in die Ou Testament geaksentueer : die dag waarop YHWH en Israel saamgebring is, is die yôm haqqāhāl genoem; later word die aanbiddingsgemeenskap by die inwyding van die tempel - die sigbare gestalte van YHWH se teenwoordigheid onder sy volk - ook die qāhāl genoem (1 Kon 8:14vv); nog later word qāhāl ook gebruik vir die fees van die taberbakel waar Esra die wet voorgelees het. Uit die konteks is dit vanself duidelik wanneer qāhāl die verbondsbetekenis van q^ehal YHWH het (Schmidt 1979:529).

Dat die Ou Testamentiese qāhāl nie 'n eiewillige vergadering was nie, maar 'n opgeroepde vergadering onder bevel, blyk ook sprekend uit die gebruik van die woord vir die mobilisering van die volk vir oorlog (Esg 23:24,46). Hierdeur word die verbondsbetekenis van qāhāl in konteks met die opdrag en die beskikking van YHWH gestel.

Dit is opvallend dat qāhāl as 'n term vir die wat in die verbond betrek is, en gevolglik draers van die goddelike beloftes was, ook vrouens en kinders

ingesluit het: byvoorbeeld in Jeremia 44:15 waar qāhāl vir 'n buitengewone volksvergadering gebruik word en verder in die reël van Esra se tyd af, waar Esra onder meer die wet by die fees van die tabernakel in die teenwoordigheid van mans én vrouens en kinders voorgelees het (Schmidt 1979: 529v, voetnoot 90).

Die begrip ' qāhāl ' word in die Septuaginta sowel met ἐκκλησία (in Jos, 1 en 2 Kon, 1 en 2 Kron, Esr, Neh en Dt²) as met συναγωγή vertaal (in Gn, Eks, Lv, Nm) (Schmidt 1979:527). Die begrip ' q^ehal YHWH ' word egter nooit in die Grieks met συναγωγή weergegee nie, maar telkens met ἐκκλησία τοῦ θεοῦ (Bronkhorst 1947:27). Om die betekenis van ἐκκλησία te evalueer, moet egter eers op die betekenis van συναγωγή en die verwante Aramese begrip ' k^enîsh^etā' ' ingegaan word.

3.2.2.2 Συναγωγή en k^enîsh^etā'

Συναγωγή is meer die ekwivalent van sowel die Hebreeuse k^enēseth (Feinberg 1968:1227), waarvan die Ou Testament slegs die werkwoord k-n-s ("to gather", "to assemble") gebruik (Schmidt 1979:524v), as die Hebreeuse ʿēdāh (Schmidt 1979:529, voetnoot 90). Beide hierdie woorde word vir die peiling van die betekenis van 'kerk' vir die doel van hierdie studie, buite rekening gelaat.

In die Nuwe Testament is die συναγωγή wat waarskynlik by ontstentenis aan die tempel in dié leemte tydens die Babiloniese ballingskap ontstaan het (Feinberg 1968:1227), die sentrum van die Joodse godsdienst en nasionale lewe (Bakker 1961:302v). Die συναγωγή is deur 'n drievoudige doel gekenmerk: aanbidding, opvoeding en bestuur van die siviele lewe in die Joodse Gemeenskap (Feinberg 1968:1228). Waar qāhāl dus in die Septuaginta met συναγωγή vertaal word, val die klem nie op die van Godswē geroepenheid

van Israel as sý volk nie, maar eerder op die praktiese godsdienstig-nasionaal gerigte faset van Israel se volkslewe.

Die Siries-verwante Aramese woord $k^{\text{e}}n\dot{ı}sh^{\text{e}}t\bar{a}$, dra in 'n groot mate die betekeniswaarde van συναγωγή; dit dui op 'n lokale gemeenskap saamgetrek in 'n kultiese vergadering (Bronkhorst 1947:26). Terselfdertyd blyk dat $k^{\text{e}}n\dot{ı}sh^{\text{e}}t\bar{a}$, ook met qāhāl korrespondeer in die sin dat daardeur ook na die volk van God in sy breë totaliteit verwys word (Schmidt 1979:525v). Uit dié perspektief is dit semanties te begryp waarom $k^{\text{e}}n\dot{ı}sh^{\text{e}}t\bar{a}$, die gewone gebruikswoord geword het - ook in Jesus se tyd - waarin beide die Joodse godsdienstig-nasionale gemeenskap in sy kultiese toespitsing én die Christelik-godsdienstige gemeenskap in sý kultiese toespitsing verteenwoordig is (Schmidt 1979:525, kyk ook voetnoot 79).

3.2.2.3 Ἐκκλησία

Teen die agtergrond wat hierbo uiteengesit is (kyk 3.2.2.1 en 3.2.2.2.), kan die begrip Ἐκκλησία omlyn word. Ἐκκλησία is 'n term uit die sekulêre wêreld met die betekenis van 'vergadering' ("assembly") in die sin van 'vergadering hou', òf 'die persone wat vergader is' - op 'n bepaalde plek. Die genitiewe byvoeging κυρίου maak dit duidelik dat Ἐκκλησία die volk of gemeente van God is. So is die begrip Ἐκκλησία κυρίου die ekwivalent vir die q^ehal YHWH (Dt 23:2vv; 1 Kron 28:8; Neh 13:1; Mg 2:5). Soos by qāhāl ontbreek die genitiewe kwalifikasie dikwels by Ἐκκλησία waar tóg Ἐκκλησία κυρίου of Ἐκκλησία τοῦ Θεοῦ bedoel word, maar ook dan so omdat dit uit die konteks vanselfsprekend blyk dat Ἐκκλησία op 'die vergadering van die Here' dui (Schmidt 1979:527).

'n Interessante en betekenisvolle aspek waarin die Nuwe Testamentiese

Ἐκκλησία van die συναγωγή verskil en met die Ou Testamentiese qāhāl -

van Esra se tyd af - ooreenkom, is die feit dat ook vrouens en kinders daarin opgeneem is (Schmidt 1979:530, voetnoot 90), terwyl eintlik net manlike persone formeel aan die συναγωγή behoort het³⁾.

Wat die gemeenskapsaspek van die Nuwe Testamentiese ἐκκλησία betref, is daar belangrike ooreenkomste met die Aramese k^enîsh^etā'. Beide wys op 'n plaaslike gemeenskap met 'n kultiese doel (Bronkhorst 1947:27). Vanweë k^enîsh^etā' se andersydse ooreenkomste met συναγωγή blyk die begrip die brugte vorm tussen die ἐκκλησία κυρίου as q^ehal YHWH en die συναγωγή. Hieruit kan die sterk sinagogale inslag in die Nuwe Testamentiese ἐκκλησία (Vgl. Robinson 1968:231) ook semanties verklaar word.

In die belangrike betekenisaspek van 'opgeroep word tot 'n volksvergadering' korrespondeer die begrip 'ἐκκλησία' ook met qāhāl. Selfs in die sekulêre gebruik van ἐκκλησία is hierdie trek van 'opgeroep word', kragtens die gebruik in die Griekse stadstaat, 'n pertinente betekenisaspek van ἐκκλησία. Hierdie aspek van offisiële oproeping gee aan die Nuwe Testamentiese ἐκκλησία enersyds 'n ander betekeniswaarde as die συναγωγή, waarvan lidmaatskap deur volksafstamming bepaal is, en andersyds ook 'n ander betekeniswaarde as die heidense (godsdienstige) verenigings wat volgens die Griekse model op onderlinge afspraak gegrond is. Hierdie *andersheid* van die Nuwe Testamentiese ἐκκλησία kom daarin tot uiting dat 'n mens nie volgens volksafstamming of volgens vrye keuse daaraan behoort het nie, maar slegs kragtens *roeping* daarin opgeneem is (Snyman 1977:35v; vgl. Groenewald 1962:392).

Soos in qāhāl is die gedagte van 'geroep wees' 'n dinamiese betekenisaspek in ἐκκλησία. Veral die gedagte van 'uitgeroep uit' figureer sterk in ἐκκλησία. Só kry ἐκκλησία (κλήτος) by Paulus die betekenis van "geroepe heiliges" (1 Kor 1:2) (Snyman 1977:35v). Hierdie gedagte van κλητοὶ Ἰησοῦ Χριστοῦ

("geroepenes van Jesus Christus": bv. Rm 1:6) en ἐκλεκτοὶ τοῦ Θεοῦ ("uitverkorenes van God": bv. Kol 3:12) lê in ἐκκλησία die oorheersende betekenis van 'uitverkiesing', 'geroepenheid', 'beskikking van God'. In ἐκκλησία lê opgesluit dat God vir Hom 'n volk uit alle volkere en oor die grense van alle volkere uitverkies het en tot Hom geroep het (vgl. Ridderbos 1971:371).

In ἐκκλησία figureer dus 'n voortsetting van dié betekenisaspek van qāhāl, naamlik dat God nie sy skepping aan Satan prysgegee het nie, maar dat Hy vir Hom 'n 'oorblyfsel' uit die mensheid 'geroep het' tot 'n 'voortgesette bestaan' (kyk 3.2.2.1). Die historiese betekenis van Genesis 3 lê dus nie slegs daar-in dat die begin van die einde reeds in die paradys aangebreek het nie, maar dat die belofte van voortsetting en verlossing - ondanks die afgrondelike beëindiging van die paradys - as 'n kragtige lewensmotief soos 'n goue draad in die geskiedenis ingebed is (vgl. Gn 3:15). Die belofte van versoening én oorwinning oor Satan deur die bloedoffer, wat as 'n sterk eskatologiese betekenisaspek in die Ou Testamentiese qāhāl YHWH gefunksioneer het (kyk 3.2.2.1), kom tot vervulling in die Nuwe Testamentiese ἐκκλησία. Die ἐκκλησία is die eskaton van die qāhāl. In die ἐκκλησία breek die betekenis van die genadeverbond uit die skemermōre van die Ou Testament deur tot die helderdag van die Nuwe Testament, want die Offerlam, Jesus Christus, is vir die volk geslag!

Die verhouding van die begrippe 'ἐκκλησία' en 'qāhāl' lê terselfdertyd die verhouding tussen die Ou- en Nuwe Testament bloot. Dit is nie 'n verhouding van wet teenoor evangelie, vloek teenoor seën, duisternis teenoor lig nie. Nee, die verhouding van die Testamente is dié van skemermōre en helderdag. En tussenin staan Jesus Christus as die Son van Geregtigheid deur wie die oorgang moontlik gemaak is. Die qāhāl van die Ou Testament ontplooi in

die ἐκκλησία van die Nuwe Testament soos die helder lig van die Són van Geregtigheid wat deurgebreek het. Soos wat skemermôre en heldermôre deel van dieselfde dag is, so is die Ou Testament en die Nuwe Testament die ontplooiing van dieselfde genaderaad van God. En só is die qāhāl en die ἐκκλησία onderskeie beliggaminge van die één genadeverbond waardeur God vir Hom een volk as sy volk neem. Histories lê die één verlossingsplan van God weerskante van sy Seun, Jesus Christus: Agter Hom lê die skemermôre van die Ou Testament waar die qāhāl met bloedoffers roep na Hom wat God se Offerlam is, en voor hom lê die helderdag van die Nuwe Testamentiese bedeling waar die ἐκκλησία na Hom terugkyk en uit sy sterwe en opstanding leef (Smit 1984c: 32v).

Calvyn het dié belangrike bydrae ten opsigte van die siening op die verbond gemaak, te wete dat die verbond in die Ou Testamentiese qāhāl nie verskil van die verbond in die Nuwe Testamentiese ἐκκλησία nie: dit is een en dieselfde verbond, naamlik die Abrahamitiese verbond. Slegs die bediening daarvan verskil (Gl 3:15,29; Smit 1984c:20). Die *eenheid* tussen die qāhāl en die ἐκκλησία lê in die roepingsgedagte, die verbondsbeloftes en die versoeningsmotief. Die *onderskeid* tussen die twee begrippe lê in die onderskeie bedelings daarvan: die Ou Testament en die Nuwe Testament (vgl. Smit 1984c:20v).

Die vervullingsbetekenis in die Nuwe Testament lê egter ook 'n nuwe betekenisaspek in die ἐκκλησία. Soos wat die verbond as die geregtigheidsverhouding van YHWH met sy volk in beide begrippe, die qāhāl en die ἐκκλησία, op die voorgrond figureer, só word die Nuwe Testamentiese vervulling van hierdie verhouding in God se heerskappy duidelik sigbaar in die ἐκκλησία-begrip. Hierdie *heerskappy* van God oor sy volk word in die koms van sy koninkryk geopenbaar. Die geregtigheidsverhouding van die verbond word in die ἐκκλησία hoegenaamd nie uitgeskakel of vervang nie, dit word egter toegespits en gepresiseer in

die heerskappyverhouding van die koninkryk. Paulus kan dus van die ἐκκλησία - die domein van die koninkryk - as 'die Nuwe Israel' praat. (vgl. Rm 9:6-8; Gl 2:29), omdat 'die Ou Israel' die domein van die verbond was. Die betekenisaspek van 'die koninkryk van God' in ἐκκλησία is dus 'n toespitsing, 'n presisering van die verbondsgedagte wat uit die qāhāl oorgeloop het in die ἐκκλησία (vgl. Smit 1984c:19).

Teen hierdie agtergrond kan dit begryp word dat ἐκκλησία nie alleen ongeveer honderd keer in die Septuaginta vir die Ou Testamentiese qāhāl gebruik word nie, en telkens vir q^ehal YHWH, maar ook vir die Nuwe Testamentiese blik op die Ou Testamentiese volk van God (Hd 7:38 wat verwys na: " ... ἐν τῇ ἐκκλησίᾳ ἐν τῇ ἐρήμῳ ..." - ".die kerk/vergadering in die woestyn" - en Heb 2:12 waar deur middel van Ps 22:23 na "in die midde van die gemeente/vergadering" verwys word: " ... ἐν μέσῳ ἐκκλησίας ...").

'n Verdere (baie belangrike) kwalifikasie van die ἐκκλησία in die Nuwe Testament is die spesifisering van die unieke korrelasie met Christus⁴⁾, byvoorbeeld in Kolossense 1:18: " καὶ αὐτός ἐστιν ἡ κεφαλὴ τοῦ σώματος, τῆς ἐκκλησίας " (" en Hy is die Hoof van die liggaam, dit is die kerk") (kyk ook Kol 1:24; Ef 1:22 en 5:23 in konteks). In die metaforiese beeld van die ἐκκλησία as liggaam van Christus word die innigste lewensbetrokkenheid op en lewensverbondenheid met Christus geteken; "Zijn hart, dat klopt voor de wereld, is haar hart, Zijn liefde is de hare ..." (Honig 1978:75). Hierdie beeld dui in die eerste plek op die kerk se eenheid met Christus en in die tweede plek op die eenheid met mekaar. Dit is 'n eenheid wat tot uiting kom in die feit dat die ἐκκλησία heilshistories aan Christus toebehoort as die begrepenheid van "die vele" in die "Een" (Ridderbos 1971:419).

Die benaming van Christus as Hoof van die ἐκκλησία (as sy liggaam) beteken in die Joodse gedagtewêreld die stamvader of die aanvoerder. As sodanig sou die Hoof-gedagte (Kol 1:15-18) 'n noue verwantskap toon met begrippe soos 'ἀρχή' (begin) en 'πρωτότοκος' (eersgeborene) waarin sowel tydsorde as rangorde aangedui word. "Op deze wijze zou ook het begrip 'hoofd' terminologisch de gedachte van de personificatie en representatie van de velen-in-Een tot uitdrukking brengen" (Ridderbos 1971:430). Die posisie van superioriteit en heerskappy van die Hoof is daarin gefundeer dat Christus as Hoof van sy liggaam ook die Behouer en die Redder daarvan is (Ridderbos 1971:426). Uit die domein van Adam (σῶμα τοῦ θανάτου) is die gelowiges oorgeplaas na die domein van Christus (σῶμα τοῦ Χριστοῦ) (Groenewald 1962:395; vgl. Du Plessis 1962:39vv).

Dit is duidelik dat die begrip 'ἐκκλησία' in terme van "geroepe heiliges" (bv. 1 Kor 1:2: "... κλητοῖς ἁγίοις ...") en "die kerk van God" (bv. 1 Kor 15:9: "... τὴν ἐκκλησίαν τοῦ θεοῦ ") 'n eie, unieke, deur God verordende lewenswyse te kenne gee. Die ἐκκλησία word, as verbondsgemeenskap en as domein (ook teken) van die koninkryk van God, kragtens sy *roeping* op grond van die soenoffer van Jesus Christus (bv. Heb 2; 1 Tim 2:5v) 'n unieke regsgemeenskap waarin die herstel van orde in die wêreld sigbaar word (Milner 1970:44). Jesus Christus is self die Regverdige in wie die ware ἐκκλησία geregverdig word; Hy is die Regsverskaffer wat op grond van die regsverskaffing 'n totaal nuwe orde deur die werkinge van sy Woord en Gees in (en deur) die ἐκκλησία daarstel (vgl. Calvin I, vi en vii; vgl. Milner 1980:4). Christus het die paradysleuen van Satan, waarvolgens die mens glo dat hyself die regsbepaler kan wees (kyk 3.2.2.1), tot niet kom maak. In hierdie valse geloof waarin die mens meen dat hy soos God kan wees deur goed en kwaad, reg en verkeerd te kén en te beheers, lê die wese van die sonde (kyk 3.2.2.1).

Uit hierdie waanlewe, waarin die sonde heers en die dood tiranniseer, word die wat glo tot 'n nuwe lewe van waarheid en reg, geregtigheid en orde, geroep. Hierdie nuwe lewe waarin God sy heerskappy herstel het, is die bepaalde betekenisaspek van die Nuwe Testamentiese ἐκκλησία.

As lewende liggaam van Christus dra die ἐκκλησία 'n regs-karakter (Schniewind 1949:203). Die betekenisaspek van 'die vergadering van die gereg-verdigde volk van God' figureer in die sentrum van die betekeniswaarde van ἐκκλησία (Schniewind 1949:207), met ander woorde: die volk oor wie daar reeds regspraak voltrek is. Dié vryspraak aktiveer 'n nuwe betekenisaspek in ἐκκλησία, naamlik die betekenis van opgebou word en opbou: die οἰκοδομή-motief in die begrip (1 Ts 5:11; vgl. Hainz 1972:42vv, 88vv). Deur hierdie betekenisaspek word die praktiese ordereëlins vir die ἐκκλησία as 'n regsgemeenskap wat reg regeer moet word op die voorgrond gebring. Die ἐκκλησία is nie 'n spiritualistiese geïdealiseerde begrip wat bokant die sondeverbrokkelde wêreld sweef nie. Nee, die ἐκκλησία bestaan wel uit die herskape mensheid, maar lewe steeds in die sondebedeling: 'n wêreld waarin die vrygespreekte hom steeds dikwels in die aanklagbank bevind (vgl. Coetzee 1969:85vv). Daarom moet die lewe van die herskape mensheid deur die regte ordereëlins beveilig word. Die οἰκοδομή-motief bestaan daarin dat die ἐκκλησία volgens God se reg en orde opgebou moet word, sodat die kerk steeds meer mag word wat hy is om sy roeping waarvolgens hy die koninkryk van God in die wêreld moet uitdra, trou te kan vervul.

Ter afsluiting van die bespreking oor die begrip 'ἐκκλησία' moet nog oorspronklik op die algemene *gebruikswaarde* daarvan in die Nuwe Testament gewys word. Die gebruik van die woord⁵⁾ (waar onder meer deur Jesus self in Matteus 16:18 en 18:17⁶⁾) soos dit kontekstueel deur Moulton et

al. (1980:316v) en Gispén et al. (onder "Gemeente" 1983:1215v) weergegee word en soos Schmidt (1979:535v) konkludeer, wys oortuigend daarop dat ἐκκλησία veral vir die plaaslike gemeente gebruik word (vgl. ook Hainz 1972:77, 229vv).

Waar die begrip vir die kerk in sy groot geheel gebruik word, word dit uitdruklik so gedoen dat die groot geheel nie daarin bestaan dat dit die afsonderlike gemeentes omvat nie: "Kerk is altyd gemeenskap van *gelowiges*, hetsy dan:

- (1) soos hulle verenig is, en georganiseer is in 'n plaaslike gemeente, of
- (2) soos hulle verspreid is oor die ganse aarde"

(Snyman 1977:36). En: "Die plaaslike kerk *is* die universele kerk: die universele kerk ter plaatse" (Snyman 1977:78).

Ook hierdie gebruik van ἐκκλησία gee 'n konkrete, gelokaliseerde, hoewel ryk geskakeerde betekeniswaarde aan die verbonds- en koninkryksbetekenisaspekte daarvan wat mede daarop dui dat die kerk nie 'n swewende grootheid is nie, maar 'n werklikheidsbewuste entiteit wat 'n eie, ander regsorde moet hê in die wêreld waarin die mens homself as regsbepaler en ordeskepper beskou.

3.2.3 *Peiling*

Uit die semanties- leksikologiese ondersoek na die betekenis van die begrip 'God se kerk' lei die twee hoofrigtingpylers, qāhāl en ἐκκλησία, tot dié dieptesnit, naamlik dat die kerk mense is wat betrokke op en in gemeenskap met God en met mekaar leef: *mense* wat deur God uit die sondedood geroep is en gekenmerk word deur hulle afhanklike erkenning van Hom as enigste Regsbepaler en Ordeskepper: *mense* wat gesamentlik

en individueel die gehoorsame draers van God se beloftes in 'n afvallige wêreld is en só, hoewel nog in die sonde, die trekke van die herskape mensheid toon; *mense* met 'n nuwe lewenshouding en lewenstyl waardeur die nuwe orde beliggaam word wat op grond van Christus se soenverdienste sowel indikatief as imperatief vir God se volk is; *mense* wat deur God in 'n nuwe regsgemeenskap saamgeroep en saamgevoeg word waarin sy reg bepalend vir hulle lewenswyse is. Die kerk is as 'n vergadering/gemeenskap wat deur God byeengeroep is die vergestaltung van én sy verbond met sy volk én sy koninkryk vir sy volk. As sodanig is die kerk⁷⁾ self die nuwe, herskape mensheid wat hier nog in die sondebedeling leef, maar wat reeds die sekerheid van hulle verlossing beleef (kyk (3.2.2.1 en 3.2.2.3)).

Die kerk vertoon nie die karaktertrekke van 'n vrywillige organisasie waarby mense na eie beliewe aansluit en wat volgens meerderheidsvoorkeure georganiseer en bestuur word nie. Die konstitutiële element van die kerk is die roeping van Godswêë en derhalwe die geloof in Hom wat deur Hom geskenk word (vgl. Gassmann 1968:45). Die uitverkiesing lê fundamenteel ten grondslag aan die kerk: God bepaal self die grense van sy kerk binne die volle tydspan van die begin tot die einde toe (EK, Son 21). Dit impliseer egter nie dat die kerk in hierdie bedeling die volmaakte saailand sonder onkruid is nie (NGB, art. 29).

Die geroepenheid van die kerk, gesien as God se magtige verlossende uitroep in die geskiedenis, kry die nadruklike betekenis van 'n herskeppingsdaad. In Christus word die nuwe mensheid uit die chaos van wanorde, ongehoorsaamheid, eiewillige donkerte en dood geroep tot die orde van die gemeenskap met God en met mekaar. Die kerk is die herskepping wat in die verbond (die herstelde verhouding tussen God en die geroepenes) gerealiseer word. Maar die kerk is ook die spitspunt van God se koninkryk waarin sy heerskappy

reëel sigbaar word (kyk 3.2.2.1 en 3.2.2.3)

Beide die betekenisaspekte van die verbond en die koninkryk in die kerkbegrip verteenwoordig die oorwinning oor Satan en die vernietiging van die magte van onreg en wanorde. Derhalwe verklaar die twee betekenisaspekte die institutêre bestaan van die kerk⁸⁾, die noodsaak dat die saamgeroeptes georganiseer moet word rondom die bediening van die Woord, sakramente en tug. Terselfdertyd is dit ook uit hierdie twee betekenisaspekte duidelik dat nie 'n menslike gekonstrueerde regsorde vir die kerk mag geld nie, maar God se reg en sý orde. Hoewel die kerk nie anders kan as om institutêr te bestaan nie, mag dit nie deur mense verinstitutionaliseer word nie. Daar moet steeds in gedagte gehou word dat die kerk nie 'n *struktuur* is nie, maar *mense* "wat hulle hele saligheid in Jesus Christus verwag en gewas is deur sy bloed, geheilig en verseël deur die Heilige Gees" (NGB, art. 27). Derhalwe gaan dit in die kerk primêr om die goddelike heerskappy waarin God se reg en geregtigheid binne die kader van sy orde vir die kerk beslag kry (NGB, art. 28,29; Van'tSpijker 1984:213-218).

Ook die betekenisaspek van die kerk as liggaam van Christus dui op die noodwendigheid van God se heerskappy in die kerk. Die kerngedagte van die kwalifikasie van die kerk as liggaam van Christus is daarin geleë dat die volk van God sy volle lewensbestaan binne 'n veelvuldig geskakeerde historiese spektrum slegs in Christus het - en dit derhalwe ook slegs déúr Hom het. Hierdie lewensbestaan van die volk van God realiseer binne die heilshistoriese gegewe van 'toebehoort tot' en 'verteenwoordig word in': so kom die 'vele' tot volheid (πλήρωμα) in die 'Een'. Die 'liggaam van Christus' is derhalwe die Christologiese konsentraat van 'God se volk', soos dit ook in die Hoof-wees van Christus opgeslote lê, waardeur sy heerskappy uitgedruk word. In die Hoof-liggaam-beeld word die heilshistoriese en pneumatiese

heerskappy van God oor sy geroepe volk in Christus gegrond (kyk 3.2.2.3; vgl. Ridderbos 1971:439,441). Waar menslike heerskappy die kerk binnedring, en die mens die bepaler en bedienaar van die reg en die orde in die kerk word, word die liggaam nie slegs beroof nie, hy word onthoof. Dat Gód se reg en geregtigheid in die kerk moet heers en dat sý orde in die kerk gehandhaaf en beveilig moet word, is van belang vir die wese van die kerk. Kragtens sy wese tender die kerk na God se reg en orde.

Daarom is dit belangrik dat hierdie studie verder ontplooi deur God se reg en orde vir sy kerk asook kerkreg en kerkorde in die lig daarvan, te ondersoek.

3.3 GOD SE REG (EN GERECHTIGHEID) VIR SY KERK

3.3.1 *Inleiding*

Vanweë die onlosmaaklike band tussen God se reg en sy geregtigheid, word hierdie begrippe in samehang met mekaar, en merendeels as 'n eenheid geëvalueer. En omdat dit in die studie om God se reg en geregtigheid *vir sy kerk* gaan, word die betekenisaspekte van die begrip(pe) spesifiek met betrekking tot die kerk geëvalueer¹⁾.

'Reg' en 'geregtigheid' is omvangryke begrippe, maar vir die doel van die studie word die begrippe slegs uit die Skriftekste waarby YHWH direk betrek is, ontleed. Die kernwoorde vir die begrippe 'reg' en 'geregtigheid' is in die Ou Testament: *tsedheq*, *ts^edhāqāh* (beide met die woordstam *ts-dh-q*) en *mish^epāt* (met die woordstam *sh-p-t*). Uit 'n na-verwante betekenisveld is die woord *dhîn* ('om te oordeel', 'om reg te verskaf') ook vir die bepaling van die betekeniswaarde van die ter sprake begrippe van belang. Die woorde uit die Nuwe Testament vir hierdie begrippe is die variante *δικαιοσύνη* en *δίκαιος*.

In die evaluering van die betekenis van 'God se reg en geregtigheid' in sowel die Ou- as die Nuwe Testament volg ek die aangeduide metode (kyk 3.1) waarin die betekenis van die begrippe eers leksikologies weergegee word en dan kontekstueel nagespeur word. Die tekste wat geëvalueer word, is 'n seleksie uit dié waaruit 'God se reg en geregtigheid' met betrekking tot sy volk (kerk) die duidelikste spreek.

3.3.2 *In die Ou Testament*

3.3.2.1 Leksikologiese betekenis

3.3.2.1.1 Tsedheq

Tsedheq kom van die werkwoordstam ts-dh-q wat 'om die waarheid te praat', of 'om regverdig te wees' beteken. As 'n selfstandige naamwoord funksioneer die betekenis van "what is right, just, normal" (bv. Jes 1:21) en "righteousness, justice in a case or course" (bv. Job 6:29;8:6;29:14) dominant in tsedheq (Brown-Driver-Briggs 1979:841).

Leksikologies gesproke beteken tsedheq 'dit wat reg is' in die sin van 'dit wat genormaliseer is', dit wat dus herlei is na 'die regte, normale ding' toe (Lv 19:36; Dt 25:15;33:19; Ps 4:6;51:21; Job 8:6;31:6).

Semanties gesproke bevat die betekenissubstraat van tsedheq 'n sterk juridiese inslag(hierby word ook ts^edhāqāh en mish^epāt ingesluit) (Du Plessis 1978: 163; vgl. Dt 16:20; Jes 1:21, 26;11:5;16:5;26:9v;45:8;51:1,7;64:5; Sf 2:3; Ps 15:2;35:27;37:6;52:5;58:28;9:15;97:2;98:9;119:142,144,172; Job 8:3).

Hierdie "juridiese inslag" moet egter nie los van sy Ou Testamentiese "Umwelt" gesien word nie: dit is 'n juridiek wat nooit buite-om die bepaler van die reg, naamlik YHWH verstaan kan word nie; die regsverhouding tussen God en mens vorm in die Ou Testament die eksplisiete of implisiete regsagtergrond van enige regshandeling in die Ou Testament. In die lig hiervan funksioneer die gedagte van 'oorwinning' dominant in die juridiese betekenissubstraat van tsedheq: wie oorwin, spesifiek ook in 'n regsgeding, wie dus in die gelyk gestel word, word 'regverdig' verklaar (Böhl 1919:113). 'n Persoon is 'regverdig' (tsid^eqāh(pi'āl perfektum); nits^edaq (nif'al perfektum); hits^e-dîqu (hif'îl perfektum)) (Koehler-Baumgartner 1958:794) in die geval van "Normgemässheit", naamlik wanneer sy gedrag, of die toestand waarin hy ver-

keer, met 'n bepaalde norm/reël ooreenstem (Bouwman 1899:38). Hieruit kan afgelei word dat tsedheq se betekenissubstraat normatief bepaal is: iets of iemand (die selfstandige naamwoord word ten aansien van persone én sake gebruik (Bouwman 1899:46)) wat is soos dit *behoort* te wees, is 'reg' of 'reg-verdig'. Voorts word 'reg' geheel en al deur die waarheid beheers: dit wat *waar* en *betroubaar* is, is 'reg' (Jes 45:19; Pred 8:8; Ps 23:3; Koehler-Baumgartner 1958:794).

Met betrekking tot YHWH bied tsedheq se betekenisveld 'n belangrike weerspieëling van sekere van sy eienskappe soos dit in sy verbond kenbaar word, byvoorbeeld sy *trou* (Ps 7:18; 35:24, 28; 65:6), sy *genade*, ensovoort (Jes 42:6, 21; 45:13) (Koehler-Baumgartner 1958:794v).

3.3.2.1.2 Ts^edhāqāh

Ts^edhāqāh kom eweneens van die werkwoordstam ts-dh-q. Die volgende betekenisaspekte kom in mindere óf meerdere prominensie in alle gebruike van die woord voor: "righteousness, executive justice" (Gn 15:6; "God's attribute as Sovereign" (Dt 33:21; 2 Sm 19:29) (Brown-Driver-Briggs 1979:842); 'volgens die regte wyse van optrede', "fairness in behaviour" (Gn 30:33; 1 Sm 26:23; 1 Kon 3:6; 2 Kron 6:23); 'met eerlikheid' (Jes 48:1; Jr 4:2); 'met betroubaarheid' (Jes 45:23).

YHWH se ts^edhāqāh is as't ware sy tsedheq in toepassing. Die klem val hier op die handeling. Die konklusie kan gemaak word dat die Here se geregtigheid die funksionering van sy reg behels, of sterker gestel: die Here se geregtigheid is sy 'regskeppende daade' (1 Sam 12:7; Jes 45:24; Mg 6:5; Ps 103:6; Dn 9:16) (Koehler-Baumgartner 1958:795).

3.3.2.1.3 Mish^epāt

Mish^epāt kom van die stam sh-p-t met die betekenisaspekte: "Judgement";

"ordinance promulgated by sofet" (1 Sm 8:9,11) "proper fitting measure" (1 Kon 5:8); "custom" (Gn 40:13; Eks 21:9) (Brown-Driver-Briggs 1979:1048).

Mish^epāt dra die betekenis van sowel 'heers' as 'regspreek', met die konnotasie dat ook die regsoordeel van die heerser in die woord vervat is (Sf 2:3; Ml 2:17; Ps 50:6; Jes 58:2; Nm 27:21; Gn 18:19,25; Jr 7:5) en dat 'die reg' daarin moet funksioneer (Dt 16:18;25:1; Jes 1:17; Jer 21:12; 1 Kon 3:28) Fensham (1959:17) het 'n studie van die stam sh-p-t in die Ugaritiese, Akadiese en Feniciese literatuur gemaak waarin hy tot die gevolgtrekking kom dat dié woordstam deur die westerse semiete gebruik is in die betekenis "to judge" en "to govern".

Op die gebied van die juridiese reg dra mish^epāt ook die betekenis van 'vasstaande bepaling', 'die formele reël waarvan nie afgewyk moet word nie' (Eks 21:1; Ps 19:10; Lv 18:4; Jes 26:8; Ps 18:23; Ps 105:5; 1 Kron 16:12) (Koehler-Baumgartner 1958:579; Pop 1980:420). Hieruit kan die afleiding gemaak word dat mish^epāt 'n sterk betekeniswaarde van 'norm' in die sin van 'regsnorm' in hom omdra.

Meermale word YHWH se reg gelykgestel en selfs geïdentifiseer met die wet wat Hy gegee het (Eks 21:1;24:5; Lv 18:4; 19:37;20:22; Dt 33:10; Ps 19:10; 119:37). In dié sin bevat die mish^epāt van YHWH die onmiskenbare betekeniswaarde van 'reg ooreenkomstig 'n bepaalde norm' en selfs 'reg as 'n bepaalde norm'. As sodanig is mish^epāt normerend vir tsedheq en ts^edhāqāh. Tsedheq en ts^edhāqāh het die samevattende betekenis lading om ooreenkomstig die mish^epāt te handel (Dronkert 1960:587). Die direkte kombinasie van mish^epāt en ts^edhāqāh/tsedheq - wat volgens Uys (1967:3) twee en twintig keer in die Ou Testament voorkom - dui kontekstueel pertinent op mish^epāt se normerende betekeniswaarde. Die wydste reikwydte van die kombinasie van mish^epāt met ts^edhāqāh/tsedheq lê sekerlik in die bevinding van Liedke (1976:1005) dat

mish^epāt die fundamentele betekenis van "Bereich" in hom omdra - met die implikasie van die *regte* 'gebied', 'sfeer' waarin die ts^edhāqāh/tsedheq voltrek word.

Voorts kan in mish^epāt ook die betekenisaspekte van 'reg', of 'die reg' met nuanseringe van 'beslissing' (Eks 28:15), 'insetting' (Nm 27:11), 'strafge-
rig' (Jes 4:4;28:6;30:18; Es 23:24) en 'oordeel' (Hs 5:11;10:4) afgelees word (Uys 1967:32).

3.3.2.1.4 Dhîn

Dhîn het as werkwoord die betekenis "to judge, executive judgement, requite, govern" (Brown-Driver-Briggs 1979:192); "Gericht halten über, zur Verantwortung ziehen" (waar YHWH die handelende party is: Gn 15:14; 1 Sm 2:10; Jes 3:13; Ps 50:4); "Recht schaffen" in die betekenis van "plead one's cause" (Gn 49:16; Jes 3:13; Sg 3:7; Ps 27:2; waar YHWH die handelende party is: Gn 30:6; Dt 32:36; Ps 54:3;96:10;135:14). (Koehler-Baumgartner 1958:208).

As selfstandige naamwoord het dhîn die pertinente betekenisaspekte van 'uitspraak', 'pleitrede', 'veroordeling' (Brown-Driver-Briggs 1979:192); "Rechtsanspruch" (Dt 17:8; Jes 10:2; Jr 5:28; 22:16;30:13; Ps 9:5;140:13), "Rechtsstreit", "Rechtsfrage" (Job 35:14;36:17), "Rechtsspruch", "Urteil" (Ps 76:9 Job 36:17), en selfs 'regterstoel', of 'troon van oordeel' (Koehler-Baumgartner 1958:208).

3.3.2.2. Kontekstuele betekenisaspekte

3.3.2.2.1 Oriëntering

Die behandelde begrippe waarin 'God se reg en geregtigheid vir sy kerk' verteenwoordig word, se samehang met mekaar kan oorsigtelik soos volg verwoord word: mish^epāt verteenwoordig die *regsnorm*; tsedheq verteenwoor-

woordig die *ooreenstemming* van 'n handeling met die regsnorm; ts^edhāqāh verteenwoordig op 'n konkrete wyse die *handeling* wat met die regsnorm ooreenstem (Van Gelderen & Gispén 1953:65v). Dhîn bring as werkwoord die handeling in ooreenstemming met die regsnorm (kyk 3.2.2.1.4).

Met betrekking tot YHWH weerspieël hierdie begrippe bepaalde (regs)*eienskappe* van Hom, sy (regs)*handelinge* en die resultaat van sy handelinge as sy 'regskeppende dade' kragtens sy eienskappe, naamlik die *lewensfeer* wat Hy tot stand bring. Hierdie lewensfeer is normatief bepaal, want daarin word YHWH se reg en geregtigheid ten aansien van sy verbondskind voltrek.

Dié verkreeë insigte uit die leksikologiese weergawe van die betekenis van die begrippe 'reg en geregtigheid' word verder in hierdie ondersoek as die sleutel om die betekenis van God se reg en geregtigheid vir sy kerk kontekstueel na te vors, gebruik.

3.3.2.2.2 Reg en geregtigheid as eienskappe van YHWH

3.3.2.2.2.1 Betroubaarheid

Die betekenisaspek van 'betroubaarheid' funksioneer eksplisiet in YHWH se reg en geregtigheid. In Jesaja 45:23,24 kom sy geregtigheid (ts^edhāqāh) byvoorbeeld in die konteks van onherroeplikheid voor: 'iets onbedrieglik en vasstaande', en bowendien iets wat nie onervuld sal bly nie (Ridderbos 1972:104). Die volkome betroubaarheid van sy regshandelinge spruit uit sy wese: Hy is God en daar is geen ander nie! (Jes 45:21v). Hy sweer by Homself, dit wil sê Hy beroep Hom vir sy betroubaarheid op Homself as die hoogste moontlike gesag (Jes 45:23). Vanweë die volkome betroubaarheid van sy ts^edhāqāh staan dit vas dat Hy 'die wêreldorde' tot stand bring wat Hy beoog: die waaragtige wêreld wat allereers in die erkenning

van die enigste God bestaan (Beuken 1979:255).

Omdat YHWH die reg as norm (*mish^epāt*) en die daardeur ontstane regsorde liefhet (bv. Job 8:3), kan dit nie anders nie dat sy geregtigheid (*tsedheq*: waaronder die etiese regs konnotasie hier sterk in die fokus van die betekenisveld kom) as volkome betroubaar geag moet word nie. Vanweë die feit dat sy geregtigheid deel van sy Wese is, word die geregtigheidsbegrippe in Job 8:3 aan die Almagsname van God gekoppel ('ēl ("God") en 'im-shadai (Almagtige)) (Kroeze 1961:117). Vanweë die ontsagwekkende majesteit van God (bv. Job 37:22) as Almagtige, vind die mens Hom nie uit eie kragte nie, maar Hy openbaar Homself in sy 'unieke geregtigheidsbetonings' as dié Betroubare (Verbondsgod) (vgl. Jes 45:24) deurdat Hy die regsnorm (*mish^epāt*) en alle regshandelinge (*w^erob-ts^edhāqāh*: "die volheid van geregtigheid" (Die Bybel, 1933-Vertaling)) nooit krenk nie (Job 37:23: Kroeze 1961:415v).

3.3.2.2.2.2 Getrouheid

Die betekenisaspekte van 'getrouheid' en 'betroubaarheid' in YHWH se reg en geregtigheid lê vlak langs mekaar. Beide bring Hy tot openbaring en handhaaf Hy deur sy verbond. Sy verbondstrou kom "voor die oë van die nasies" tot openbaring (Ps 98:2) deur sy geregtigheid wat Hy in *liefdestrou* teenoor sy volk tot uitdrukking laat kom (De Liagre Böhl-Gemser II 1968: 104v). In Psalm 116:5 bevat die adjektief *tsadîq* juis ook die betekenisaspek van YHWH se *heilstrou* wat Hy by wyse van sy genadeverbond tot uiting bring (Kraus II 1966:795). Die kontekstuele verband tussen YHWH se goedheid ("*tūb^ekā*") en sy geregtigheid ("*tsidheqātnekā*") (bv. Psalm 145:7) bevestig ook pertinent die betekenisaspek van verbondstrou wat in YHWH se *tsadîq* (kyk ook Ps 145:17) tot uitdrukking kom (De Liagre Böhl-Gemser III 1968:216; Kraus II 1966:947).

In Psalm 85:11 word die volgende parallelle begrippe gepersonifiseer : chesedh ("goedertierenheid": solidariteit, gemeenskapsplig en verbondenheid), 'e^emeth ("trou": vastigheid, betroubaarheid, getrouheid), tsedheq en shālôm (volkome vrede, welsyn, stabilisering van verhoudinge): "Goedertierenheid en trou ontmoet mekaar; geregtigheid en vrede kus mekaar". Deur tsedheq met parallelle begrippe te omring waarin lojaliteit en getrouheid tot uitdrukking kom, word die betekenisaspek van 'getrouheid' in YHWH se geregtigheid versterk (vgl. Robbertze 1972:19). Ook in Jesaja 42:3 en 61:8 word mish^epāt op so 'n wyse in konteks met 'e^emeth gestel dat die getrouheidsbetekenisaspek in YHWH se geregtigheid daardeur beklemtoon word (vgl. Ridderbos 1972:66,231). Dit blyk dat 'e^emeth 'n sterk aktiverende bydrae in die betekenisveld van tsedheq/ ts^edhāqāh lewer (kyk ook Sg 8:8).

Die effek van beklemtoning van die betekenisaspek van 'getrouheid' in YHWH se geregtigheid word ook uit 'n teenstellende hoek verkry waar byvoorbeeld YHWH se geregtigheid met die volk se ontrou (bv.Dn 9:7) en sy trou met onreg (Dt 32:4) gekontekstueer word.

Jesaja 42:21 is nog een van talle sprekende voorbeelde waarin die betekenisaspek van 'getrouheid' in YHWH se geregtigheid beklemtoon word: " ... waardoor Hij aan Israel al datgene schenkt waarop Hij hun recht gaf door het verbond ..." (Ridderbos 1972:76).

3.3.2.2.2.3 Regverdigheid

'n Vanselfsprekende betekenissubstraat in YHWH se reg en geregtigheid is sy *regverdigheid* (vgl. 1 Sm 12:7; Mg 6:5; Dn 9:16; Sf 3:5; Ps 129:4; Jr 12:1). Hierdie eienskap van tsadîq word aan Yhwh toegeskryf op grond van sy "volmaakte verordeninge" (vgl. Ps 119:137: Robbertze 1972:28; vgl. ook Ps 19:10; 119:7, 106). Omdat YHWH se vyande nie aan sy verordeninge be-

antwoord nie, trouens hulle nie daaraan steur nie, is Hy *regverdig* as Hy hulle in die gerig bring (Rgt 5:11b; Goslinga 1966:107v). Maar Hy is *regverdig* teenoor sy solk deur sy guns aan hulle te betoon (Jes 45:19; Ridderbos 1972:101v) en dáárom gehoorsaamheid van hulle te eis (bv. Dt 11:4-25; Jr 4:1-4; Am 5:6; Mg 6:8; ensovoort). Vanweë YHWH se regverdigheid word in die volk se gehoorsaamheid aan Hom vir hulle geregtigheid geskenk: "En dit sal geregtigheid vir ons wees as ons sorgvuldig al hierdie gebooie hou voor die aangesig van die Here onse God soos Hy ons beveel het" (Dt 6:25). Wanneer hulle nie sy verordeninge onderhou nie kom sy regverdigheid daarin tot uiting dat Hy hulle tug (Klg 1:18; Aalders 1952:38).

YHWH openbaar Hom as die Hoogste Regter op wie 'n aangeklaagde hom mag beroep. By Hom is volkome regverdigheid te vinde. In Psalm 7 (vgl. veral v. 12) vlug die psalmis na die tempel waar hy hom juis op YHWH beroep. Hy verbly hom in die regspraak van YHWH, nie omdat hy sonder sonde is nie, maar vanweë die verbondsbetrekking waarin hy teenoor YHWH staan. YHWH se *tsadiq* bring sy volkome regverdigheid tot uitdrukking (Ps 7:12), juis ten opsigte van sy regspraak waarin Hy die skuldige party straf en die onskuldige party (dit wil sê die wat lojaal gebly het aan die verbond) verlossing, seën en heil skenk (Robbertze 1972:25v; vgl. Jr 9:24; Calvyn 1980: 365v). Dieselfde regverdigheidsbegrip ten aansien van God as Regter kom in Psalm 9:5 voor: "Want U het my reg en my regsak behandel; U het gaan sit op die troon, o regverdige regter!" Vir die bondeling (hier die psalmis) wie sy vertrou op YHWH stel, beteken YHWH se regverdigheid in die regsak redding en vreugde (Robbertze 1972:27).

Dit is ook opvallend dat YHWH sy regverdigheid juis aan die onderdrukte openbaar - by wyse van sy ontferminge (vgl. bv. Ps 116:5; Robbertze 1972:27). Dit is die hulpbehoewende en geringe, die 'underdog' wat veral die helpende

en vertroostende betekenisaspek van YHWH se regverdigheid ervaar. En die eintlike 'underdog' wat van sy hulp lééf, is sy volk: die ou Israel én die nuwe Israel (Van Ruler IV 1972:43v).

3.3.2.2.2.4 Goedertierenheid (liefde)

Soms word chesedh as 'n supplementêre begrip van mish^epāt en tsedheq gebruik, soos byvoorbeeld in Jeremia 9:24 " ... dat Ek die Here is wat goedertierenheid (chesedh), reg (mish^epāt) en geregtigheid (ts^edhāqāh) op die aarde doen ..."

Chesedh kom twee honderd vyf en veertig keer in die Ou Testament voor. Hierdie woord gee liefde in terme van getrouheid aan 'n eis, 'n norm weer (Quell 1978:175, voetnoot 3) Die betekenis hiervan is 'liefdestrou, on-danks ...' Of die liefde òf verdien òf verwag word, is nie ter sake nie. Waar chesedh in verband met YHWH gebruik word, word sy diepe verbondenheid aan sy volk weergegee, buite-om die eis van wederkerige liefde. Vertalers het getrag om reg aan hierdie woord te laat geskied met vertalings soos "loyalty", "covenant loyalty", "loving kindness" (AV,RV), "steadfast love" (RSV), "unfailing devotion" (NEB), "kindness" (Jerusalem Bible), "merciful love", "mercy" (AV) (Thompson 1981:319). In die 1933- Afrikaanse Vertaling is chesedh met "goedertierenheid" vertaal.

YHWH se reg en geregtigheid weerspieël die betekeniswaarde van chesedh, daarom is dit nie daarop ingestel om " ... aan een ieder het rechtvaardige loon terug (te) betalen, - maar strekt zich verder uit, wanneer het namelijk genomen wordt voor trouw" aan sy bondsvolk. Supplementêr tot sy goedertierenheid dui sy reg en geregtigheid op sy volmaakte heerskappy waardeur Hy sy volk nooit verlaat nie en tydig te hulp kom, en waardeur Hy hom teen die goddeloses stel, ellendiges help en die wat onregverdig verdruk word, bevry

(Jr 9:24: Calvin OC 38:50-53).

Dat YHWH se reg en geregtigheid ten aansien van sy volk binne die kader van sy troue liefde begryp moet word, spreek ook duidelik uit dieselfde supplementêre gebruik van mish^epāt, ts^edhāqāh en chesedh in Hosea 2:18. Sý reg beteken dat Hy vīr sy verbondsvolk kant kies (vgl. Van Gelderen & Gispen 1953: 65v). Trouens, YHWH wag "met ongeduld" daarop om aan sy volk genade te betoon, want Hy is "h God van die gerig"(!)(Jes 30:18). Hieruit blyk dat "die gerig" vir die wat aan die verbond trou bly (met ander woorde : sy ware volk) 'n 'genadegerig' is (Ridderbos 1970:215). Die reg en geregtigheid wat YHWH volgens Psalm 33:5 liefhet, is h reg en geregtigheid wat in sy goddelike goedertierenheid tot sy volk spreek.

3.3.2.2.2.5 Barmhartigheid (ontferming)

Dat die betekeniswaarde van barmhartigheid en ontferming pertinent in YHWH se reg en geregtigheid figureer, het by implikasie reeds duidelik geword (kyk onder 3.3.2.2.2.4 die bespreking van Jr 9:24, Hs 2:18 en Jes 30:18).

Hoewel die donker betekenis-skakering van oordeel en gerig in YHWH se ts^edhāqāh voorkom, kom ook h helder betekenis-skakering van regherstelling daarin na vore, só dat YHWH se 'gerig' vir sy volk h 'genadegerig' word (kyk onder 3.3.2.2.2.4 Jes 30:18: Ridderbos 1970:215). Die helder skakering oorheers die donker skakering in so h mate dat YHWH se geregtigheid duidelik in verband met sy 'barmhartigheid' gebring moet word (Vriezen 1966:333). Daarom kan Jager (1968:43) opmerk dat in die tekste oor God se geregtigheid byna nooit aan sy straffende of wrekende geregtigheid gedink word nie, maar byna altyd aan die deug van God waardeur Hy sy volk uit die benoudheid verlos of die sonde vergewe.

Trouens, in die Ou Testament word YHWH *par excellence* as die beskermmer van die swakke beskryf (Uys 1967:202), byvoorbeeld Psalm 103:6: "Die Here doen geregtigheid (dade van geregtigheid) en reg (gerigsoefeninge) aan almal wat verdruk word". Hier kom die betekenisaspek van barmhartigheid in YHWH se reg en geregtigheid uitdruklik uit die konteks na vore (vgl. Ridderbos 1958:480).

3.3.2.2.3 Reg en geregtigheid in die handeling van YHWH

3.3.2.2.3.1 Heil (redding, verlossing, genade)

YHWH se handeling met Israel weerspieël sy *ts^edhāqāh* (Rgt 5:11; 1 Sm 12:7; Mg 6:5; Ps 103:6; Dn 9:16): "A *tsadîq* God, and therefore a Saviour" (Payne 1968:682). Uit die verband word in genoemde tekste op heilsdade gewys waar- deur YHWH Israel help en die saak van sy volk besleg (Bouwman 1899:52v).

In Jesaja 1:27 kom YHWH se geregtigheid teenoor sy volk tot openbaring deurdat die sondaars onder hulle gestraf word. Deur die sonde onder die volk as't ware 'uit te brand', word 'n nuwe volk tot stand gebring wat van die mag van die sonde bevry is: "Sion sal deur strafgerig verlos word en die van hom wat terugkeer, deur geregtigheid" (Jes 1:27: vgl. J. Ridderbos 1970:31). hierdie wyse kondig YHWH se gerig vir die wat trou aan die verbond gebly het, verlossing aan (Jes 30:18: J. Ridderbos 1970:215).

In Jesaja 42:1 word *mish^epāt* uit die konteks (Jes 42:1-7 deur heil gekwali- fiseer: "Daar is my kneg (*ʿab^edî*) ... Hy sal die reg (*mish^epāt*) na die nasies uitbring". *Mish^epāt* fokus op die verlossing wat deur die Kneg bemoontlik word (vgl. Ridderbos 1972:64v). Eweso word *mish^epāt* in Jesaja 49:4 vir die heil wat alleen van YHWH kom, gebruik. Parallel met die begrip "loon" word "reg" hier 'n genadereg, 'n heilsreg (vgl. Ridderbos 1972:122).

In Jesaja 51:4b-5 bevestig YHWH self wat Hy in 42:1-4 en in 49:1-6 deur die Knecht laat weet het. Daar gaan naamlik 'n nuwe bestel van Hom uit, waarin Israel en die volke gelyklik hulle redding en oorwinning sal ervaar in 'n regsorde wat op sy lering gebaseer is (Beuken 1983:115). Op tipies semi-tiese wyse word hierdie groot gebeure nie gedefinieer nie, maar deur kernbegrippe wat mekaar aanvul, omskryf: 'lering' ("Wet": *thôrah*); 'regsaak' ("reg": *mishpāt*); 'geregtigheid' ("oorwinning": *tsedheq*); 'redding' ("heil": *yēsha'*) (Beuken 1983:113). Hier word "heil" supplementêr met "reg" en "oorwinning" gebruik - waardeur die betekeniswaarde van redding, verlossing, genade pertinent in YHWH se *tsedheq* geaktiveer word (kyk ook Jes 41:2,10; 42:6; 45:8; 58:2: vgl. Ridderbos 1972:140).

Om die ritme van 'geregtigheid' en 'verlossing' as die kenmerkende van YHWH se handelinge met sy volk te beklemtoon, word "geregtigheid" parallel met "verlos" in Jesaja 63:1 gebruik (vgl. Ridderbos 1972:237). Die verlossingsmotief loop so sterk deur die geregtigheidshandelinge van YHWH ten aansien van sy volk dat Hy dit selfs aan sy Naam, dit is aan sy wese, koppel: die verlossing van sy volk verbind Hy aan die Naam "YHWH *tsidheqenû*" ("Die Here ons geregtigheid") (Jr 23:6; 33:16: vgl. Aalders 1970: 245v). Uiteindelik trek YHWH se geregtigheid saam in die plekbekledende strafgerig wat op die Messias neerkom, en word as 'heilsgeregtigheid' vervul (vgl. Ml 4:2 : Laetsch 1970:544).

In die Psalms word *ts'edhāqāh* dikwels in die betekenisfeer van 'heil' tuisgebring (Ps 7:18; 35:28; 40:10; 119:123 : vgl. Bouwman 1899:48). In Psalm 98:2 sien die nasies YHWH as die groot koning (vgl. v.6) wie se geregtigheid daarin tot uitdrukking kom dat Hy tot die redding van sy volk kom (óók in 'n eskatologiese sin (v. 9)): "Die Here het sy heil bekend gemaak, sy geregtigheid voor die oë van die nasies geopenbaar". Hier lui die be-

tekenisaspekte van heil, redding, verlossing en genade luid en helder bo-
kant die koningsheerskappy van YHWH sowel as die juridiese ondertoon in sy
geregtigheid (Robbertze 1972:8v).

In Psalm 99:4 voer die heilsbetekenis in YHWH se handeling van reg en ge-
regtigheid die botoon deurdat YHWH telkens die reg in die lewe van sy volk
herstel ooreenkomstig die beginsels en wette wat Hyself gestel het (De
Liagre Böhl-Gemser III 1968:106). Soos wat in Psalm 48 die heil van YHWH
se volk (v.11) tot uitdrukking kom in sy gerig oor die goddeloses (Kraus I
1966:356-359), so kom in Psalm 85:11,12 en 14 die goddelike heil in YHWH
se handeling in die natuur, naamlik in reën en natuurverskynsels, tot
uiting: "Heaven and earth meet in the proceedings of the cultic ritual,
just as the sun shines down from the sky and draws forth new budding life
from the earth, so the 'righteousness' of God (this term embraces the saving
will of God in all its aspects) evokes the faithfulness and the faith of
men" (Weiser 1965:574).

YHWH se heilsdade word eksplisiet in terme van sy geregtigheid besing;
trouens, in alles wat YHWH doen kom sy verbonds- en heilstrou as sy gereg-
tigheid teenoor sy volk tot openbaring (Kraus II 1966:768; Weiser 1965:699).

3.3.2.2.3.2 Heerskappy

Uit die Ugaritiese, Akkadiese en Feniciese literatuur is dit duidelik dat
die oorspronklike betekenis van die woord mish^epāt voorkom: "... in the
meaning 'to judge' and 'to govern'. This meaning can be attested from the
earliest to the latest material" (Fensham 1959:17). Derhalwe is dit te
begryp dat daar 'n sterk, eksplisiete ondertoon van YHWH se heerskappy in
terme van sy reg en geregtigheid voorkom. So word die Messiasheerskappy

byvoorbeeld in Jesaja 9:5 en 6 deur mish^epāt en ts^edhāqāh gekwalifiseer: "... want dit is het schoonste in heel zijn heerschappij, dat Hy regeert naar deze door God gestelde norm ... Daardoor strekt zijn koningschap Gode tot eer en het volk tot heil; en zo heeft het een eeuwig bestand" (J. Ridderbos 1970:80).

Tsedheq en mish^epāt is die grondslag van YHWH se regering; trouens, sy heerskappy kom juis by wyse van sy tsedheq en sy mish^epāt tot uitdrukking (Ps 89:15: vgl. Kraus II 1966:620; De Liagre Böhl-Gemser I 1968:161; kyk ook Ps 97:2: " ... geregtigheid en reg is die grondslag van sy troon"). "Die ganze geschaffene Welt wird durch das gerechte Gericht Jahwes regiert" (Kraus II 1966:677 t.o.v. Ps 98:2: "Die Here het sy heil bekend gemaak, sy geregtigheid voor die oë van die nasies geopenbaar").

YHWH se heerskappy kom ewe eksplisiet in sy reg en geregtigheid tot openbaring in Psalm 98:9: " ... Hv sal die wêreld rig in geregtigheid (b^etsedheq) en die volke met reg (b^emêshārîm)". Hiervolgens is sy reg en geregtigheid die wyse waarop Hy heerskappy voer.

Psalm 72 is 'n kroningslied vir koning Salomo. Dit is 'n gebed dat die koning deel aan YHWH se ts^edhāqāh mag kry sodat hy sy primêre regeringsfunksie só mag vervul dat YHWH se geregtigheid daardeur tot vergestaltung mag kom: " O God, gee aan die koning u regte en u geregtigheid aan die seun van die koning" (v.1) (vgl. Kraus I 1966: 495).

Waar die begrip 'heerskappy' nie in alle gevalle ewe eksplisiet in YHWH se reg en geregtigheid figureer nie, kom die betekeniswaarde daarvan wel kontekstueel in laasgenoemde begrippe tot uiting. Byvoorbeeld Jeremia 8:7: die trekvoëls weet instinktief wanneer dit tyd is vir hulle vertrek of hulle aankoms, maar YHWH se volk ken nie 'die reg van die Here' nie.

Hulle ken nie dit wat die Here verordineer en bepaal het nie, dit wil sê hulle ken nie sy openbaring en derhalwe sy (wyse van) heerskappy nie (Aalders 1970:113). 'n Ander voorbeeld: "Die Here is regverdig in al sy weë en goedgunstig in al sy werke" (Ps 145:17). Die uitdrukkings "sy weë" en "sy werke" waarin sy regverdigheid (tsadîq) en sy goedheid openbaar word, dui duidelik op sy heerskappy (De Liagre Böhl-Gemser III 1968:216; Kraus II 1966; 947).

3.3.2.2.3.3 Oorwinning

In Jesaja 51:5 het tsidh^eqî ook die betekeniswaarde van "my oorwinning" (Die Afrikaanse Bybelvertaling 1933; The New English Bible 1970). Die Afrikaanse Bybelvertaling 1983 beklemtoon hier die betekenisaspek van 'redding'. "Oorwinning wat in hierdie konteks uit die genoemde geregtigheidsbegrip straal, word deur die parallelle heilsbegrip dermate kontekstueel geaktiveer dat dit hier om heilsoorwinning in tsidh^eqî gaan en derhalwe in 'n sterk mate op 'redding', 'verlossing' neerkom (kyk ook Jes 41:2,10;42:6;45:8; 48:18; 58:2).

Die betekenisaspek van 'oorwinning' in YHWH se geregtigheid rus op die gedagte dat waar YHWH se reg triomfeer die verdrukking tot 'n einde kom en daar breek ware geluk aan (Ridderbos 1972:140).

Met redding gaan oorwinning gepaard. Die gereddene word in "oorwinnarsklere" getooi (bigh^edê - yeshaː: "klere van heil; m^eːîl ts^edhāqāh y^eːāṭānî: "my in die mantel van geregtigheid gewikkel") (Jes 61:10).

Die samehang van redding en oorwinning as betekenisaspekte in YHWH se ts^edhāqāh vir al die nasies (Jes 61:11) dui op die nuwe lewensorde wat in die Messias verwerklik word (Jes 61:10: Ridderbos 1972:232; Jes 51:4,5:

Beuken 1983:112-115). Ook in Psalm 98:2 word YHWH se "heil" en sy "geregtigheid" op so 'n wyse verbind, dat die klank van oorwinning in die komende Godsryk helder hoorbaar word (De Liagre Böhl - Gemser 1968:105).

3.3.2.2.3.4 Herstelling (normalisering, opheffing)

YHWH se reg en geregtigheid akkomodeer ook betekenisaspekte van die begrippe 'herstel', 'normaliseer' en 'ophef' in verskeie kontekste: sosiaal, wetlik, eties, religieus, ensovoort. Deurdat YHWH sy volk in 'n verbondsrelasie betrek, 'normaliseer' hulle hele lewe op elke spektrum daarvan, deurdat dit 'opgehef' word tot die vlak waar dit behoort te wees: die vlak van vrede met God vanweë toegewyde gehoorsaamheid aan sy heerskappy (vgl. Thompson 1981:320; Meurer 1972:45vv).

Uit Genesis 30:6 en Deuteronomium 32:36 blyk dat YHWH 'n gebroke, ontoereikende situasie tot die teenoorgestelde deur sy tshedeq verander. Deur sy reg herstel Hy die sondeverwonge werklikheid. Daarvoor stuur Hy sy Kneg, om mishēpāt te bring (Jes 42:1). Dit beteken nie dat sy Kneg soseer sal openbaar wat reg is nie, maar Hy word gestuur om 'n regsbeslissing uit te voer, waardeur 'n onregsbedeling genormaliseer word tot 'n bedeling waarin "rechtvaardige toestanden door zijn gezag realiseren" (Beuken 1979:111). Daarom is daar in YHWH se regverdige oordeel rede vir jubelende blydskap. Sy oordeel word byvoorbeeld in Psalm 96:11, 12, 13 uit die perspektief van opheffing en redding beskryf. Aan die wêreldnood sal sy gerig 'n einde maak. Vir sy volk is daar opheffing en herstel (Ridderbos 1958:445v). Dat die herstel, die opheffing en die normaliseringsaspekte van YHWH se reg en geregtigheid spesifiek op sy volk slaan, wys daarop dat hierdie betekenisaspekte van sy reg en geregtigheid binne die kader van sy verbond tot uitgang kom (Ps 135:14).

Tsadîq in die betekenis van *justitia distributiva* dui in Psalm 129:4 daarop dat YHWH die bewaarder van die reg is (Schmid 1968:148). Vanweë die optrede van die goddelose is die balans van reg en geregtigheid versteur. Deur sy reg normaliseer Hy die balans (Dahood 1970:23lv). Hy be- waar die balans deur die opheffing van sy volk wat uitgedruk word byvoor- beeld in terme van "bestendigheid van jou tye", "h rykdom van volle verlos- sing, van wysheid en kennis", "die vrees van die Here sal sy skat wees" (Jes 33:6 in konteks met mish^epāt en ts^edhāqāh in v.5).

Deur sterk nadruk daarop te lê dat die herstellende handelinge in YHWH se geregtigheid van Hom alleen uitgaan, word van die gewone woordvolgorde (die werkwoord staan in beginsel voorop) afgewyk in Jesaja 51:4b en 5b. In vers 5a word in drie verskillende sintipes (nominale sin, verbale sin met die perfektum, en saamgestelde nominale sin met die imperfektum) tot uitdrukking gebring dat hierdie goddelike inisiatief wat tans werk al eer- der h aanvang geneem het en tog ook in die toekoms voltrek sal word. As *geregtigheid* is die herstel naby, as *redding* het dit reeds te voorskyn getree, in die *regsaak* met die volke wag dit op die ontplooiing van God se mag (Beuken 1983:113).

3.3.2.2.3.5 Oordeel (regspraak)

YHWH se oordeel (dhîn: Gn 15:14; 1 Sm 2:10; Jes 3:13; Ps 50:4) loop op die begunstiging van sy volk uit. In die regsgeding oor sy volk staan Hy as't ware aan die kant van sy volk (Gn 30:6; Dt 32:36; Ps 54:3; 96:10; 135:14; vgl. Koehler-Baumgartner, 1958:208). YHWH ts^ebhā'ôth openbaar Hom mējesteit- lik heilig in sy oordeel en regspraak wat altyd in konteks met sy ver- lossingsgenade gesien moet word: dit is sy reg en geregtigheid (vgl. Jes 5:16 in konteks met v.26; Jes 59:17 in konteks met v.20).

In Psalm 7:12 is tsadîq die *nomen rectum* waardeur ^elohîm as *nomen regens* gekwalifiseer word. Hierdie *genitivus epexegeticus* druk 'n eienskap van God as regter uit, naamlik om in 'n regspraak regverdig te oordeel deur die skuldige party (wat nie aan Hom lojaal gebly het nie – anders gestel: die party aan wie se kant Hy nie is nie) te straf en die onskuldige party (wat aan die verbond lojaal gebly het – anders gestel: die party aan wie se kant Hy is) verlossing, seën en heil te skenk (Robbertze 1972:25v). Derhalwe is dit duidelik dat YHWH se geregtigheid tweërlei gebruik het: benewens sy tsedheq as die openbaring van redding vir sy volk, is dieselfde begrip ook sy straffende geregtigheid teenoor sy (en sy volk se) vyande. Sy regterhand is vol tsedheq (Ps 48:11) om Sion te red. Hy doen dae van verskrikking ter wille van die verlossing van Israel (Ps 65:6; 50:6). Maar Hy openbaar sy tsedheq ook om Israel op sy vyande te wreek (Jes 41:2,10; 51:5; 58:2). Die aardbewoners leer die tsedheq van YHWH ken wanneer sy gerig die aarde tref (Jes 26:9) (Bouwman 1899:48). As keersy van sy verbondstrou is tsedheq ook sy ywer teen Israel se vyande waardeur sy straffende geregtigheid aan die lig kom (Jes 1:27; 5:16; 10:22; 28:17; 59:16; 63:1; Mg 7:9) (Bouwman 1899:53). Terselfdertyd kom YHWH se geregtigheid vanselfsprekend ook by wyse van straffende oordeel teenoor die ontroue deel van Israel tot openbaring (Jes 10:22; 28:17; 1:27; 5:16) (Bouwman 1899:87-91).

YHWH se oordeel en regspraak (sy yish^epot) kom in terme van sy tsedheq en sy dhîn tot uitdrukking: "En Hy self sal die wêreld oordeel (yish^epot) in geregtigheid (b^etsedheq) en die volke vonnis (yādhîn) met reg (b^emêshārîm)" (Ps 9:9). En in terme van YHWH se geregtigheid kom die reddende sy van sy oordeel en sy regspraak eksplisiet in Psalm 96:13 na vore: "... want Hy kom om die aarde te oordeel; Hy sal die wêreld oordeel in geregtigheid en die volke in sy trou" (kyk ook Ps 98:9).

YHWH se koningskap word nie eensydig voorgehou as 'n *triomf oor* die volkere nie, maar dit is ook 'n *verlossing vir* die volkere. Deur sy gerig word daar 'n einde aan die nood van die wêreld gemaak (vgl. Jes 25:7; Ridderbos 1958: 445). Sy skepping en sy oordeel dien supplementêr één doel: die realisering van sy reg en geregtigheid in sy heilsplan (Weiser 1965:630; kyk ook Ps 50:6).

3.3.2.2.4 Reg en geregtigheid in die lewensfeer wat YHWH skep

3.3.2.2.4.1 Juridiese (heil)sfeer

In die Psalms kom YHWH se tshedeq dikwels ten aansien van 'n juridiese lewensfeer voor, waarin die heilaspek 'n beduidende substraat vorm (Ps 5:9;31:2; 36:7,11;48:11;71:2,15,16,19,24;96:13;99:4;103:17;119:137). Maar dit is by uitstek die boek Jesaja waarin die juridiese sfeer wat YHWH tot stand bring die nuwe bedeling van verlossing is. Dit is veral die nuwe bedeling waarin sy Gees op 'n nuwe wyse onder sy volk werksaam is (om sy reg te vestig). In hierdie verband kan Jesaja 32:15 vertaal word met " ... totdat die rûach bo ons onthul word (ontbloot word; uit sy verborgenheid te voorskyn kom)". Illustratief stel Jesaja 33:5: YHWH "woon in die hoogte; Hy het Sion vervul met reg en geregtigheid" (d.w.s. Hy onthul daar die Gees van reg en geregtigheid)(vgl. Jes 32:15: Snijders 1979:322).

Deur YHWH se ts^edhāqāh word 'n juridiese sfeer van heil geskep, 'n oord van vrede waarin die shālôm juis 'n gevolg van dié ts^edhāqāh is (Jes 32:16,17: Snijders 1979:322). Hierdie bedeling breek met die Kneg van YHWH aan van wie mish^epāt sal uitgaan (Jes 42:1) en deur wie die reg openbaar sal word (yōtsî' mish^epāt) (Jes 42:3b).

Die Kneg bring mish^epāt op die aarde, en hierin sal Hy nie gestuit word nie

(Jes 42:4). In Jesaja 42:4 beteken 'adh - yāsîm met die objek mish^epāt ' 'n wet uitvaardig', 'riglyne vasstel' ("die reg gegrond" in die Afrikaanse Vertaling 1933) (kyk ook Eks 15:25;21:1; Jos 24:25; 1 Sm 30:25). Derhalwe staan mish^epāt hier vir die inhoud van 'n nuwe regstoestand wat deur die Kneg gerealiseer word. Uit die parallellisme mish^epāt/tôrāh (Jes 42:4) blyk 'n nuwe aspek in die Kneg se taak. Hy is nie slegs 'n figuur wat met koninklike mag bekleed is om nuwe regsverhoudinge te bring nie, maar van Hom gaan ook tôrāh uit: 'n bindende aanwysing hoe die volke met God en met mekaar moet lewe. Hierdie nuwe lewensfeer bevat die juridiese elemente waardeur 'n toestand van shālôm verkry word. Derhalwe kan dit as 'n juridiese (heil)sfeer gekenskets word (Snijders 1979:116v).

YHWH kondig self die nuwe bedeling aan en op grond van sy Woord bring Hy daarin 'n nuwe 'wêreldorde' tot stand (Jes 45:23): die waaragtige wêreld wat allereers in die erkenning van die enige God bestaan (Jes 45:24a: Beuken 1979:255).

3.3.2.2.4.2 Heilsfeer

Die heilsfeer wat YHWH vir sy volk skep, is 'n bestel van geregtigheid: uit sy geregtigheid vloei die heil vir sy volk voort (Jes 45:1-8: Beuken 1979:234-240).

Eensyds het hierdie heilsfeer reeds aangebreek, andersyds moet dit nog kom. Die heilsfeer wat aangebreek het, bestaan daarin dat Hy sy verlossingsplan aan die nasies bekendgemaak het (Ps 98:2), deur sy Kneg wat sy ts^edḥāqāh op aarde vestig (Jes 42:1-7), waardeur 'n sfeer van shālôm, rus en veiligheid (vir ewig) tot stand kom (Jes 32:17). Die heilsfeer wat nog moet kom, word daarin bekendgemaak dat YHWH die groot Koning is (Ps 98:6) wat tot

redding (heil) van sy volk optree, nie alleen nou nie maar ook in 'n eskatologiese sin (Ps 98:9). Hy rig nuwe dade in sy verbondstrou aan wat in sy ts^{edhāqāh} in beweging kom, verlossingsdade wat duidelik eers gerealiseer sal word in die komende Godsryk (De Liagre Böhl-Gemser I 1968:104v).

Soos wat "dink hieraan ..." (bv Jes 46:8v) die aktualiteit van die verlede oproep, só word die toekomsdimensie van die heilsfeer – vanaf die historiese staanplek van die profete gesien – kennelik uitgedruk deur die frase: "Luis-ter na My ..." (bv. Jes 46:3,12;40:21,28;42:23;44:1;47:8;48:1,12,14,16). YHWH beklemtoon dat die naderende heil vir sy ware volk bedoel is, vandaar die parallellisme "Sion" én "Israel": " ... Ek gee heil in Sion, aan Israel my heerlikheid" (Jes 46:13). Beide 'heil' en 'heerlikheid' dien hier as ekwivalente vir ts^{edhāqāh} en is trouens 'n nadere omskrywing van ts^{edhāqāh} in hierdie konteks (vgl. Beuken 1979:265v). Ewesom kom y^{eshû'āthî} en tsid^{eqāthî} in Jesaja 56:1 as 'n parallellisme voor: YHWH se heil is in feite die onthulling van sy verlossende geregtigheid; anders gestel: YHWH se geregtigheid word in hierdie konteks oorwiegend deur sy heil geaktiveer en belig (vgl. J. Ridderbos 1972:193).

Die inhoud van die aangekondigde heilsfeer word byvoorbeeld in Psalm 85: 11,12,14 weergegee: 'n sfeer van shālôm wat volkome vrede, welsyn en die harmonisering van verhoudinge inhou. In vers 11 word die ontketening van heil-same kragte spesifiek kosmies geteken – waarin iets van die ingrypende mag van die nuwe heilsfeer wat in die eindtyd tot volheid kom, deurspeel: die heilsfeer wat deur YHWH se geregtigheidshandeling tot stand kom, het dus selfs kosmiese betekenis (Kraus II 1966:593v; Weiser 1965:574; Calvin OC 31: 789v; vgl. ook Ps. 114:3.8). Die posisie van die volk van YHWH binne die grense van die heilsfeer is van sentrale belang: die volk word "verhef" (deur YHWH se geregtigheid), dit wil sê genormaliseer, herstel tot die staat wat God vir sy volk (aan wie se kant Hy staan en vir wie Hy 'n heilsfeer skep)

'normaal' ag (Ps 89:17: Ridderbos 1958:382v).

Met die voorsetsel b^e - by YHWH se $ts^e dhāqāh$ konkretiseer in laasgenoemde begrip die betekenisaspek van heilsgebied, heilsumgewing in 'n geestelike sin, met ander woorde 'heilsfeer' (kyk Ps 5:9; 119:40). Hierdie heilsfeer word deur die be vele (verordeninge) van YHWH afgebaken. Diegene wat hierbinne lewe het die sekerheid van redding, vryspraak en verlossing. Diegene wat hulle buite hierdie heilsfeer bevind, is die goddeloses wat bestem is vir die oordeel van YHWH (Robbertze 1972:47).

3.3.2.2.4.3 Orde

'n Toestand van $shālōm$ waarin YHWH se onbeperkte heerskappy geheel en al erken en gehoorsaam word, kom deur sy $ts^e dhāqāh$ tot stand (Ps 85:11; 35:27). Hierdie 'toestand' kan as 'n nuwe orde bestempel word waarin dié erkenning van YHWH as die enigste God en die gehoorsame navolging van sy verordeninge die omvattende en bepalende kenmerke is (Jes 45:24): wie Hom nie gehoorsaam nie, val buite hierdie ordesfeer (Jes 45:25: Beuken 1979:255v). Dáarin lê die waarborg vir Israel: "Gods daadwerkelyke bewind schiept een orde die zijn gelijk beveiligt en tevens Israëls redding garandeert, - dit laaste echter niet ten koste der volken, maar ook tot hun heil (vgl. Jes 45:8,23). In de ene scheppingsorde van de enige God is geen plaats voor rivaliteit tussen de volken Er gaat een nieuw bestel van Hem uit, waarin Israel en de volken gelijkelijk zijn redding en zege zullen ervaren in een rechtsorde die op zijn lering gebaseerd is" (Beuken 1983:115: Jes 51:4,5).

Die ordesfeer wat reeds as vrug van YHWH se $mish^e pāt$ en sy $ts^e dhāqāh$ tot stand kom, word semanties-kontekstueel uitgedruk deur onder andere die kombinasie van $mish^e pāt$ met $chōq$ en $mits^e wāh$ (bv. Eks 15:25,26; Esr 7:10): gehoorsaamheid aan YHWH, as die norm vir die nuwe bestel, is toetsbaar aan

sy mish^epāt, maar ook aan sy chōq en sy mits^ewāh (en derhalwe óók toetsbaar aan sy 'ōrach en sy tōrāh (kyk 3.4.2.1)). Die betrokkenheid van die verbondsvolk op die Woord van YHWH - waardeur sy mish^epāt, sy chōq, sy 'ōrach, sy mits^ewāh en sy tōrāh omvat word - onderskei hulle van die ander volkere rondom hulle. Hierdie betrokkenheid plaas hulle in 'n ordersfeer waarin die verhouding met YHWH bepalend is (vgl. De Liagre Böhl-Gemser II 1968:158; Ps 119:7,62,105,142,160).

In Psalm 119 dui tshedheq op die verordeninge van YHWH, waardeur die regte weg in ooreenstemming met sy wet vir die mens aangetoon word. Die regsorde wat deur tshedheq geïmpliseer word deur die onderhouding van die wet bring "groot vrede" (v. 165), ja, die lewe self (v.144).

Dit is duidelik dat die begrip 'orde' so sterk in YHWH se geregtigheid figureer, dat dit as 'n belangrike betekenisaspek daarvan aangemerkt moet word.

3.3.2.2.5 Reg en geregtigheid in en deur die Messias

Die gedagte dat YHWH se reg en geregtigheid in en deur die Messias gerealiseer word, skemer reeds in sommige van die kontekstuele betekenisaspekte wat behandel is deur (kyk 3.3.2.2.3.1; 3.3.2.2.3.3; 3.3.2.2.4.1; 3.3.2.2.4.2).

Die uitdrukking 'abh^edî ("my kneg") en parallel daarmee b^echîrî ("my uitverkorene") in Jesaja 42:1 mag nie simplisties verklaar word nie. Daarop dui Beuken (1979:106-119) tereg. Maar of die profeet self, of Israel, of Kores, of iemand anders direk hiermee bedoel word — die dieper betekenissubstraat wat op die Messias dui kan daarmee nie ontken word nie. Uiteindelik is dit Hy wat die mish^epāt van YHWH, die hele regsordening wat aan Moses gegee is, nie soseer *openbaar* nie (mish^epāt staan hier reeds met 'openbaring' gelyk), maar *deurvoer*. Deur sy gesag sal 'n regverdige lewensorde

realiseer (J.Ridderbos 1972:64v; Beuken 1979:110v).

Ook die 'regverdige koning' (Jr 22:13vv), waarvan ook Psalm 72 'n besonder illustratiewe kensketsing bied, kom tot volle uitdrukking in die Messias-gestalte (Jes 9:5,6;11:1-5: Snijders 1979: 120-126;144-147). Hy kom om 'n heerskappy in geregtigheid daar te stel, waarin die heilstrekke van die toekomstige bedeling reeds sigbaar word (Jes 32:1: Snijders 1979:317).

Die vervulling van YHWH se belofte van reg en geregtigheid aan sy volk word volkome weerspieël in die Messiasgestalte as "Spruit van Geregtigheid":

"... en Hy sal reg en geregtigheid doen ..." (Jr 33:15; kyk ook Jr 23:5).

Die mish^epāt en ts^edhāqāh wat hier genoem word, is nie alleen 'n uitdrukking met betrekking tot die politieke en uitwendige orde nie, maar veeleer 'n uitdrukking wat die vernuwung van YHWH se volk in ooreenstemming met God se beeld beoog. Derhalwe word die reg en geregtigheid van YHWH oor sy volk nie alleen in wette volbring nie, maar veral deur die innerlike regering van sy Gees (Calvyn OC 39:64-67, vgl. Thompson 1981:601).

YHWH se reg en geregtigheid word omvattend en beslissend in die Kneg se ondeurgrondelike lyding onthul (Jes 53:11; Beuken 1983:229-232). Die volle betekenis van YHWH se betroubaarheid, sy getrouheid, sy regverdigheid, sy goedertierenheid, sy barmhartigheid; die volle omvang van sy heil, sy heerskappy, sy oorwinning, sy normalisering (herstelling, opheffing), sy oordeel en regspraak; die impak van sy belofte van 'n nuwe lewensfeer van reg, heil en orde word in die één onpeilbare lydingsdaad van die Messias aan die kruis onthul. Deur hierdie versoeningsdaad, waarin die afgrondelikeheid van die verwydering tussen YHWH en sy volk tot volle openbaring kom, word die shālôm, die verbondsvrede tussen God en sy volk, herstel en bewaar (vgl. Fensham 1967:422).

Dit blyk dat die begrip 'YHWH se reg en geregtigheid' sy diepste betekenis-
 waarde in en deur die Messias vind, en dat die inhoud van hierdie begrip
 derhalwe nie betekenismoonlikhede buite-om die Messias sou hê nie (vgl.
 Pop 1980:239: "Hij is de belichaming van Jhvh's gerechtigheid").

3.3.2.3 Samevatting

Die betekenis van die begrip 'God se reg (en geregtigheid) vir sy kerk'
 is uit die Ou Testament aan die hand van 'n aantal ter sake ekwivalente
 begrippe, naamlik *tsedheq*, *ts^edhāqāh*, *mish^epāt* en *dhîn*, leksikologies en
 kontekstueel nagegaan. Verskeie betekenisaspekte is blootgelê waardeur
 perspektiewe op die omvang sowel as die betekenis van 'God se reg (en gereg-
 tigheid) vir sy kerk' geopen is. Hoewel daar natuurlik veel meer betekenis-
 aspekte in die onderhawige begrip gevind kan word, is die waarop hier ge-
 konsentreer is uiteraard die mees opvallende waardeur die betekenis van die
 betrokke begrip in die Ou Testament nagevors kan word.

Omdat 'God se reg (en geregtigheid) vir sy kerk' so 'n dinamiese en omvat-
 tende begrip in die Ou Testament is, het ek op vier duidelik onderskeibare
 dimensies in die begrip²⁾ agtereenvolgens gefokus, naamlik:

- (i) Reg en geregtigheid as eienskappe van YHWH.
- (ii) Reg en geregtigheid in die handeling van YHWH.
- (iii) Reg en geregtigheid as lewensfeer wat YHWH skep.
- (iv) Reg en geregtigheid in en deur die Messias.

Dit het in die ondersoek geblyk dat daar voldoende gronde is om die volg-
 ende betekenisaspekte³⁾ onder drie van die vier fokuspunkte onderskeidelik
 aan te merk:

- (i) Onder reg en geregtigheid as eienskappe van YHWH:
betroubaarheid, getrouheid, regverdigheid, goedertierenheid

(liefde), barmhartigheid (ontferming).

- (ii) Onder reg en geregtigheid in die handeling van YHWH:
Heil (redding, verlossing, genade), heerskappy, oorwinning, herstelling (normalisering, opheffing), oordeel (regspraak).
- (iii) Onder reg en geregtigheid as lewensfeer wat YHWH skep :
juridiese (heil)sfeer, heilsfeer, orde.

Die vierde fokuspunt, naamlik 'reg en geregtigheid in en deur die Messias' is as sluitsteen in sy geheel een van die mees bepalende betekenisaspekte in 'God se reg (en geregtigheid) vir sy kerk', in so 'n mate dat die hele begrip selfs ondenkbaar daarsonder sou wees. Derhalwe is hierdie fokuspunt in sy geheel as 'n betekenisaspek ondersoek.

Die ondersoek het aan die lig gebring dat na gelang van die konteks waarin 'God se reg (en geregtigheid) vir sy kerk' in die Ou Testament voorkom, een of meer van die genoemde betekenisaspekte in die begrip kwalifiserend sal figureer. Die onderhawige begrip word dus deur velerlei betekenis-skakeringe belig. Hierdie betekenis-skakeringe tender in geheel só na die Messias dat die lyne van God se reg en geregtigheid uit die Ou Testament hulle knooppunt in Christus vind, en derhalwe verder in die Nuwe Testament ontknoop word.

3.3.3 In die Nuwe Testament

3.3.3.1 Leksikologiese betekenis

3.3.3.1.1 Δικαιοσύνη

Hoewel *tsedheq/ts^edāqāh* in die Ou Testament buitengewone ryk en gevarieerde betekenis-skakerings bevat, en Δικαιοσύνη nie al hierdie betekenisaspekte in dieselfde mate verteenwoordig nie, moet Δικαιοσύνη tóg as die Nuwe Testamentiese ekwivalent van *tsedheq/ts^edāqāh* gesien word (Schrenk

1978:195). In die Septuaginta dien δικαιοσύνη Θεοῦ dan ook as die ekwivalent vir tsidh^eqath YHWH ("die geregtigheid van God").

Voorts moet dit vermeld word dat chesedh (goedertierenheid) (Gn 19:19; 20:13; 21:23; 24:27; 32:10; Eks 15:13; 34:7; Spr 20:22) en 'e^emeth (verbondstrou) (Gn 24:29; Jes 38:19; 39:8; Dn 8:12) in die Septuaginta ook met δικαιοσύνη weergegee word (Schrenk 1978:195v).

Δικαιοσύνη se betekenis kan leksikologies uitgedruk word met "justice, righteousness" (Liddell & Scott 1963:173); "just judgement and rule"; "right conduct before God" (Schrenk 1978:198).

3.3.3.1.2 Δίκαιος

In die Septuaginta is God byvoorbeeld δίκαιος, nie slegs as die regverdige regter wat reg beoefen nie, maar ook as dié Een wat redding skenk. In dié sin kom δίκαιος ook in verband met κρίσις voor, byvoorbeeld in Lukas 12:57: κρίνεις τὸ δίκαιον ("om te oordeel wat reg is"). Omdat κρίσις se betekeniswaarde egter meer die klem laat val op 'oordeel', 'laaste gerig', 'toorn van God', 'die groot beslissing' (Pop 1980:424-426), is dit nie nodig om dié woord hier in die besonder te bespreek nie⁴⁾.

Die Hebreuse ekwivalent van δίκαιος is tsadîq, 'n begrip wat dikwels ten aansien van die Messias gebruik word. Derhalwe is dit te begrype dat ook Jesus se prediking in die Nuwe Testament as δίκαιος beskou word (Schrenk 1978:182-189).

Leksikologies beteken δίκαιος 'regverdig', 'reg' (Liddell & Scott 1963: 173) in die sin van 'ooreenkomstig God se wil en sy wet' (Schrenk 1978:189v).

3.3.3.2 Kontekstuele betekenisaspekte

3.3.3.2.1 Oriëntering

Die lyne van YHWH se reg en geregtigheid uit die Ou Testament loop op die Messias uit, en só reglynig die Nuwe Testament in. Hoewel die Nuwe Testamentiese begrip van God se reg en geregtigheid derhalwe nie iets wesenliks *anders* byvoeg tot die ryk geskakeerde Ou Testamentiese geregtigheidsbegrip met betrekking tot YHWH nie, kom daar in die Nuwe Testament wel iets wesenliks *nuuts* by: Nou konsentreer 'God se geregtigheid' geheel en al op Jesus Christus as die Messias wat gekom het (vgl. Pop 1980:240). Derhalwe kan die openbaring van God se reg en geregtigheid in Jesus Christus nooit losgemaak word van die ryk geskakeerde betekenisaspekte van YHWH se reg en geregtigheid in die Ou Testament nie: dit is die vervulling daarvan (vgl. Jager 1968:43).

Waar YHWH se reg en geregtigheid in die Ou Testament as 'n objektiewe openbaringsgegewe voorkom, word dié begrip op die guns van YHWH jeens sy verbondsvolk betrek sowel as op sy oordeel oor die wat nie aan Hom behoort nie en hulle derhalwe van Hom afkeer. Met betrekking tot sy volk is YHWH se reg en geregtigheid slegs binne die kader van sy genade oor sy volk te besien. Die lig van redding, heil, verlossing, brand reeds in die binneste pit van die begrip (Dronkert 1960:588).

Die uitmonding van die Ou Testamentiese geregtigheidsbegrip in die Nuwe Testament bevat vanweë die fokus op Christus egter 'n verrassende wending. Die openbaring van God se reg en geregtigheid spits in die Nuwe Testament toe op dit wat die *mens* nodig het om in die goddelike gerig staande te kan bly. Δικαιοσύνη en δίκαιος met betrekking tot God verkry nou die kwaliteit van geregtigheid wat voor God kan bestaan (Rm 1:17; 3:21; vgl. Rm 2:13; 3:20), of ook: geregtigheid wat die mens van Godswêë toegeken word

in teëstelling met sy eie geregtigheid (Rm 10:3; Flp 3:9 in konteks met 2 Tim 4:8) (Ridderbos 1971:175v). "Dort ist δικαιοσύνη θεοῦ nicht die von Gott geschenkte, sondern jene Gerechtigkeit, die 'vor Gott gilt', eine menschliche 'Eigenschaft', die 'durch des Menschen Tun zustande kommen soll' ... Gottes Gerechtigkeit und menschliche Gerechtigkeit schliessen sich nicht aus, sondern sind identisch; die gegenwärtige 'Vollkommenheit' ist die δικαιοσύνη θεοῦ, denn sie vollbringt das, was dem Willen Gottes entspricht" (Strecker 1966:155). Käsemann II (1964:186) dui in hierdie verband met betrekking tot δικαιοσύνη θεοῦ op 'n "doppelten Ausrichtung der Genetivkonstruktion ... Die hier mitgeteilte Gabe ist nicht und nie von ihrem Geber ablösbar". Hy wys daarop dat Paulus geen nuwe begrip geskep het met sy "δικαιοσύνη θεοῦ" nie, maar dat die begrip uit 'n Ou Testamentiese tradisie stam (Käsemann II 1964:185-187). Ook uit hierdie tradisie is dit duidelik dat God se geregtigheid nie vanweë enige menslike verdienste aan die mens toegeken word nie, maar dat dit 'n onverdiende gawe van God is wat sý teenwoordigheid tot uiting bring (Käsemann II 1964:182v). Derhalwe dui die toegerekende geregtigheid van God nie op 'n persoonlike etiese kwaliteit nie maar op 'n verhouding waarin die volk van God herstel word voor sy aangesig (Käsemann II 1964:185).

Hierdie wending bring 'n sterk eskatologies gerigte trek in die Nuwe Testamentiese reg- en geregtigheidsbegrip van God na vore. Derhalwe kan gestel word dat in God se reg en geregtigheid in die Nuwe Testament sowel 'n 'reeds'- as 'n 'nog nie'- karakter geopenbaar word.

Teen die agtergrond van YHWH se reg en geregtigheid in die Ou Testament en in die lig van hierdie oriëntering is dit slegs nodig om hier op die kontekstuele betekenisaspekte van δικαιοσύνη en δίκαιος met betrekking tot (i) die openbaring daarvan in Christus en (ii) die 'reeds'

en 'nog nie' aspekte daarvan in te gaan.

3.3.3.2.2 God se reg en geregtigheid in Christus

'God se reg en geregtigheid' trek in sy Seun, Jesus Christus, saam en word in en deur Hom geopenbaar. Daarom word Christus die Δίκαιος genoem (Hd 3:14; 7:52; 22:14; 1 Pt 3:18; 1 Jh 2:1, 29; 3:7). Die betiteling " Δίκαιος " ("regverdige") is 'n messiaanse titel met sy wortels in die Ou Testament (2 Sam 23:3; Jes 32:1; Sg 9:9) (Bruce 1977:88v, voetnoot 31).

In Christus as die Messias differensieer God se geregtigheid in tweeërlei aspekte: eerstens die forensiese kwaliteit van die nuwe mens vanweë die vry-spraak (Rm 3:21v), en tweedens die gerigsaspek van God se oordeel (Rm 3:25v) (Ridderbos 1971:180). In hierdie ondersoek word hoofsaaklik op die eerste aspek van God se geregtigheid gekonsentreer.

Jesus Christus kan sê: " καὶ ἡ κρίσις ἡ ἐμὴ δίκαια ἐστίν " (Jh 5:30: "en my oordeel is reg/regverdig"), omdat Hy in volkome ooreenstemming met die Vader se wil optree (Knox 1968:1097). Morris (1979:324, voetnoot 89) vertaal Chrysostomus in hierdie verband: "As therefore none could object to the Father judging, so neither may any to Me, for sentence of Each is given from the same Mind".

Christus moet in der waarheid as die vervulling van die wet beskou word, in 'n sekere sin die doel van die Wet. Die geregtigheidseis van die Ou Testamentiese wet word deur Christus beantwoord: "Die Aufgabe des alttestamentlichen Gesetzes war, der Gerechtigkeit Gottes zu dienen ... In und mit Christus war die Gerechtigkeit gegeben, die der Mensch nicht, auch nicht vermittels des Gesetzes, sich verschaffen konnte. Christus war in seiner Person und seinem Werk ein Ausdruck der Gerechtigkeit Gottes. Darum kann

er auch das Ziel des Gesetzes genannt werden. Paulus spricht von ihm als *τέλος νόμου* " (Bring 1969:35).

Teen die agtergrond van Romeine 3:9-18 waarin die verdorwenheid van *alle* mense beskryf word, word die heilryke betekenis van 'die geregtigheid van God' in Romeine 3:21vv nog duideliker in die lig gestel. Ons ongeregtheid is juis 'n bewys van God se geregtigheid (Rm 3:5), deurdadig dat Hy ons sy geregtigheid toereken. Die toegerekende geregtigheid deur die geloof in Jesus Christus is die inhoud van God se genade. Sy regverdigheid word daarin openbaar dat Hy sy volk se sonde vergewe (1 Jh 1:9). Vanselfsprekend word die toerekening van God se geregtigheid spesifiek aan die soendood van Jesus Christus gekoppel (Rm 3:24v) (vgl. Ridderbos 1959:81-89; Murray 1979:108-121; Knox 1968:1097). Omdat God sy reg en geregtigheid in Christus openbaar, is Christus se geregtigheid in volkome ooreenstemming met God se geregtigheid, trouens dit is een en dieselfde saak (Rm 3:21v).

Deur Christus openbaar God sy geregtigheid in die Nuwe Testament in 'n volstrekte heilsbetekenis as 'n teenswoordige realiteit in die herstelde posisie van sy verbondskind. Sy geregtigheid (*δικαιοσύνη Θεοῦ*) kom tot onthulling in die forensiese status van die mens wat in die gerig van God vrygespreek is. Die genitiewe vorm '*Θεοῦ*' (bv. Rm 1:17;3:21) is nie 'n *genitivus subjectivus* nie, maar òf *genitivus qualitatis* of *relationis* : 'geregtigheid met betrekking tot God' en nader bepaal 'geregtigheid wat voor God kan bestaan'; óf 'n *genitivus auctoris*: 'deur God verleende, van Godswêë geskenkte geregtigheid' (Ridderbos 1959:34v)

In die Nuwe Testamentiese begrip '*δικαιοσύνη Θεοῦ*' word die betekenis-aspekte van die ekwivalente Ou Testamentiese begrip (in die skakeringe van 'eienskappe van YHWH', 'handelinge van YHWH', en 'die lewensfeer wat YHWH skep' só tot vervulling gebring dat dit geheel en al saamtrek in die vry-

spraak van God se volk (en derhalwe in die herskepping van die mens) op grond van die soenverdienste van Jesus Christus (1 Kor 5:15, 17-21). Deur Christus as Middelaar en Versoener te laat verskyn, 'betoon', 'openbaar', 'demonstreer' God as't ware sy geregtigheid (Rm 3:25v; 5:17). In die soen-dood van Christus val God se straffende en sy vrysprekende geregtigheid saam (HK, Son. 4,5,11). God kan geen vrede met die sonde (ongeregtigheid) sluit nie, dié ontlok sy regverdige toorn onkeerbaar (HK, Son. 4; Rm 1:18). En tog eis sy liefde en sy verbondstrou dat sy sondige volk vrygespreek word. Daarom stel God Homself in die gerig as't ware aan die kant van sy kind in die aanklagbank. In Christus kom Hy in ons plek staan om die straf op Hom te neem (Rm 3:25v; Ridderbos 1959:84-86).

Só openbaar God sy δικαιοσύνη as die mag waardeur die dood oorwin word: "Urbildlich hat sich Gottes δικαιοσύνη in Tod und Auferweckung Christi offenbart als die den Tod leibhaftig überwindende Gottesmacht" (Stuhlmacher 1966:238). God se reg en geregtigheid moet derhalwe as 'n bevryende reg beskou word: "das seingründende, befreiende Gottesrecht" (Stuhlmacher 1966: 238vv).

Waar die geregtigheid van God gesoek word langs die weg van wetsonderhouding (eie prestasie), word die geregtigheid volgens die maatstaf van die wet toegereken (Gl 3:10). Wie egter die geregtigheid soek deur die geloof in Hom wat die sondaar regverdig, wie dus nie op eie verdienste nie maar alleen op God se genade vertrou, ontvang die geregtigheid as vrysprekende genade vanweë Christus se plekbekledende soenverdienste. Dus, nie wat die mens het nie, maar wat hy nie het nie, word hom as genadegawe toegereken (Rm 4:4v; Ridderbos 1959:91-93; Rm 5:21; Murray 1979:209v): "It is a righteousness which is independent of the degree to which we are able to conform to the law of God (Rm 3:21), for it is based on Christ's perfect conformity to the

law and will of God" (Knox 1968:1097).

In Romeine 1:17 word die nadruk op die geloofskarakter van die geregtigheid gelê: " ἐκ πίστεως εἰς πίστιν " ("uit geloof tot geloof"). Die 'geloof' wat selfs drie keer in vers 17 genoem word, bring die aspek van geskenkte genade in God se geregtigheid na vore - teenoor die menslike prestasie: "De in het evangelie geopenbaarde gerechtigheid is van het begin tot het einde een geloófs-gerechtigheid, een gerechtigheid 'sola fide' " (Ridderbos 1959:35; vgl. Stuhlmacher 1966:81-83). Deur die geloof, as 'n genadegawe van God, word die geregtigheid van God ons toegereken. Geregverdig word 'uit die geloof' of 'deur die geloof' beteken derhalwe nie 'geregverdig word op grond van eie gehoorsaamheid' nie, maar 'geregverdig word uit God se werk alleen' God bewerk die geloof wat die grond van die regverdiging is. Hy openbaar Hom persoonlik hede en hier slegs daar waar die geloof woon. Hy openbaar Hom radikaal en dwingend, by wyse van sy geregtigheid, in die evangelie (Stuhlmacher 1966:81v; Murray 1979:111; vgl. Rm 4: 3,9,11,13; 9:30; 10:6,10; Gl 3:6; Jk 2:23; Flp 3:9).

Die omvattendheid van die geregtigheid van God word duidelik in die volkome ander verhouding waarin die mens teenoor God te staan kom. Die mens word vanweë God se geregtigheid in sy totaliteit deur 'n ander bedeling opgeëis (Rm 5:21). Hierdie bedeling, vanweë die geregtigheid (" διὰ δικαιοσύνην "), is die nuwe lewe in en deur die Gees van God (Rm 8:10; Ridderbos 1959:177). Vanweë die werkinge van die Gees moet die liefde as die pilare van die nuwe bedeling beskou word (Andersen 1961:67vv). Daar kan in der waarheid geen sprake van God se geregtigheid sonder liefde wees nie. Trouens, God se reg is niks anders nie as 'n 'liefdesreg' (Stuhlmacher 1966:247; Meurer 1972:42,60, Brunner 1946:114vv). Sy geregtigheid word deur sy dwingende liefde bepaal. Derhalwe kan dit nie anders nie, die gelo-

wige word eenvoudig 'n werktuig in diens van die toegerekende geregtigheid (Rm 6:13,16,18-20).

Die beslissingsfaktor waarin die skeiding tussen nuwe en ou bedeling, lewe en dood voltrek word, is die toerekening van die geregtigheid van God. Teenoor die toerekening van sy geregtigheid waardeur sy oordeel reeds voltrek is, staan die mens se eie geregtigheid wat God volgens die eis van sy wet beoordeel (Rm 10:3; Ridderbos 1959:232). Vir diegene aan wie God se geregtigheid deur die geloof toegereken word, is Christus "die einde van die wet tot geregtigheid" (Rm 10:4).

Die toerekening van God se geregtigheid aan die gelowige het "die nuwe mens" ten gevolge wat "in ware geregtigheid en heiligheid" lewe (Ef 4:24).

Δικαιοσύνη en ὁσιότης is in hierdie konteks verwante begrippe wat met mekaar korreleer (vgl. Tt 1:8; Lk 1:75) (Grosheide 1960:73).

In God se toegerekende geregtigheid breek die herskepping dus reeds beslissend deur - ten opsigte van die mens en sy bestemming het daar 'n onkeerbare wending gekom. Die nuwe aeon het 'n aanvang geneem.

3.3.3.2.3 'Reeds' en tog 'nog nie'

Die beslissende 'reeds' van God se geregtigheid staan vas in die historiese feit van die Golgota-episode in die geskiedenis. In Christus se kruisdood het die goddelike gerig oor die sonde van Gods volk tot 'n brandende oordeel saamgetrek: só het die eskaton teenwoordige tyd geword (vgl. Ridderbos 1971:180). Vir diegene wat in Christus is, het Hy die Geregtigheid van God geword (Rm 10:4; 1 Kor 1:30; 2 Pt 1:1). Nie hulle is oorgelewer aan die eis van God se geregtigheid nie, maar Hy (Rm 4:25; 2 Kor 5:21; Gl 3:13).

Die toerekening van God se geregtigheid (plekbekleënd) in Christus aan ons, word nou beliggaam in dié tekenende Nuwe Testamentiese uitdrukkings: "Christus in ons" (Rm 8:9-11) en "ons in Hom" (Ef 1:4,6,7,11,13;2:6,10; Gl 2:17; Kol 1:14; Flp 1:1). "In Hom" word sy volk voor die werklikheid van die nuwe aeon gestel, nie afsydig as waarnemers nie, maar betrokke, as volkome erfgename in Hom (vgl. Floor 1982:76,92). Die nuwe aeon het op Golgota as 'n voldonge feit deurgebreek vanweë die 'reeds' van God se geregtigheid (vgl. Ridderbos 1971:181-183).

Die kontras van die nuwe aeon teenoor die oue lê in die geregtigheid van God soos in ἡ βασιλεία τοῦ Θεοῦ ("die koninkryk van God") beliggaam teenoor die wêreldlike (Rm 14:17; Mt 6:33). Met 'koninkryk van God' word samevattend die hele heil wat in Christus gekom het, sowel as sy heerskappy oor dié heilsfeer, aangedui. Die beliggaming van God se geregtigheid in die koninkryk van God gaan gepaard met " εἰρήνη καὶ χαρὰ ἐν πνεύματι ἁγίῳ " (Rm 14:17). Die omskrywende kwaliteite van die δικαιοσύνη Θεοῦ in vrede (εἰρήνη) en in blydskap/vreugde (χαρὰ) kenskets die koninkryk as 'n reeds bestaande werklikheid waarin 'n versoende houding met God die tiperende is (vgl. Ridderbos 1959:312v). Hieruit blyk ook dat die Heilige Gees verantwoordelik is vir die toerekening van die geregtigheid van God (Ef 5:9) as die konstitutiewe, grondliggende handeling vir die koms van die koninkryk. Dit beteken: waar die geregtigheid nie toegereken is nie, het die koninkryk nie deurgebreek nie. God se koninkryk en sy geregtigheid hoort bymekaar. Daarom sê Christus aan sy dissipels: "Maar soek eers die koninkryk van God *en sy geregtigheid*" (Mt 6:33).

Die 'nog nie'- karakter van God se geregtigheid lê in die eskatologiese gerigaspek daarvan, wat in die eindoordeel voltrek word (Hd 17:31;24:25; Gl 5:5; 2 Pt 3:13). Hoewel God se geregtigheid reeds deurgebreek het, het dit nog

nie in sy volheid gekom nie. Die voltrekking van die geregtigheid vind by die eindoordeel plaas (Ridderbos 1979:189v).

In die geregtigheid van God gaan dit uiteindelik om wat die mens nodig het om in die goddelike gerig vry uit te gaan. So gesien kan 'die geregtigheid van God' as teenstelling van 'die veroordeling van God' gesien word (2 Kor 3:9; Ridderbos 1971:176).

Uiteindelik word die geregtigheid van God volkome deel van sy verlose volk, na die voltrekking daarvan in die eindoordeel, dáárin dat God se wil volkome sonder enige mate van beperkinge vanweë opstand en ongehoorsaamheid op die nuwe aarde onder 'n nuwe hemel uitgeleef sal word. Alle ongeregtigheid verdwyn dan. Maar hierdie voltrekking van God se geregtigheid is nog nie werklikheid nie, dit is steeds belofte (2 Pt 3:13; Greijdanus 1972:146).

Uit hierdie ondersoek het ook dit duidelik geword dat die 'reeds'- en die 'nog nie'-aspekte van God se geregtigheid geen teenstellende pole is nie: dié 'reeds' loop noodwendig en bepalend op die 'nog nie'-aspek uit, en die 'nog nie' is 'n vervulling en 'n voltooiing van die 'reeds'-aspek (vgl. Ridderbos 1971:177-179).

3.3.3.3 Samevatting

Wesenlik kan die begrip 'God se reg (en geregtigheid) vir sy kerk' in die Nuwe Testament nie losgemaak word van dieselfde begrip in die Ou Testament nie. Die Ou Testamentiese lyn van dié begrip se betekenisaspekte trek tot 'n sintese in die Nuwe Testament saam, naamlik die Messias wat gekom het.

Die Ou Testamentiese openbaringsgegewe as objektiewe feitemateriaal oor 'God se reg en geregtigheid' trek in die Nuwe Testament in Jesus Christus saam

tot 'n meer subjektiewe waarheidsmoment, te wete dit wat die mens nodig het om in die goddelike gerig staande te kan bly. 'God se geregtigheid' word nou in der waarheid 'die geregtigheid wat voor God kan bestaan'.

Die geregtigheid wat voor Hom kan bestaan, word deur God self in Jesus Christus as Plekbekleër van sy volk onthul. Dáárdeur kom sy kerk in 'n volkome ander nuwe verhouding teenoor Hom te staan. Die kerk word deur 'n nuwe bedeling opgeëis wat noodwendig en onkeerbaar vanweë God se reg en geregtigheid deurbreek.

Die nuwe bedeling waardeur God se geregtigheid in Christus 'n reële werklikheid geword het, word deur die 'reeds'- en tog ook die 'nog nie'-karakter daarvan gekenmerk. God se geregtigheid het reeds gekom in die mate waarin sy koninkryk, waardeur sy heerskappy beliggaam word, erken en nagevolg word. Terselfdertyd het sy geregtigheid tog ook nog nie in volkomenheid gekom nie, vanweë die sonde wat as teëpool van die koninkryk steeds 'n donker dwingende mag tot ongehoorsaamheid is. Uiteindelik word God se geregtigheid voltrek wanneer die eindoordeel aanbreek. Dan verdwyn alle ongeregtigheid en God se heerskappy sal sonder teëstand of reserwe erken word.

Die ondersoek het aan die lig gebring dat 'God se reg en geregtigheid in sy kerk' in die Nuwe Testament geheel en al in Christus sentreer. Waar die begrip voorkom, staan Hy in die middelpunt. Sy koms was só ingrypend, só alomveranderend, só saambindend dat die lig van Hom af nie net die toekoms inskyn nie, maar dat dit ook vër terugskyn, die gryse geskiedenis in. Só kry 'n aloue begrip ewig-nuwe betekenis: God se reg en geregtigheid wat Hy in die Ou Testament openbaar, is dieselfde as sy reg en geregtigheid wat in die Nuwe Testament realiseer; net, die betekenis daarvan gaan nou in vervulling. Deur die vryspraak in Christus

word die begrip reële werklikheid, die erfreg van sy kerk wat wag op die eskatologiese vervulling daarvan.

3.3.4 *Peiling*

God se reg en geregtigheid is geen enkelvoudige begrip nie. In die Ou Testament is dit 'n dinamiese begrip waarin een of meer van 'n aantal betekenisaspekte figureer. In bepaalde kontekste het die begrip in hoofsaak die betekenis van God se *betroubaarheid*, sy *getrouheid*, sy *regverdigheid*, sy *goedertierenheid* en sy *barmhartigheid*. In hierdie kontekste figureer God se reg en geregtigheid as sy eienskappe (kyk 3.3.2.2.2).

In ander kontekste val die klem op die betekenis van die onderhawige begrip as God se handeling met betrekking tot die mens. Hierin figureer die betekenisaspekte van onder meer *heil*, *heerskappy*, *oorwinning*, *herstelling*, *oordeel* (kyk 3.3.2.2.3). Maar die begrip kom ook in die lewensfeer wat God skep na vore. Waar sy reg en geregtigheid in hierdie konteks voorkom, figureer die betekenisaspekte ten opsigte van 'n *(heil)sfeer* met die klem op die *juridiese*, 'n *heilsfeer* met die klem op die *heil*, en 'n bepaalde *orde* (kyk 3.3.2.2.4).

Van die ryke verskeidenheid betekenisaspekte beweeg een of meer, na gelang van die konteks, in 'n meerdere of 'n mindere mate van die periferie na die sentrum van die begrip se betekenisfokus. Die knooppunt én ont-knopingspunt van al die betekenisaspekte in 'God se reg en geregtigheid vir sy kerk' is *die Messias* in en deur wie die betekenismoontlikhede van die begrip realiseer (kyk 3.3.2.2.5).

Vanweë die Messiasfunksionering in 'God se reg en geregtigheid' vir sy volk in die Ou Testament, trek die betekenisaspekte van die begrip tot 'n soliede sintese in die Nuwe Testament saam (kyk 3.3.3.2.1). Dit is een

en dieselfde begrip: God se reg en geregtigheid in die Ou Testament én in die Nuwe Testament. Maar die openbaring daarvan word op twee bedelingsgerig. Die ryk geskakeerde spektrum van betekenisaspekte van die openbaring van die begrip in die Ou Testament word in die Nuwe Testament in Christus tot sy volle betekeniswaarde gebring. Jesus Christus word die hoë piek van God se reg en geregtigheid in die omringende landskap van die Openbaring (kyk 3.3.3.2.2).

In die begrip 'God se reg en geregtigheid' kom daar 'n betekenisvolle wending voor, juis vanweë die betekenisfokus daarvan op Christus, wat in die Nuwe Testament voltrek word. Waar die begrip in die Ou Testament as 'n objektiewe openbaringsgegewe voorkom, spits dit in die Nuwe Testament toe op wat die mens nodig het om in God se gerig staande te kan bly. Die reg en geregtigheid van God kry nou die betekenis van die reg en geregtigheid wat die mens van Godswêë toegereken word in teëstelling met sy eie geregtigheid (kyk 3.3.3.2.1). As sodanig kom daar reeds 'n trek van 'God se reg en geregtigheid' se eskatologies gerigte karakter na vore: Dit het wel reeds in Christus se kruisiging en opstanding onkeerbaar deurgebreek, maar die volkome betekenis van die begrip word eers deur Christus met sy wederkoms en die eindoordeel gerealiseer, dan word die finale betekenis daarvan tegelyk in die oordeel oor die goddeloses en die vryspraak oor die gelowiges voltrek (kyk 3.3.3.2.3).

Blykens die Christologiese sentreerpunt van 'God se reg en geregtigheid vir sy kerk' kan God se reg nooit losgemaak word van sy liefde nie. En sy reg én sy liefde spel dieselfde genade oor sy volk uit. Waar sy reg bepalend is vir die aard van sy geregtigheid teenoor sy volk, is sy liefde vir sy kerk die dwingende mag waardeur sy geregtigheid tot stand kom (vgl. 3.3.3.2.2). Ten diepste is God se reg 'n liefdesreg wat in sy geregtigheids-

handelinge tot uiting kom. Terselfdertyd - óók vanweë die Christologiese sentreerpunt - is dit ook 'n oorwinningsreg, omdat Hy die grootste vyande van sy volk, naamlik Satan en die mag van die dood, deur sy geregtigheids-voltrekking op Golgota in en deur Jesus Christus oorwin (kyk 3.3.3.2.2).

Vanweë die heilshistoriese onomkeerbaarheid van die Golgota-gebeure het die kerk dié bron van troos en hoop dat God se geregtigheid nooit verydel kan word nie, sy liefde bestaan daarin dat Hy trou blý, al is ons ontrou.

Uit die ondersoek het geblyk dat elkeen van die betekenisaspekte van 'God se reg en geregtigheid vir sy kerk' wat aan die lig gekom het, onlosmaaklik in sy *genadeverbond* ingebed is. Hy verbind selfs sy reg en geregtigheid konsekwent aan sy Verbondsnaam 'YHWH'. Dit beteken dat God by sy geregtigheid aan sy volk staan of val. En God kan nie val nie. "Gerechtigkeit ist hier (t.o.v. Rm 3:24:26 - *CJS*) die Eigenschaft des Bundesherrn und darum mit Güte und Barmherzigkeit fast synonym. Gott hält an seinem Bund fest, selbst wenn die Menschen daraus fallen, und erweist sich darin zugleich gerecht, gütig und langmütig (Käsemann I 1964: 98; vgl. ook Käsemann 1950/51: 150-154).

God se verbondsverhouding met sy volk is deurslaggewend vir sy geregtigheids-handelinge teenoor hulle. Hy *wil* sy genade aan sy volk betoon, daarom is dit vir Hom *reg* om trou aan sy verbond te bly, al word sy volk ontrou en derhalwe tugwaardig: "De gerechtigheid Gods is die eigenschap van Jahve, waardoor Hij handelt met de zijnen en met de vijanden der zijnen naar de bondsverhouding, krachtens welke Hy de getrouwen zegent, die ontrouwen tuchtigt, de vijanden der zijnen straft" (Bouwman 1899:106; vgl. ook Jager 1968:43v; kyk 3.3.2.2.3.5).

God se geregtigheid bestaan verder daarin dat Hy ooreenkomstig sy wil

(en reg) aan sy volk gee wat Hy hulle beloof het (vgl. Van der Linde 1980/81:27). Deur hierdie geregtigheidshandeling (en gawes) hou Hy die verbondsverhouding met sy volk in stand. Sodoende bly die verbond, en dit bly geldig: "God se geregtigheid is in het O.T. derhalwe een actief begrip en te bepalen als: het geheel van zijn daden uit verleden, heden en toekomst, die Hy doet om Israël te geven, wat Hij het had toegezegd, toen Hij er een verbond mee sloot. Zijn geregtigheid is de garantie van het verbond" (Pop 1980:238).

God se geregtigheid bestaan, uit die Nuwe Testamentiese perspektief, juis uit dit wat Hy aan sy volk *gee* om in sy gerig oor die sonde staande te kan bly (kyk 3.3.3.2.1; en hierbo). Dit beteken dat God self die voldoening verskaf aan sy geregtigheidsnorm (sy wet en verordeninge) wat Hy stel. Die versoening kom deur voldoening, in en deur God se gawe aan sy volk: sy Seun, Jesus Christus. Só word Christus die sentreerpunt van die verbond, die Realiseerder van God se geregtigheid, die Openbaarder van God se onpeilbare genade, die Lam, ons Verlosser (vgl. Knox 1968:1097).

So kom God se geregtigheid, ooreenkomstig sy *reg* (en sy *wil*) as sy verlossingsdaad teenoor sy volk tot openbaring. Met betrekking tot die kerk en vir die kerk het die binneste pit van God se reg en geregtigheid één oorweldigende betekenis: die regverdiging van die sondaar, die vergewing van sondes (vgl. Jager 1968:47, vgl. Pop 1980:239).

Soos wat God se reg en geregtigheid vir sy kerk 'n verbondsbegrip is, so is dit ook 'n koninkryksbegrip. God se geregtigheid kom in sy handeling in en deur Jesus Christus, dit wil sê deur sy heerskappy in Christus, tot uiting. Die heilsfeer wat deur sy geregtigheid tot stand kom (kyk 3.3.2.2.4.2) is niks anders as die domein van Christus nie (kyk 3.3.3.2.2).

Vanweë sy reg en geregtigheid verander Hy 'n gebroke, ontoereikende situasie, kortom, die hele verwronge sonderwerklikheid, tot 'n nuwe orde (kyk 3.3.2.2.3.4). Van hierdie orde is gehoorsaamheid die begrensing (kyk 3.3.2.2.4). Dit is 'n orde van shālôm (kyk 3.3.2.2.4.3) wat reeds deurgebreek het, maar nóg nie in volkomenheid nie (kyk (3.3.3.2.3)). Die nuwe aeon wat deur die koninkryk van God beliggaam word, se onderskeid met die ryk van die sonde lê juis in die belofte én betoning van sy geregtigheid deur verlossing en sondevergiftiging (kyk 3.3.3.2.3).

Die koninkryksaspek dra dié belangrike betekenis in God se reg en geregtigheid: nou leef die gelowige in die visie dat hoewel hy eendag die koninkryk sal ingaan, hy dit reeds ontvang het. Hoewel die sonde nóg 'n houvas op hom het, is sy sondeskuld reeds vergewe (kyk 3.3.3.2.3). Die heerskappy van God het weer deurgebreek. Die bewuste erkenning van die mens dat Gód op die troon sit en dat Hy die reg bepaal en die orde skep en dat die mens self maar net 'n kind is, kind van God, is die hart van die betekenisaspek van die koninkryk in die begrip 'God se reg en geregtigheid vir sy kerk'

Beide die sentrale betekenisaspekte van verbond en koninkryk in God se reg en geregtigheid is in die eskatologiese spanning van 'reeds' en 'nog nie' ingebed. In God se reg en geregtigheid is dit duidelik: sy verbondsverhouding met sy volk is reeds 'n werklikheid, die koninkryk het reeds gekom - maar nog onvolkome. God se reg en geregtigheid is reeds beslissend vir sy volk, maar nog nie voltooi nie. Die eskaton vir die voltooiing is die wederkoms van Christus, die eindoordeel, en dan ... " ... nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon" (2 Pt 3:13). Dán word die paradysleuen van Satan finaal vernietig, die gevolge daarvan word uitgewis, God word weer volkome erken as die enigste Regsbepaler en Ordeskepper, en die herstelde mensheid kry 'n plek by Hom (kyk 3.2.2.1 en 3.2.2.3):

" ... die tabernakel van God sal by die mense wees, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God" (Op 21:3).

Om hierdie hoofstuk af te rond, sluit ek weer by die inleiding daarvan aan. Soos in die inleiding gestel (kyk 3.3.1), is die begrippe 'God se reg' en 'God se geregtigheid' vir die kerk deur die loop van die ondersoek in samehang met mekaar, en merendeels as 'n eenheid geëvalueer. Uit die ondersoek in sy geheel blyk dat die begrippe inderdaad saamval. Maar hoewel die begrippe saamval, is daar na analogie van die onderskeidende gebruike van mish^epāt, tsedheq, ts^edhāqāh en dhîn (kyk 3.3.2.1 en 3.3.2.2) tog 'n onderskeidende gebruikswaarde in die begrippe 'God se reg' en 'God se geregtigheid' aan te toon. Soos mish^epāt behels 'God se reg' die *regsnorm*; soos tsedheq verteenwoordig 'God se geregtigheid' die *ooreenstemming* van sy handeling met die regsnorm; en soos ts^edhāqāh is God se geregtigheidsdade die konkrete *handelinge* wat met sy regsnorm ooreenstem (kyk 3.3.2.2.1). In onderskeid hiermee kom God se oordeel, sy regspraak, sy regsverskaffing ooreen met dhîn wat die normerende *daad* is waarmee handeling met die regsnorm ooreengebring word (kyk 3.3.2.1.4; 3.3.2.2.1; 3.3.2.2.3.5).

Hieruit kan die belangrike konklusie getrek word: God se reg is (normerend) dit wat Hy *wil*, en sy geregtigheid is dit wat Hy (ooreenkomstig sy wil) *doen*. Ek definieer dié onderskeid in die lig van 3.3.2 en 3.3.3 soos volg:

- (i) *God se reg is dit wat ooreenkomstig sy wil goed in sy oog is.*
Dit is *reg*: die norm wat Hy vir die mens se verhoudinge en gedrag, trouens vir die mens se hele lewenswyse, stel.
- (ii) *God se geregtigheid is die realisering van sy reg in sy handelinge met en vir die mens.* Sy geregtigheid is altyd *reg*, dit kom volkome met sy wil ooreen.

Rondom die twee skarniere van God se genadeverbond en sy koninkryk - in die spanningsveld van die eskatologie - gee die Heilige Skrif egter nie 'n juridies uitgewerkte regs- en geregtigheidsleer nie, geen kasuïstiek of verfynde wetstegniek nie - maar wel die beginsels vir 'n'gepositiveerde' regsorde vir die kerk. 'n'Gepositiveerde' regsorde vir die kerk beteken nie positiewe kasuïstiek nie. Dit was 'n teken van verval toe die rabbyne die kasuïstiek ingevoer het. In sy wetsontwerpe vir die kerk het die mens homself weer as regsbepler en ordeskepper op die voorgrond gedring. Daarom het Jesus Hom in die bergrede skerp hierteen gerig, waarin Hy die regsorde weer tot die grondbeginsels herlei het (Mt 5:21vv) (Pöp 1980:422).

Die visie wat met betrekking tot God se reg en geregtigheid vir sy kerk ontwikkel is, is van grondliggende betekenis vir die ontplooiing van 'n Skrifgebonde kerkreg- en kerkordebeskouing.

3.4 GOD SE ORDE VIR SY KERK

3.4.1 *Inleiding*

In die Ou Testament word die begrip 'God se orde' nie in één eksakte term gedefinieer nie, maar die betekenis van die begrip kan wel deur 'n aantal kernbegrippe bepaal word, wat nie slegs die begrip impliseer nie, maar daaraan gestalte gee deur die kontekstuele dinamika van Hebreeus (vgl. Beuken 1983:113)¹⁾. Die woorde wat as orde-duidings in die Ou Testament voorkom, is *chōq*, *'ōrach*, *mits^ewāh* en *tôrāh*. (*Dāth* : wet, opdrag, voorskrif; en *sēdher* : om in orde te rangskik, kom nie soos die bogenoemde woorde pertinent in konteks met 'n handeling van God of as 'n resultaat van 'n handeling van Hom voor nie. Daarom word die twee woorde buite rekening gelaat (vgl. Koehler-Baumgartner 1958:220, 650)).

Die Nuwe Testamentiese begrip vir orde word pertinent deur die woord *τάξις* weergegee. Hoewel die begrip 'orde van God' nie so gepresiseer in een woord voorkom nie, kom *τάξις* kontekstueel besien, wel in die betekenis van orde as 'n opdrag van God voor (Smit 1984a:18v).²⁾

Omdat uit die Nuwe Testament slegs een term kontekstueel geëvalueer word, en geen ander term hier aangedien word wat as kontrole 'n gesamentlike rigtingspyler kan wees nie, is dit nodig om *τάξις*, in konteks met die perikoop waarin die *locus classicus* met betrekking tot 'God se orde vir sy kerk' voorkom (1 Kor 14:26-40), in besonderhede te evalueer. Daarom word die kontekstuele betekenisaspekte van *τάξις* uit genoemde perikoop onder beide hoofde "God se orde in Christus" (3.4.3.2.2) en " 'Reeds' en tog 'nog nie' " (3.4.3.2.3) semanties ondersoek.

'n Belangrike uitgangspunt vir die ondersoek na die veronderstelde orde van God vir sy kerk is die volgende perspektief uit die ontplooiing van die studie dusver: God se *reg* is dit wat ooreenkomstig sy wil goed is in sy

oog; sy *reg* loop noodwendig op sy *geregtigheid* uit. God se *geregtigheid* is die realisering van sy *reg* in sy handeling met en vir die mens; deur sy *geregtigheid* skep Hy vir sy kerk orde. Wat hierdie orde behels moet vervolgens ondersoek word.

Weer eens volg ek die aangeduide metode (kyk 3.1) waarin die betekenis van die begrippe eers leksikologies weergegee word en dan kontekstueel nage-speur word. Die tekste wat geëvalueer word, is 'n seleksie uit dié waaruit 'God se orde' met betrekking tot sy volk (kerk) die maklikste nagevolg kan word, ten einde die betekenis daarvan te bepaal.

3.4.2 *In die Ou Testament*

3.4.2.1 Leksikologiese betekenis

3.4.2.1.1 Chōq

Chōq en chūqqah kom van die oorspronklike werkwoordstam chāqāq wat die volgende betekenis het: 'om 'n inskripsie te maak, uit te kerf, om in te skryf'; ook 'om iets uit te vaardig, te verordineer', "ordinance of either God or man" (Brown-Driver-Briggs 1979:349).

Leksikologies behels chōq 'iets wat voorgeskryf is': 'n voorskrif (insetting) in die sin van 'reël, 'wet' (Koehler-Baumgartner 1958:326v).

3.4.2.1.2 'ōrach

'ōrach kom van die werkwoordstam 'ārach wat 'om op reis te wees' beteken. In 'ōrach kom 'weg', 'koers', 'rigting' in 'n figuurlike betekenis tot uit-ting: "way of living, of mode and of character" (Job 34:11); "way of a man's righteousness" (Jes 2:3; Mg 4:2). Gekombineer met mish^epāt kom 'ōrach voor as 'die weg van die gereg/geregtigheid' (Spr 2:8; 17:23; Jes 40:14)

(Brown-Driver-Briggs 1979:72v).

Leksikologies behels 'ōrach: 'die weg wat bewandel behoort te word'
'die opdragte wat aan mense gegee is om in die regte rigting te lewe'
(Koehler-Baumgartner 1958:86).

3.4.2.1.3 Mits^ewāh

Mits^ewāh kom van die werkwoordstam tsiweh wat die volgende betekenisse het: "to command someone"; "to lay charge upon ..."; "to appoint or ordain ... a divine act" (Jes 45:12); "an act of creation or providence" (2 Sm 17:14; Am 6:11); "redemption" (Jes 48:5) (Brown-Driver-Briggs 1979:845v).

Leksikologies behels mits^ewāh: 'opdrag', 'gebod', 'bevel' ("Commandment")
(Koehler-Baumgartner 1958:556; Verhoef 1972:137).

3.4.2.1.4 Tōrāh

Tōrāh kom van die woordstam Yārāh wat in hoofsaak die volgende betekenisse het: "throw, cast"; "throw water, rain"; "shoot arrows"; "direct, teach, instruct". Onder laasgenoemde betekenis kom veral na vore: "concerning the hand of Ēl"; "specially of the authoritative direction (tōrāh)" (Brown-Driver-Briggs 1974:434v). Tōrāh het die spesifieke betekenis van "direction, instruction, law" (bv. Eks 12:49;13:9; Jes 32:23;44:23). Dit beteken ook "kind instruction"; "divine"; "a body of priestly direction or instruction relating to sacred things", "codes of law as written in the code of the covenant"; "the law of the Deutoronomic code" (Brown-Driver-Briggs 1974:435v).

Leksikologies behels die tōrāh beide die dekalooë en die pentateug waarin God sy gebooe (wette) aan sy volk gee vir 'n heilige lewe in verbond met

Hom (vgl. Koehler-Baumgartner 1958:1023v).

3.4.2.2 Kontekstuele betekenisaspekte

3.4.2.2.1 Oriëntering

Die begrippe uit die Ou Testament wat leksikologies weergegee is, is om-skrywende begrippe wat kontekstueel op 'God se orde vir sy volk (kerk)' dui. Op tipies semitiese wyse word sake soms nie gedefinieer nie, maar deur kernbegrippe omskryf, wat mekaar aanvul en so by wyse van dinamies gelade implikasies die betekenis van 'n ongedefinieerde saak daarstel (Beuken 1983:113).

Uit die kontekste moet nagegaan word wat die draagwydte van 'God se orde vir sy volk (kerk)' is, met watter doel dit gegee is, watter binding dit uitoefen, ensovoort. Op die wyse kan die betekenis van die begrip gepeil word.

3.4.2.2.2 Lewensreël van gehoorsaamheid

Die parallelisme waarin *chōq* meermale met *mishepāt* en *mitsēwāh* voorkom, dra ook aan *chōq* 'n normatiewe karakter oor: in Eksodus 15:25 en Esra 7:10 kom byvoorbeeld "*chōq ūmishepāt*" voor; in Eksodus 15:26 word *chōq* met YHWH se gebooie geparalleliseer ("*lēmitsēōthāv ... kālchūqāv*"). Die parallelisme "*chōq ūmishepāt*" (" 'n insetting en verordening") impliseer die orde wat uit die wet (Craigie 1981:129 voetnoot 2 insake Dt 4:1) na vore kom as 'n vaste reël vir Israel (*chōq lēyisērā'ēl*) (Ps 81:5).

In die verbond geld die *insettinge* of *voorskrifte* van YHWH as sy vaste orde wat Hy as die lewensreël van gehoorsaamheid aan Hom ingestel het (byvoorbeeld die parallelisme "*chuqqāi*" ("my insettinge") en "*bhērîthî*" ("my verbond") in Psalm 50:16 in konteks met vers 17).

Tree 'n mens uit dié lewensorde, tree jy tegelykertyd uit die verbond wat Hy met sy volk aangegaan het (Calvyn OC 31:504v). Hierdie lewensorde is geensins slegs 'n formele orde waaraan op 'n formele wyse voldoen moet word nie: dit is 'n saak van hart en siel (Dt 26:16; 1 Kon 8:61).

Dat al YHWH se voorskrifte ("qāl-hachuqqîm": Lv 10:11) 'n orde van bindende aard vir sy volk is, bring die betekenisaspek van orde as norm vir die volk se lewenswyse, maar veral as 'n lewenswet van die hart, te voorskyn (vgl. Eks 18:20; Dt 6:1; veral Jes 51:7a: "Luister na My, julle wat die geregtigheid (tsedheq) ken, volk in wie se hart my wet (tôrāthî) is"). Die orde waarbinne YHWH se verbondsvolk moet leef, het nie slegs 'n wetties formele aspek nie, maar dit maak 'n appèl op die regte hartsgesindheid teenoor YHWH: daarin setel egte gehoorsaamheid (Craigie 1981:169-171).

3.4.2.2.3 Lewensfeer gegrond op die gebooie

Die gebooie van YHWH ("mits^evôth YEWH": Nm 15:39; Dt 4:2; 1 Kon 18:18) is bepalend vir die ordelike lewe van sy volk. Tot dié gebooie mag niks bygevoeg of daarvan weggelaat word nie, om sodoende te verhoed dat YHWH se orde vir sy volk in 'n menslike orde sal verloop (Dt 4:2; vgl. Ridderbos 1963:86). Binne die sfeer van YHWH se orde vir sy volk is Hy steeds aan hulle kant, téén die goddeloses (Ps 119:115: Calvyn OC 32:265), maar veral ook téén die liste en valstrikke van Satan (Ps 119:6: Calvyn OC 32:217). Deur aan die gebooie te bly vashou bly sy volk binne die orde van vrede met YHWH; maar deur sy gebooie te versaak, kom sy volk in die oordeel (Lv 26:14vv: Gispén 1950:377).

Die orde wat deur die gebooie van YHWH daargestel word, bring lewensblydskap en helder insig. Die weg van gehoorsaamheid aan die Here is 'n weg van vreugde en insig (Ps 19:9: Ridderbos 1955:167). YHWH openbaar juis

sy goedheid en billikheid ten aansien van sy volk in sy voorskrifte en gebooie ("chuqqīm ūmits^evōth " : Neh 9:13) wat die norm van hulle gehoorsaamheid aan Hom is. Deur die gebooie wat YHWH gee, wil Hy 'n orde skep wat kenmerk word deur gehoorsaamheid wat aan sy reg beantwoord - sodat Hy sy vaderlike barmhartigheid aan sy volk kan betoon (Eks 15:26: vgl. Gispén 1968:23).

Hierdie orde is bepalend vir die lewensfeer waarin geregtigheid tot vergestaltung moet kom, en dié geregtigheid kan slegs verwerklik word deur die onderhouding van God se gebooie: "En dit sal geregtigheid (ts^edhāqāh) vir ons wees as ons sorgvuldig al hierdie gebooie hou voor die aangesig van die Here onse God soos Hy ons beveel het" (Dt 6:25). Die 'grondwet' van hierdie lewensfeer is God se eis om die liefde van sy volk - vanweë sy liefde vir hulle: "Hoor Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE. Daarom moet jy die HERE jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag" (Dt 6: 4, 5) Vanweë die liefde vir YHWH moet sy volk trag om sy gebooie te onderhou, want Hy het sy gebooie uit liefde vir sy volk gegee; só kom binne die omarming van wederkerige liefde 'n lewensfeer van geregtigheid tot stand (vgl. Toombs 1965: 399-411).

Omdat YHWH se gebooie veel wyer is as alles wat die mens op aarde volmaak ag en wat tog beëindig word (Ps 119:96: vgl. Calvin OC 32:256), is die orde wat deur sy gebooie daargestel word 'n lewenswyse waarin die volmaaktheid reeds in beginsel deurskemer.

YHWH se orde laat vir sy volk geen ruimte vir willekeur en eiewilligheid nie. Mits^evōth YHWH, 'n sterk orde-duidende begrip, behels 'bevel', 'opdrag' van die Here, waarin een doel saamtrek, naamlik om sy Naam te eer (Ml 2:1,2: Verhoef 1972:137). Die grondtoon van YHWH se orde vir sy volk

is sý verheerliking. Dáárom moet sy gebooie onderhou word, dit is 'n bevel (Ml 2:4; 1 Kon 2:3; Dt 4:40; 5:31; Eks 15:26; Neh 9:14).

Daar gaan 'n nuwe bestel van YHWH uit, 'n nuwe lewensfeer (vgl. Jes 51:4v in konteks met Jes 42:1-4 en Jes 49:1-6) waarin Israel en die volke gelyklik hulle redding en sege sal ervaar in 'n regsorde wat op sy lering gebaseer is (Beuken 1983:115).

3.4.2.2.4 Die pad van die lewe

Die Ou Testamentiese ordebegrip, soos deur 'n aantal kernbegrippe belig, behels nie 'n statiese, klaar gevormde en voltooide 'toestand' nie. Veel eerder is dié begrip met beweging en dinamiese kontinuïteit gelaai. Daarom is dit nie vreemd dat die woord 'ōrach, 'n sterk ordeduidende woord, dikwels in die Ou Testament gebruik word nie. 'ōrach kom telkens in 'n figuurlike betekenis voor, byvoorbeeld: "die pad van die lewe" (Ps 16:11: " 'ōrach chajjîm "); "al die paaie van die Here" (Ps 25:10: "Kāl-'ārchôth YHWH"); "die pad van die regverdige" (Jes 26:7: "ōrach latsadîq "). Die dinamiese substraat in die Hebreeuse ordebegrip kom in 'n beduidende mate kontekstueel deur die gebruik van 'ōrach tot uiting.

'ōrach chajjîm in Psalm 16:11 dui op 'n lewenswyse wat vir YHWH welbehaaglik is, 'n lewenswyse waaroor nie net geteoretiseer word nie, maar wat soos 'n pad 'bewandel' word. Dit beteken meer as blote bestaan: die ware lewe dra 'n volheid van vreugde in hom om (Ridderbos 1955:132). Die orde van YHWH vir sy volk, waarvan "die pad van die lewe" 'n aanduiding is, behels so 'n innige verbondenheid aan Hom dat sy volk as't ware in Hom leef. Só word sy volk van die diensbaarheid aan die dood bevry (Calvyn OC 31:157v).

YHWH se 'weë' en sy 'waarheid' het 'n ekwivalente betekenis. As die digter

bid: "Here, maak my u weë bekend ... lei my in u waarheid" (Ps 25:4,5), dan bid hy om die waarheid wat God aan Israel bekend gemaak het, naamlik sy 'verbond' en sy 'gebooie' (Ps 25:10). Dáárin word YHWH se weë beskryf. Die paaie van YHWH is dus die lewensorde binne sy verbond, gegrond op sy gebooie, wat Hy as besondere lewenswyse aan sy volk voorskryf (Ridderbos 1955:218v).

Kāl-'ārchōth YHWH is die vaderlike weg waarop YHWH sy volk bewaar en koester. Dit is die gebaande dinamiese rigting waarin Hy sy volk lei en oor alle aangeleenthede heerskappy voer - sy volk ten goede (Calvyn OC 31:251v, 255v). Die pad van die Here is dié pad waarop 'n mens veilig is, die pad van behoud (Ps 27:11: vgl. Ridderbos 1955:237v; Calvyn OC 31:278).

Uit die konteks waarin "b^e'ōr^echōthāv " ("in sy paaie") met " thōrāh udh^ebhar-YHWH " (" die wet en die woord van YHWH") in Jesaja 2:3 voorkom, is dit legitiem om "die paaie" van YHWH hier as 'die ordinansies wat Hy aan die mens gestel het' te begryp (Ridderbos 1970:35). Die begrip 'ārchōth YHWH is gelaai met "the orders given to man" (Koehler-Baumgartner 1958:86), om die lewenswyse wat YHWH voorskryf ordelik te gehoorsaam (Mg 4:2; Jes 3:12; 26:7; Ps 44:19; 119:15).

Die waarborg van die lewe vir die volk (kerk) van God onder al die volkere lê hierin: "Gods daadwerkelyke bewind schiep een orde die zijn gelijk beveiligd en tevens Israels redding garandeert, - dit laatste echter niet ten koste der volken, maar ook tot hun heil (vgl. Jes 45:8,23). In de ene scheppingsorde van de enige God is geen plaats voor rivaliteit tussen de volken" (Beuken 1983:114v).

3.4.2.2.5 Die pad van die reg

Meermale word 'ōrach met mish^epat in die Ou Testament geparalleliseer

Geen mens het by YHWH inspraak 'ten opsigte van 'die pad van die reg' ("b^e'ōrach mish^epāt") nie. YHWH is die alleenbepaler van die regsorde waarin sy volk moet leef. Die mens kan nie eens die reg en wysheid van YHWH deurgrond nie; hy kan dit slegs aanbiddend bewonder (Jes 40:14: J. Ridderbos 1972:38).

YHWH se orde vir sy volk is nie 'n tirannieke, skrik-gerigte lewenswyse nie. Vir YHWH se gehoorsame kind is daar geen skrik in sy reg nie, trouens die gelowige verlang altyd na Hom. Sy orde vir sy volk is in der waarheid 'n orde van gerusstelling en beveiliging vir sy gelowige kinders (Jes 26:7,8: J. Ridderbos 1970:181). Maar die ongelowige wat YHWH se verbond versaak, se paaie lei na die dood (vgl. Spr 2:16-19: vgl. Gispen 1968b:50).

"Die paaie van die reg" ('ārchōth mish^epāt) dui in Spreuke 2:8;17:23 op die rigting waarin die regstoepassing moet gaan, die handeling by die regspraak wat aan die maatstaf van die reg, wat deur God verorden is, beantwoord moet word (Gispen 1954:44). Die woord 'ōrach, in sy figuurlike betekenis, kom meermale in Spreuke as 'n ordeduiding, waarin die skeidslyn tussen reg en verkeerd pertinent figureer, voor (vgl. Spr 1:19; 2:13,15,19,20; 3:6; 4:14,18; 5:6; 8:20; 9:15; 10:17; 12:28; 15:10,19,24).

3.4.2.2.6 Opdrag vanweë die verbond

YHWH se openbaring aan Israel moet die onaantasbare norm vir al die bewoners van die beloofde land wees. Daarom moet Israel binne die kader van 'n voorgeskrewe wyse leef. Buite die lewenswyse wat deur die voorskrifte en verordeninge van YHWH bepaal word, kom die volk buite die verbond te staan (vgl. Van Gelderen 1956:384; vgl. Craigie 1981:129 insake Dt 4:1).

Uit die perikoop 2 Konings 17:35-38 blyk dat "die voorskrifte" (" hachuqqîm ") in konteks met "die verordeninge" (" hamish^epātîm ") en "die wet" (" ha-thôrāh) en "die gebod" (" hamits^ewāh ") wat YHWH sy volk voorgeskryf het, 'n begrensde orde van gehoorsaamheid en onderdanigheid aan Hom daarstel. Die uitdruklike rede vir hierdie bindende orde is die verbond; hiermee open en sluit die perikoop: vers 35: "Wajjikh^erōth YHWH 'itām b^erîth ..." (" Tog het die Here met hulle 'n verbond gesluit ") en vers 38: " W^ehab^erîth 'a^esher-kāratî 't^ekhem lo' thish^ekāchû ..." (" En die verbond wat Ek met julle gesluit het, mag julle nie vergeet nie ") (vgl. Van Gelderen 1956:383-385).

Uit 1 Konings 8:61, in konteks met vers 57 en 58, blyk dat God gee wat Hy eis: Hy gee die hartgesteldheid om die verbondsorde as 'n lewenswyse wat Hy-self voorskryf, te onderhou. Hierdie verse is 'n gebed dat YHWH sy volk nie dit laat ontbreek wat die onmisbare voorwaarde is om sy seëninge te ontvang nie, te wete 'die weg van onderhouding van sy insettinge' (Van Gelderen 1951: 170v). Op grond van die verbondsverhouding wat tussen YHWH en sy volk bestaan, gee Hy 'n lewensorde wat Hom welbehaaglik is binne die raamwerk van sy voorskrifte (b^echuqqāv) en gebooie (mits^eôthāv) (1 Kon 8:61).

Die verbondsbetrekking, as die fundamentele basis vir YHWH se opdrag aan sy volk om 'n bepaalde lewensorde te onderhou, spreek ook duidelik uit byvoorbeeld Deuteronomium 27:10 in konteks met vers 9. *Omdat* jy die volk van YHWH geword het, moet jy sy gebooie en voorskrifte volbring (vgl. Craigie 1981:329, 325). Dieselfde verhouding tussen orde as 'n bepaalde lewenswyse en die verbond kom sprekend uit Deuteronomium 5:1,2; 4:6; 26:17 en Nehemia 9:14 na vore. Hieruit blyk dat die Sinaïtiese verbond as 'n ordereëlende instelling gefundeer is op die Abrahamitiese verbond. Deuteronomium 7:11, in konteks met 7:6-9, toon dat die voorgeskrewe gedrag en die bepaalde orde van die volk van YHWH teenoor die heidense volke van Kanaän ten diepste in die uitverkiesing setel

(vgl. Ridderbos 1963:130; vgl. Craigie 1981:179v).

3.4.2.2.7 Sigbaarmaking van die verbond

Die lewensorde van die volk van YHWH as opdrag vanweë sy verbond met sy volk, behels ook die sigbaarmaking van die verbond. Hy het die verbond met sy volk as 'n 'voorskrif' of 'insetting' (dit wil sê as 'n lewensorde: 1^echōq) bekragtig (1 Kron 16:15-17; kyk ook Ps 105:10 in konteks met v. 8-11). Derhalwe is die gevolg van die verbond 'n lewenswyse binne die begrensing van gehoorsaamheid aan YHWH. Dit hou in dat die volk van YHWH se ordelike lewenswyse 'n sigbare vergestaltung daarvan moet wees dat die God wie se heerskappy die ganse aarde omspan, vir hulle die troue Verbondsgod is wat hulle as sy volk geroep het (vgl. Noordtzij 1957a:136v). Weliswaar is die toeseegginge van die verbond goddelik eensydig (Noordtzij 1957a:137; vgl. Calvin OC 32:100-102), maar daardeur word die reële uitwerking van die verbond in 'n bepaalde lewensorde vir die volk van YHWH nie ontken nie, maar juis beklemtoon: vanweë YHWH se verbondsgenade is sy volk immers tot verbondsgehoorsaamheid geroep (vgl. 2 Kron 34:31: "Zo verplichten koning en volk zich opnieuw om naar des Heren wet, zoals die in het gevonden 'wetboek' - nu 'boek des verbonds' genoemd, omdat daarop die Here trouw gesworen wordt - tot hen kwam, te handelen" (Noordtzij 1957b:373)).

By die 'verbondsvernuwing' wat in Josua 24:25 plaasvind (Goslinga 1955:178), vind daar én 'n oplegging én 'n aanvaarding van 'n verpligting plaas (Kroeze 1968:259). Ook hier is dit duidelik dat die beloftes en die eise van die verbond sigbaar word in die lewensorde, wat juis (vanweë die verbond) binne die grense van YHWH se verordeninge tot uiting kom, deur hulle gelowige aanvaarding daarvan en hulle gehoorsame beantwoording daarop. Dit blyk dat die verbondstoesegginge 'n neerslag vind in chōq ûmish^epāt ('n voorskrif, 'n

insetting en 'n reg") waarbinne die ordelike bestel van 'n gelowig-gehoorsame lewenswyse gerealiseer moet word.

3.4.2.2.8 Diensbaar aan die belofte

Dikwels word die voorgeskrewe orde, dit wil sê die bepaalde lewenswyse van die volk van YHWH, aan sy belofte gekoppel. Dit beteken egter nie dat die volk se lewenswyse die primêre voorwaarde vir YHWH se belofte is nie.

In Genesis 26:4 word dié belofte gestel: "Ek sal jou nageslag so baie maak soos die sterre aan die hemel. Ek sal hierdie hele wêreld aan jou nageslag gee, en al die nasies van die aarde sal in jou nageslag geseën wees ..."

En in vers 5 word die voorgeskrewe lewensorde aan YHWH se belofte gekoppel:

"want Abraham het na my geluister en hy was gehoorsaam aan my bevel ('mish^e-mar^etî') : my gebooie ('mits^eôthai'), my voorskrifte ('chuqqôthai') en my wette (' w^ethôrôthāi')". Van Selms(1973:66) voer aan dat hierdie "want"

(ook vertaal met "omdat") nie in die sin van 'n *causa efficiens* beskou moet word nie. Die eerste belofte aan Abraham is immers nie vanweë sy verdienste gemaak nie, maar kragtens die uitverkiesing - wel in die sin dat die uitverkiesing 'n taak meegebring het en dat die belofte dus voorwaardelik was.

Die belofte aan Abraham word verwerklik, omdat Abraham hierdie verwerkliking nie deur ongehoorsaamheid verydel het nie - juis omdat God hom daartoe begenadig het. Die weldaad van die verkiesing en die belofte, die opname in die verbond, gaan die gehoorsaamheid vooraf, maar deur die gehoorsaamheid

- wat ook deur God moontlik gemaak word - word die verbond bevestig (vgl. die Nuwe Testamentiese toespeling hierop in 2 Pt 1:10). Derhalwe is die orde waarvolgens YHWH se volk moet leef nie voorwaardelik tot sy belofte nie; die belofte gaan die orde vooraf, en die belofte word in die orde bevestig.

Dit is aantoonbaar dat chōq, mits^ewāh en mish^epāt, in hulle verbuigings,

as die raamwerk van 'n bepaalde lewensorde, op bogenoemde patroon herhaaldelik gebruik word om dié orde in diens van YHWH se belofte te stel ("chuqqāw" en "mits^eōtāv" in Eks 15:26; Dt 4:40; 6:2; "chuqqīm" en "mish^epātīm" in Dt 4:1,5,8 14; 11:32; 2 Kon 33:8; 1 Kron 22:13; "chuqqai" en "mish^epātai" in 1 Kon 9:4; 2 Kron 7:17). Dit is YHWH self wat sy volk in 'n bepaalde orde lei en bewaar (Jes 48:17) en sy belofte koppel aan die gehoorsaming van daardie orde (Jes 48:18v) (vgl. J. Ridderbos 1972:117v).

Gesien in die raamwerk dat YHWH sy volk eers verlos het en daarna die dekalooq aan hulle gegee het (vgl. Eks 20), waardeur Hy 'n wetlik omlynde lewensorde aan hulle voorgeskryf het (eers die *eksodus* as 'evangelie' daarna die *wet* as 'dankbaarheidsreël'), kan die volk se voorgeskrewe lewensorde wat in diens van die belofte van die lewe staan, nie anders gesien word as 'n volkome appèl op die volk se dankbaarheidsbetoon nie (Ridderbos 1963:127; vgl. Craigie 1981:151). Van die voorgeskrewe lewensorde hang vir Israel nie slegs hulle welsyn af nie, maar 'n ware en persoonlike verhouding met God deur sy verbond (Dt 6:24; Craigie 1981:175). Dié voorgeskrewe lewensorde is die weg wat tot die lewe lei (kyk 3.4.2.2.4), en is as sodanig volkome diensbaar aan God se belofte vir sy volk.

3.4.2.2.9 Oorskryding van die Orde

Sý voorskrifte (" chuqqāw") en sý verbond (" b^erîthō ") is onlosmaaklik aan mekaar verbind (vgl. 2 Kon 17:15). Die voorskrifte het ten doel om die orde vir die lewe in die verbond te bepaal en om 'n begrensing vir die lewe in die verbond daar te stel (vgl. Van Gelderen 1956:364). Bring (1969:35) stel volkome juis : "Die Aufgabe des alttestamentlichen Gesetz war, der Gerechtigkeit Gottes zu dienen."

Indien die orde binne die begrensing van die voorskrifte oorskry word, word

die verbond verbreek en dit lei tot ' hebel ' (nietigheid/ledigheid/ydelheid) (Koehler-Baumgartner 1958:223): die volstrekte teendeel van YHWH se wese (Van Gelderen 1956:364). Die oordeel van YHWH oor die verwerping van sy lewensorde vir sy volk, en derhalwe die oortreding van sy geregtigheid, volg onvermydelik (vgl. 2 Kon 17:15-17 in konteks met v. 18,20).

Wie YHWH se orde vir sy volk verwerp, verwerp Hóm en die waarheid wat Hy aan sy volk toevertrou. En wie Hóm verwerp, fabriseer ander gode, leuen-gode en valse leerstellinge in die plek van YHWH se openbaring (Am 2:4: Laetsch 1970:144). Die oordeel van YHWH kom soos 'n boemerang op die oortreders af (Am 2:5). Uiteindelik loop YHWH se oordeel onkeerbaar op die eindgerig af (Jes 24:5 in konteks met v.6vv).

3.4.2.3 Samevatting

Om die betekenis van die veronderstelde begrip 'God se orde vir sy volk (kerk)' in die Ou Testament te peil, is 'n aantal kernbegrippe uit die wetsfeer as uitgangspunt geneem, begrippe wat blykens die ondersoek 'n bepaalde orde uitbeeld: *chōq*, *'ōrach*, *mits^ewāh* en *tōrāh*. Hierdie begrippe is leksikologies weergegee en kontekstueel geëvalueer.

Deur hierdie begrippe in hulle kontekstuele plasing na te gaan, is 'n perspektief op die inhoud van die veronderstelde orde, waarin God se volk as verbondsvolk moet leef, ontwikkel. Deur die ondersoek na die inhoud van dié orde is nie slegs die bestaansmoontlikheid daarvan (kyk 3.4.1, veral aantekening 1) as 'n *sine qua non* aangetoon nie, maar die betekeniswaarde daarvan is deur die volgende betekenisduidelike aspekte verwoord:

- (i) Die orde as lewensreël van gehoorsaamheid aan YHWH .
- (ii) Die orde lei tot 'n lewensfeer gegrond op die gebooie van YHWH.
- (iii) Die orde as die pad van die lewe met YHWH.
- (iv) Die orde as die pad van reg met YHWH.
- (v) Die orde as opdrag vanweë die verbond van YHWH.
- (vi) Die orde as die sigbaarmaking van die verbond van YHWH.
- (vii) Die orde in diens van YHWH se belofte.
- (viii) Oorskryding van die orde lei tot YHWH se oordeel.

Uit die genoemde betekenisduidelike aspekte blyk dat daar terdeë gronde in die Ou Testament gevind is om van 'God se orde vir sy volk (kerk)' in die Ou Testament te kan praat. Hierdie orde word deur sy insettinge of voorskrifte begrens en is bepalend vir die lewensruimte waarbinne YHWH se volk in verbondsbetrekking met Hom moet leef. Die Ou Testamentiese betekenis van God se orde vir sy volk (kerk) is ongetwyfeld van prinsipiële waarde vir 'n peiling van die Skrifbetekenis van dié orde.

3.4.3 *In die Nuwe Testament*

3.4.3.1 Leksikologiese betekenis

3.4.3.1.1 $\tau\acute{\alpha}\xi\iota\varsigma$

$\tau\acute{\alpha}\xi\iota\varsigma$ ³⁾ behoort wat sy gebruik in die Nuwe Testament betref, tot die semantiese klas *abstrakte*: dit beskryf naamlik die kwaliteit van gebeure of objekte of situasies; dit is nie die gebeure self soos byvoorbeeld $\tau\acute{\alpha}\sigma\omega$ nie (Louw & Nida se voorbereidende aantekeninge vir "The Greek New Testament Wordbook for Translators" wat hede nog nie verskyn het nie - weergegee deur Smit 1984a:15v).

Leksikologies kan $\tau\acute{\alpha}\xi\iota\varsigma$ in drie betekenisgroeperinge onderskei word (Louw & Nida ... weergegee deur Smit 1984a:16-18):

- (i) Die *soort* of *tipe* of *klas* waartoe 'n item behoort, met ander woorde sy bepaalde *posisie*, of *plek in 'n sisteem*; dit wil sê die *kategorie* waartoe iets behoort. Dit kan in Afrikaans vertaal word met: 'klas'; 'tipe'; 'soort'; 'kategorie' (Heb 5:6;7:11).
- (ii) Die *opvolging* van items in 'n *reeks*. Dit kan in Afrikaans vertaal word met 'beurt' (Lk 1:8).
- (iii) Die *behoorlike* en *toepaslike* aanbring of *rangskikking* van items. Dit kan in Afrikaans vertaal word met: 'orde'; 'ordelik' (1 Kor 14:40; Kol 2:5).

Uiteraard val die klem in hierdie studie op τάξις volgens die laasgenoemde betekenisgroepering van 'orde', 'ordelik'.

Ander terme in die Nuwe Testament wat hierdie betekenis van τάξις deel:

ἐπιδορθῶ : in orde bring = om iets in die korrekte orde te laat wees (Tt 1:5).

διόρθωσις : ordelike bestel (Heb 9:10).

διατάσσω : reël van die ordelike verloop van 'n saak = ordereëling (Hd 20:13).

προστάσσω : rangskik = bepaal orde (Hd 17:26).

τάξις, διατάσσω en προστάσσω fokus op *rangskikking*.

ἐπιδορθῶ en διόρθωσις fokus op die *behoorlike*, die *korrekte* en die *toepaslike* van ordening.

Hoewel hierdie terme die grondbetekenis van τάξις weerspieël, kom nie een van hulle in die Nuwe Testamentiese konteks voor waaruit 'God se orde vir sy kerk' betekenis verkry nie (vgl. Moulton et al. 1980). Vir die evaluering van die kontekstuele aspekte word derhalwe met τάξις volstaan.

3.4.3.2 Kontekstuele betekenisaspekte: semanties bepaal

3.4.3.2.1 Oriëntering

Die spesifieke term 'God se orde' kom nie in die Nuwe Testament voor nie.

Die orde wat vir die kerk ter sprake kom (1 Kor 14:40; Kol 2:5) kan egter nie van God losgemaak word en op 'n bloot horisontale vlak gestel word nie. Wie 'kerk' sê, sê immers ook 'God', wie 'orde met betrekking tot die kerk' sê, sê dus ook 'orde van God'. Soos wat Hy die *quod* van die kerk bepaal (Rm 8:29; Ef 1:10-13, só bepaal Hy ook die *modus quo* van die kerk (die *hoe* van kerkwees) (bv. Tm 3;4:6-16) op grond van die ware leer (1 Tm 4:16; 6:3-5). Om te praat van 'God se orde vir sy kerk' beteken 'die kerk se orde wat God gegee het'.

In hierdie subafdeling word τάξις ook uit Kolossense 2:5 kontekstueel ge-evalueer, maar die klem val op die *locus classicus* in die Nuwe Testament waaruit God se orde met betrekking tot sy kerk afgelei kan word, naamlik 1 Korintiërs 14:40 (Calvyn II,viii,32; III,xx,29; IV,x,27). Uit hierdie teks word τάξις kontekstueel in sy semantiese betekenisveld geëvalueer (kyk 3.4.1)..

3.4.3.2.2 God se orde in Christus

In *Kolossense 2:5* is die ordebegrip in konteks met die perikoop (Kol 2:1-5), maar veral ook in konteks met die stofblok (Kol 1:9-2:19), waarin dit om die aard en werk van Christus gaan, 'n direkte rigtingpyler na Christus toe. In Kolossense 2:2 bemoedig/versterk die apostel Paulus die gelowiges tot 'n liefdesverbondenheid met mekaar (" ἵνα παρακληθῶσιν αἱ καρδίαι αὐτῶν, συμβιβασθέντες ἐν ἀγάπῃ ...", sodat hulle God se geheimenis kan ken ("... εἰς ἐπίγνωσιν τοῦ μυστηρίου τοῦ θεοῦ ...") wat "diep en volledige insig" veronderstel. Hierdie geheimenis is Christus en wie hierin deel sal dit sigbaar toon deur die orde en 'n standvastige geloof te handhaaf. " Τάξις " word hier kwalitatief parallel deur " καὶ " verbind met " το στερέωμα τῆς εἰς Χριστὸν πίστεως " (Kol 2:5). Soos wat Christus die hart van die gelowige se geestelike lewe is, so is Hy

Ook die hart van die orde wat hulle moet onderhou (vgl. Carson 1983:59). Die onderhouding van die orde (soos deur Christus en die apostels gegee) is 'n teken daarvan dat hulle geloof in Christus vas staan en dat niemand hulle met valse redenasies mislei nie (v.5 in konteks met v.4).

Ek konkludeer dat 'τάξις' in Kolossense 2:5 deur Christus geaktiveer word as die diepste dryfveer en die bepalende sin van die woordbetekenis. Die orde waarom dit hier gaan, is 'n orde in en deur Jesus Christus.

In 1 Korintiërs 14:40 word τάξις deur die volgende semanties-bepalende woorde⁴⁾ in die perikoop aan Christus gekoppel (1 Kor 14:26-40):

- (i) Κατὰ (τάξιν) in 1 Korintiërs 14:40 is 'n voorsetselfrase 'soos wat', 'ooreenkomstig met', 'op die manier wat', saam met 'n veronderstelde *subjektiewe genitief* wat uit die konteks afgelei moet word (Funk 1975:120, para 224). Uit die konteks blyk dat ἐντολή(ς) die veronderstelde genitief is (1 Kor 14:37). Die frase met die veronderstelde genitief lui: Κατὰ τάξιν ἐντολής. Getransformeer (Nida & Taber 1974:44) beteken Κατὰ 'ten aansien van τάξιν': "orde soos wat *die gebod* beveel".

Κατὰ se semantiese bepaling van τάξις lê in 'orde' die betekenis van orde-ooreenkomstig-die-gebod-van-die-Here.

- (ii) Ἐντολή in 1 Korintiërs 14:37 beteken: gebod; wet; bevel; voorskrif; lering.. Dit is die mees algemene term vir morele en godsdienstige voorskrifte (bv. Mt 5:19; Hd 17:15; Rm 7:8-13; 13:9; 1 Kor 7:19; Ef 2:15; Kol 4:10). Ἐντολή τοῦ κυρίου het die betekenis van 'n gebod, wet, bevel, voorskrif van die Here (Vine, s.j.:212).

Ἐντολή se semantiese bepaling van τάξις lê in 'orde' - binne die genoemde konteks - 'n voorskrif, 'n wet van die Here en derhalwe bevestig en versterk κατὰ (bogenoem) in 'n semantiese sin die betekenis van τάξις as 'n gebod van die Here.

- (iii) Οἰκοδομὴν in 1 Korintiërs 14:26 beteken: stigting; gebou; letterlik om 'n huis te bou (οἶκος=huis; δομῶ = om te bou) (Mt 7:24; Lk 4:29;

6:48; Jh 2:20; Hd 20:32; Rm 14:19;15:2). As 'n selfstandige naamwoord beteken οἰκοδομὴν : die plaaslike kerk as 'n geestelike gebou (1 Kor 3:9), of die universele kerk (Ef 2:21). Hierdie begrip word ook gebruik om die krag van die bediening uit te druk (Ef 4:12,16,29). Dit word ook gebruik met betrekking tot die gelowige se opgestane liggaam (2 Kor 5:1) (Vine s.j.: 158,358).

In Korintiërs 14 word die woord herhaaldelik gebruik (v.v.3,4,5, 12,26). Die gebruik daarvan in vers 26(as inleiding van die peri-koop) trek 'n strukturele verband met vers 40 (as slot van die peri-koop): die opdrag dat alles ooreenkomstig die gebod van die Here ordelik moet gebeur, het die opbou (stigting) van die gemeente ten grondslag (Grosheide 1957:373,381). 'Die opbou van die gemeen-te' is 'n direkte rigtingpyler na Christus toe: Hy is immers die Fondament (1 Kor 3:11) en die Hoeksteen (1 Pt 2:4-8).

Οἰκοδομὴν se semantiese bepaling van τάξις is dat die orde 'n opbou-betekenisaspek het. Die orde waarin die herstelde gemeenskap opbouend gevorm word, wys terug op die orde wat as 'έντολή' deur die Here gegee is.

- (iv) Εἰρήνης in 1. Korintiërs 14:33 het die betekenis van vrede in die sin van harmonieuse verhoudings. 'Die God van vrede' (kyk ook Rm 15:33;16:20; Flp 4:9; 1 Ts 5:23; Heb 13:20; 2 Kor 13:11) lê 'n soteriologiese én 'n eskatologiese betekeniswaarde in die woord bloot (Vine s.j.:851). Onder hierdie fokuspunt is dit slegs ter sake om op die soteriologiese aspek te konsentreer.

Op die oog af word hier 'n vreemde, moontlik slordige teenstelling gemaak: ἀκαταστασίας teenoor εἰρήνης ("God is nie 'n God van wanorde nie, maar van vrede ..."). Westers-logies georiënteer sou ons ten minste die geykte 'orde' as die vanselfsprekende teenoorge-stelde van 'wanorde' verwag het. Maar die teëstellinge wat die Skrif maak, lê meermale (berekend) buite die reikwydte van ons logies-vanselfsprekende verwagtinge. Hierdie 'onlogiese' teenstelling het 'n definitiewe betekenis. Gesien uit die perikoop, met vers 40 as die samevattende sluitsteen, word die *horisontaal-negatief* gerigte lyn van orde na wanorde verlê na 'n *vertikaal-positief* gerigte lyn van

orde na vrede toe (Smit 1984b:38). Dit beteken dat die orde in die vrede gewortel is, en nader bepaal in die vrede van God (vgl. Kamphuis 1966:14). Omdat God vrede wil, dáárom skeep Hy orde (vgl. 1 Kor 14:40: Grosheide 1957:378). Vanweë die vrede móét daar dus orde wees: orde is 'n vrug van die vrede met God.

Die orde is gesubordineer aan die vrede. En 'vrede met God' het uiteraard alles met Christus te make. Sonder Hom kan daar geen vrede met God wees nie. Die vrede in Christus dui op 'n totale lewensherstel (Lk 2:14) as gevolg van die herstelde verhouding met God (Rm 5:1) (vgl. Ridderbos 1960:219). Vrede is dus die allesbeheersende gevolg van die versoeningsdaad in en deur Jesus Christus (vgl. Ridderbos 1971:198). En die versoening is nie slegs 'n aanmaning om die vyandige gesindheid teenoor God te laat vaar nie. Nee, dit is 'n radikale, allesveranderende daad van Christus waardeur Hy die mens letterlik teen wil en dank weer die plek laat inneem waarop hy deur God "neergesit" is (vgl. Pop 1978:337).

1 Korintiërs 14:33 het ook die betekenis dat waar die sonde heers, is daar wanorde, maar waar God heers, is daar vrede. Binne die kader van vrede met God en met mekaar, as 'n vrug van die heil in en deur Jesus Christus, skeep Christus 'n nuwe orde (vgl. Vine s.j.:85lv), naamlik die kerk-as-herstelde-orde en derhalwe as *verus orde* (vgl. Spoelstra 1978:27v).

Saamgevat: Omdat Christus self die vrede met God is (Ef 2:14vv), kom die herstelde orde van Hóm (Calvyn IV,vi,9; vgl. Van der Walt 1976:160v). Vanweë die vrede, deur Christus, kan die orde funksioneer, óók deur Christus. Die orde is nog onvolkome, maar reeds permanent; dit word deur die Skrifbelofte gedra, naamlik dat dit eenmaal voltooi sal word wanneer elkeen en alles volkome op sy/hul eie plek sal funksioneer, na sy/hul eie aard, soos deur God bepaal (vgl. Pop 1978:387).

Εἰρήνης, soteriologies gesien, se semantiese bepaling van τῶς is dat 'orde' ook die betekenisaspek van 'herstelde werklikheid', wat deur vrede en heil bepaal word, in hom omdra: sodat mense weer op hulle God-gegewe plek en binne die goddelike bedoeling kan funksioneer. Orde is die vrug van vrede met God en met mekaar in en deur Jesus Christus.

3.4.3.2.3 'Reeds' en tog 'nog nie'

Die 'reeds'-aspek van God se orde word deur τὰξίς in Kolossense 2:5 beklemtoon. Die orde is 'n feit, die apostel verbly hom daaroor. Kontekstueel gesien dui die orde op die herstelde gemeenskap, dit staan in verband met die geloof in Jesus Christus. Trouens, die "goeie orde" is juis die gevolg van "die vastigheid van julle geloof in Christus". Hulle is in Christus "gewortel" en "opgebou" (v.7). Dit blyk dat die "goeie orde" volkome deur Christus bepaal word en dus geheel en al afhanklik is van Hom.

Die nuwe orde waarvan die apostel praat, is 'n *geloofsorde* wat nie in die eerste plek deur menslike tradisie bepaal word nie, maar juis deur Christus. Christus is die Daarsteller en die Gewer van die nuwe orde, maar tegelyk is Hy die Oorsaak en die Doel van die gelowiges se geestelike groei en ontwikkeling (Kol 2:6,7: vgl. Carson 1983:59v). Buite Christus om kan hierdie orde nie bestaan nie. Dit is 'n orde *uit* Hom, *deur* Hom en *om* Hom : " ... Here the preposition ἐν suggests rather the fact that Christ is the means whereby the fabric is held together" (Carson 1983:59v). Die historiese feit van die koms van Jesus Christus is terselfdertyd die historiese feit van die nuwe orde wat deur sy koms historiese beslag gekry het. Die 'reeds'-aspek kwalifiseer die nuwe orde as 'n gerealiseerde werklikheid.

Tog spreek daar uit die nuwe orde ook 'n 'nog nie'-aspek. Daar is 'n duidelike opdrag wat Kolossense 2:5 in konteks met vers 6 en 7 bring. Die orde is gerealiseer, maar dit moet behou en uitgebou word. τὰξίς is die kontekstuele grond van die imperatief in vers 6 en 7 waarvolgens in Christus gewandel moet word, "gewortel en opgebou in Hom" tot oorvloedige dankbaarheid. Uit die konteks met vers 5 gaan dit in vers 6 en 7 om die orde in Christus te behou en daarin opgebou te word (" ... ἐν αὐτῷ περιπατεῖτε, ῥριζωμένοι καὶ ἐποικοδομοῦμενοι ἐν αὐτῷ ..." (Kol. 2:6,7)), sodat "die vastig-

heid van julle geloof in Christus" (v.5) intak kan bly. Uit hierdie teks spreek die 'nog nie'-aspek van die nuwe orde duidelik: stryd om die geloof se ontwil, stryd om in Christus te bly wandel. Indien die orde verbrokkel, sal dit 'n teken daarvan wees dat die geloof gekwyn het. Die volkomenheid van God se orde bly in hierdie bedeling die ideaal, die vervulling lê in die toekoms wanneer Christus deur sy wederkoms self die vervulling word (2 Pt 3:11-15). As die Voleinder beskik alleen Hy oor die opheffing van die 'nog nie'-aspek van die herskepping.

Ook in 1 Korintiërs 14:40 kom die 'reeds-' en 'nog nie'-aspekte van $\tau\acute{\alpha}\xi\iota\varsigma$ sterk na vore. Dit kan kontekstueel uit 'n aantal semanties-bepalende woorde afgelei word:

- (i) $\pi\acute{\alpha}\nu\tau\alpha$ in 1 Korintiërs 14:40 is 'n onsydige, meervoudige vorm van $\pi\acute{\alpha}\varsigma$. Dit beteken: alles; tesame; op alle maniere; in alle dinge (bv. Hd 20:35; 1 Kor 9:25). Sonder die lidwoord, soos in 1 Korintiërs 14:40, word "alle dinge" sterk beklemtoon (bv. Jh 1:3: "Alle dinge is deur Hom geskape ..."; 1 Kor 2:10: " ... die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God") (Vine sj.:48).

Uit die ringskomposisie as erkende deel van die Griekse redevoeringspatroon, is daar ooreenstemmende aspekte in die samevattende slotgedagte en die inleidende gedagte van die perikoop waardeur 'n bepaalde saak aan die orde gestel word (Louw 1976:123). Struktureel blyk daar dus 'n kontekstuele band tussen $\pi\acute{\alpha}\nu\tau\alpha$ in vers 40 en $\pi\acute{\alpha}\nu\tau\alpha$ in vers 26: "Laat alle dinge tot stigting gebeur" (v. 26) en "Laat alle dinge betaamlik en ordelik plaasvind" (v.40). In beide, vers 26 en vers 40, wys $\pi\acute{\alpha}\nu\tau\alpha$ wél op die sake wat tussenin gestel word, maar (sonder lidwoord) wys dit ook op veel meer - juis ter versterking van die gedagte dat dit in die gestelde sake ordelik en opbouend moet toegaan.

$\pi\acute{\alpha}\nu\tau\alpha$ se semantiese bepaling van $\tau\acute{\alpha}\xi\iota\varsigma$ lê daarin dat *alles* met betrekking tot die kerklike samekomste, sowel as in die kerklike lewe in geheel, aan die eis tot orde onderhewig is. Hieruit blyk die 'reed' van die orde as 'n gegewe werklikheid (indikatief: soos deur Christus en die apostels gegee); die 'nog nie'-aspek van $\tau\acute{\alpha}\xi\iota\varsigma$ lê in die imperatief

daar moet steeds gewerk word om alles daaraan te laat beantwoord. Die uiteindelijke volkome beantwoording aan die vereiste orde word eskatologies vervul.

- (ii) Εὐσχημόνως in 1 Korintiërs 14:40 beteken: betaamlik; welvoeglik; paslik; geskik; behoorlik (in teenstelling met die wanorde ten opsigte van die uitsinnige beoefening van die glossolalie in Korinte soos dit uit die stofblok 1 Korintiërs 12-14 blyk, en die gevolglike minagting van medegelowiges wat nie tongetale beoefen het nie) (vgl. Van Stempvoort 1956:5; Klijn 1968:102-105). Die woord kan ook die betekenis van 'eerbaarheid' hê in kontras met die skaamteloosheid van die heidense sosiale lewe (bv. Rm 13:13) en in kontras met luiheid en die gepaardgaande euwels waardeur die Christelike boodskap nie behoorlik uitgeleef kan word na buitentoe, in die heidense milieu, nie (bv. 1 Ts 4:12; Vine s.j.:282; Guthrie 1968:46; Klijn 1968:98v).

Εὐσχημόνως se semantiese bepaling van die 'reeds' van τάξις lê daarin dat die betaamlikheid en welvoeglikheid van die orde 'n feit is. Christus het 'n totaal nuwe lewenswyse gebring in skerp kontras met die ἀκαταστάσις van die wêreldse lewenswyse. Deur die Christelike orde en die Christelike etiek het die hele wêreld sedert Christus se koms onherroeplik verander. Die 'nog nie'-aspek van dié orde lê daarin dat die volkommenheid nie slegs ontbreek nie, maar dat dit kragtens die belofte van God in vervulling sal gaan met die wederkoms (vgl. 1 Kor 13:10,12).

- (iii) Ἀκαταστάσις in 1 Korintiërs 14:23 beteken: onstabiliteit wat 'n toestand van wanorde inhou; beroering; opskudding; verwarring; 'n warboel (bv. Lk 21:9; 2 Kor 6:5;12:20). In konteks met genoemde Skrifgedeeltes, vind hierdie woord sy bepalende plek tussen woorde soos oorloë, opstande, oproere, slae, gevangenskap, twis, jaloersheid, toornigheid, verdeeldheid, kwaadsprekery, nuusdraery, verwaandheid (Vine s.j.:229).

Saamgevat beteken ἀκαταστάσις onstabiliteit wat sowel geestelike en figuurlike wanorde as letterlike, ruimtelike wanorde inhou in die sin dat "mense of dinge niet langer de plaats innemen, waarop zij deur God zijn neergezet" (Pop 1978:337).

Ἀναταστάσις se semantiese bepaling van τάξις lê daarin dat 'orde' die radikale teenoorgestelde van beroering, opskudding verwarring, verdeeldheid, twis en tweedrag is. Die 'reeds' van τάξις in hierdie konteks dui op 'n nuwe werklikheid wat in hierdie sondebedeling ingebreek het, waarin mense die plek inneem wat deur God vir hulle bepaal is. Die 'nog nie'-aspek van τάξις in hierdie konteks dui daarop dat hoewel die nuwe, ordelike bedeling reeds 'n onveranderbare werklikheid is, is dit nog nie volkome en allesomvattend nie: tans is hierdie nuwe bedeling die werklikheid van die eerste lig waarin die dag reeds aangebreek het, maar nog nie in sy volheid gekom het nie.

- (iv) γινέσθω in 1 Korintiërs 14:40 is 'n werkwoord met die modus *praesens imperatief*, met die betekenis van doen; plaasvind; gebeur. Die *praesens imperatief* is 'n bevelvorm wat 'n voortdurende of herhalende opdrag uitdruk en wat homself onder andere manifesteer in 'n voortgesette handeling (Funk 1975:72 para 335v).

γινέσθω se semantiese bepaling van τάξις hou dus in dat die 'orde' 'n kontinue-aspek het: dit moet voortdurend onderhou word. Op grond van die 'reeds' van die orde moet vanweë die 'nog nie'-karakter daarvan steeds gestreef word na die vervulling daarvan deur daarvolgens te leef.

- (v) Εἰρήνη in 1 Korintiërs 14:33 se soteriologiese betekeniswaarde is reeds geëvalueer (kyk 3.4.3.2.2,iv). Hier word vervolgens op die eskatologiese betekeniswaarde van die begrip ingegaan.

Hoewel εἰρήνη 'n reeds heersende toestand van harmonie tussen God en sy kind, en gelowiges onderling, vanweë die totale lewensherstel in Christus, verwoord (kyk 3.4.3.2.2) dui hierdie begrip in 'n ruimer sin op die eskatologiese heilstoestand wat in die vervulling van die lewensherstel in Christus bestaan (Lk 2:14) (Kol 3:15: Ridderbos 1960:219). In Efesiërs 2:14 bring "εἰρήνη" ons by die resultaat (nog nie volbring nie) van die werk van Christus (reeds volbring) waardeur daar vrede tussen God en sy sondaarkinders kom (Grosheide 1960:43).

Omdat die 'vrede' ook 'n eskatologiese betekeniswaarde het, is die 'orde' wat mede daardeur kontekstueel-semanties bepaal word, nie alleen ten nouste verbind met die heilslewe van die kerk nie (vgl. Weber 1962:625), maar ook eskatologies bepalend vir die uitsig van die kerk op sy toekoms. Sonder orde verloor die kerk die visie op sy bestemming. Trouens, sonder die orde wat Christus en die apostels vir die kerk gegee het, sal die kerk ontaard in 'n eiesinnige, destruktiewe gemeenskap, wat soos 'n kwaadaardige organisme sy eie vernietiging in homself omdra. Sonder dié orde val die kerk weer terug (en val hy derhalwe uiteen) op die paradysleuen waardeur die mens trag om soos God te wees. En sy onvervulde bestemming sou in die onbereikbare vertes verdwyn (vgl. Plomp 1967:17; vgl. Pop 1978:337). Benewens die soteriologiese basis van τῷ ἔλεει, as God se orde vir sy kerk, is daar dus ook 'n onmiskenbare eskatologiese uitsig in τῷ ἔλεει (Van't Spijker 1972: 26).

Selfs in die Ou Testament is die ekwivalente begrip vir εἰρήνη (shālôm) ten diepste 'n heenwyser na 'n nuwe orde in eskatologiese betekenis: 'n nuwe orde wat 'reeds' in hierdie bedeling kom en tog gekenmerk word deur sy 'nog nie'-karakter. In dié sin moet aspekte van die begrip shālôm se betekenis verstaan word: volkomenheid (Ps 35:27; 37:11.37); seën (Ps 29:11); volheid (Ps 72:7); geregtigheid (Ps 85:11); wetsgehoorsaamheid (Ps 119:165) (vgl. Koehler-Baumgartner 1958:973v).

Shālôm beteken "niet enkel 'vrede' in onze zin, maar 'heil' in de volste en rijkste zin van het woord" (Ridderbos 1955:249). Die eskatologie van die heil as die staat van 'shālôm' kom in die volgende betekenisaspekte tot uiting: volkomenheid, 'n toestand waarin niks ontbreek nie. Vrede is dan ook dié faktor in die lewe wat die lewe 'n toekomsgerigtheid, 'n eskatologiese uitsig op die volkomenheid gee. Vrede dui nie slegs op die gesindheid van die hart nie, trouens dit is 'n heenwysing na die allesomvattende eskatologiese heilsgawe: die toestand van 'shālôm' waarin God weer onbeperkte heerskappy het (Smit 1984a:24).

Εἰρήνη, eskatologies gesien, se semantiese bepaling van

τάξις is dat daar 'reeds' iets van die harmonie van die Toekomstige Eeu in die nuwe, herstelde orde herkenbaar word. Terselfdertyd wys die eskatologiese betekeniswaarde van εἰρήνης daarop dat τάξις in hierdie bedeling 'nog nie' die volkommenheid van God se herstelde orde verteenwoordig nie.

3.4.3.3 Samevatting

Die betekenis van 'God se orde vir sy kerk' in die Nuwe Testament is aan die hand van die enkele term τάξις ondersoek. Leksikologies is die betekenis van τάξις bepaal as 'orde', 'ordelik', in die sin van die 'behoorlike en toepaslike ordening van dinge'.

Verder is die betekenisaspekte van τάξις aan die hand van Kolossense 2:5 en 1 Korintiërs 14:40 kontekstueel ondersoek. Die klem val op 1 Korintiërs 14:40 waaruit die betekenisaspekte van τάξις in sy samehange semanties nagevors is.

Hieruit blyk dat τάξις die volgende betekenisaspekte het wat in Christus sentreer:

- (i) Dit is 'n orde in en deur Jesus Christus
- (ii) Dit is 'n orde wat op die geloof in Christus gebou is.
- (iii) Dit is 'n orde ooreenkomstig die gebod van die Here.
- (iv) Die orde self is 'n voorskrif van die Here.
- (v) Die doel van die orde is om die herstelde gemeenskap opbouend te vorm. Daarom is Christus die Fondament en die Hoeksteen.
- (vi) Die orde behels ook die 'herstelde werklikheid' wat deur vrede en heil bepaal word, sodat mense weer op hulle Godgegewe plek en binne die goddelike bedoeling kan funksioneer. Orde is die vrug van vrede met God en met mekaar in en deur Jesus Christus.

Die volgende betekenisaspekte is vasgestel waarin die 'reeds'- en die 'nog nie'-karakter van die nuwe bedeling in Christus betekenisvol na vore kom:

- (i) Alles met betrekking tot die kerklike samekomste, sowel as die kerklike lewe in sy geheel, is aan die orde onderhewig. Die orde is reeds 'n dwingende werklikheid. Die volkome beantwoording aan die vereiste orde word egter eers eskatologies vervul.
- (ii) Die betaamlikheid en welvoeglikheid van die orde is reeds 'n feit. Die volkomenheid van hierdie nuwe lewenswyse het egter nog nie in vervulling gegaan nie.
- (iii) Orde is die radikale teenoorgestelde van beroering, opskudding, verwarring, verdeeldheid, twis en tweedrag. Hierdie orde is reeds gegee, maar die volkomenheid daarvan is nog nie in hierdie bedeling van sondeverbrokkeling moontlik nie.
- (iv) Die orde moet voortdurend onderhou word en deur daarvolgens te leef, moet steeds na die vervulling daarvan gestreef word.
- (v) In die orde is reeds iets van die vrede van die Toekomstige Eeu herkenbaar, terselfdertyd wys die onvolkomenheid van die vredesaspek daarop dat die volkomenheid van God se herstelde orde nog nie in die kerk se orde vir hierdie bedeling te vind is nie.

Uit die genoemde betekenisaspekte blyk dat 'God se orde vir sy kerk' in die Nuwe Testament 'n definitiewe funksionerende begrip is wat 'n rykgeskakeerde tekeniswaarde het (vgl. 3.4.1, aantekening 2). Trouens, dit blyk dat dié begrip van grondliggende en prinsipiële belang vir die kerk is. Die voortbestaan van die kerk in hierdie bedeling word deur dié orde beveilig, terselfdertyd tender die orde na dié tyd wanneer "God alles in almal kan wees" (1 Kor 15:28).

3.4.4 *Peiling*

Uit sowel die Ou- as die Nuwe Testament blyk 'n wye spektrum van betekenisaspekte. Uit hierdie betekenisaspekte word die betekeniswaarde van die begrip 'God se orde vir sy kerk' gepeil en bondig weergegee.

God se orde vir sy kerk word wel formeel deur sy verordeninge en voorskrifte bepaal, maar dit is nie slegs 'n formele, uitwendige orde waaraan op 'n bloot formele wyse voldoen moet word nie: dit is 'n lewenswet van die hart (kyk 3.4.2.2.2). Die orde wat Hy vir sy kerk bepaal, is nie 'n struktuur nie, dit is 'n dinamiese begrip waarin 'n bepaalde lewenswyse verteenwoordig word. Hierdie lewenswyse is God se verbondsgemeenskap met die mens waaraan die mens op 'n dankbare, gehoorsame wyse moet beantwoord (kyk 3.4.2.2.4, 3.4.3.2.2, 3.4.3.2.3). Dit is 'n polsende, vreugdevolle lewenswyse, binne die begrensing van bepaalde voorskrifte, waarin God se nabyheid weerspieël word (kyk 3.4.2.2.3; 3.4.3.2.2, iv). So gesien is die orde wat die Here deur sy voorskrifte vir sy kerk bepaal, 'n lewenswyse voor sy heilige aangesig waarin "die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan" (Flp 4:7) reeds in beginsel teenwoordig is (kyk 3.4.2.2.3). Daarom moet die orde vir God se kerk nie verstrukturaliseer, 'verdinglik' word nie. Hoewel die orde normatief is, omdat die Here se voorskrifte vir die kerk daarin vervat is (kyk 3.4.2.2.2; 3.4.3.2.2, i, ii), is dit nie die orde wat gedien moet word nie, maar deur die orde moet God gedien word. In sy orde vir die kerk én in (die kerk se orde) moet dit slegs om sy eer gaan (kyk 3.4.2.2.3).

Ten grondslag aan God se orde lê sy liefde. Hierdie liefde van God eis sy kerk se wederliefde. Binne die kader van wederkerige liefde funksioneer God se orde vir sy kerk. Ordehandhawing sonder liefde is derhalwe soos 'n eierdop sonder inhoud: dit word 'n leë veruitwendiging (kyk 3.4.2.2.3),

Die liefdesmotief van die orde laat geen ruimte vir selfbehaging, willekeur en eiewilligheid nie. Die Here is die Alleenbepaler van die regsorde waarin sy volk moet leef (kyk 3.4.2.2.5). En omdat die orde wat Hy vir sy kerk bepaal in sy verbondsverhouding met sy volk ingebed is, is dit 'n weerspieëling van 'n innige verbondenheid aan die Here en sy wil: sy kerk leef as't ware

in Hom (kyk 3.4.2.2.4). Nie 'n sweem van tirannie word in dié orde weer-
spieël nie; trouens, vir die kerk is dit 'n gerusstelling en 'n beveiliging
(kyk 3.4.2.2.5): om 'n plek na-aan God te hê is vir sy kinders goed.

In sy verbondsverhouding met sy kerk gee die Here wat Hy eis, te wete
die hartsgesteldheid om die orde wat Hy bepaal te onderhou (kyk 3.4.2.2.6).
So word sy verbondsgawes en sy verbondseis in die orde sigbaar, en sy Ko-
ningsheerskappy oor sy kerk, sowel as die kerk se gehoorsame aanvaarding
van dié heerskappy kom in die orde tot vergestaltung (kyk 3.4.2.2.7). Die
Here se orde vir sy kerk toon derhalwe die verbondsbetekenis en die konink-
ryksbetekenis van die orde as keersye van dieselfde saak, naamlik sy ver-
houding met sy kerk. Beide betekenisaspekte van God se orde vir sy kerk,
verbond en koninkryk, het Jesus Christus as die middelpunt. Buite Hom bestaan
dié orde vir die kerk nie, en word die hele kerk 'n puur menslike ordening.
Daarom word die orde op die geloof in Christus gehandhaaf (kyk 3.4.3.2.2).

Dié orde het ook die betekenisaspek van *opbou*. In 'n sekere sin word die
kerk al hoe meer wat hy is, deur die orde wat die Here vir hom bepaal het:
dié orde beveilig immers die Woordverkondiging wat die bestaansgrond van
die kerk is. So word die herstelde gemeenskap 'n ordelike gemeenskap waarin
God as die enigste Ordeskepper erken word (kyk 3.4.3.2.2,iii).

Uit die ondersoek na God se orde vir sy kerk kom ek tot dié konklusie:
*Enersyds het die Here die orde vir die kerk deur middel van bepalinge en
voorskrifte met die oog op 'n bepaalde lewenswyse gegee. Andersyds kom die
kerk as die herstelde gemeenskap deur die aanvaarding en gehoorsaming van
die voorgeskrewe lewenswyse te voorskyn en is só die beliggaming van die
nuwe orde, oftewel die verus ordo. In dié orde neem die herstelde mens
weer die plek in waarop hy deur God "neergesit" is (kyk 3.4.3.2.2,iv;
3.4.3.2.3,iii).*

Noodwendig is die orde die direkte gevolg van God se geregtigheid in en deur Jesus Christus. God se geregtigheid is sy handeling met en vir die mens, soos bepaal deur sy reg. Sy geregtigheidshandeling teenoor sy kerk word deur die een vryspreekende verlossingsdaad op Golgota bepaal (kyk 3.3.4;3.4.1). Die orde vir die Kerk (en die kerk self), wat 'n gevolg van God se geregtigheid is, is derhalwe 'n weerspieëling van 'n lewe wat deur die herskepping reeds aangebreek het, maar wat nog in sy volheid moet kom "wanneer alles aan Hom onderwerp is ... sodat God alles en almal kan wees" (1 Kor 15:28). Uiteraard het die orde 'n kontinue karakter (kyk 3.4.3.2.3,iv). Die gerealiseerde 'reeds' daarvan loop uiteindelik oor in die belofde 'nog nie'. In die nuwe orde skyn reeds iets van die reg en orde van die Toekomstige eeu deur (kyk 3.4.3.2.3).

Uit hierdie peiling is dit duidelik dat God sy orde vir sy kerk nie as 'n gekategoriseerde, wetenskaplik-omlynde onderwerp in die Heilige Skrif aandien nie. Dié orde bepaal Hy as 'n noodsaaklike nie-wetenskaplike lewenskomponent vir sy kerk - wat natuurlik wel aan wetenskaplike ondersoek onderhewig is.

God se orde vir sy kerk is die lewenswyse van die herskape mensheid. Dit bestaan nie uit 'n veruitwendigde stel kasuïstiese reëls van 'n onoorsienbare aantal moets en moenies waardeur die gelowiges getiranniseer word nie. Die tyd toe die kerk homself verloor het in 'n veruitwendige orde en in 'n gestrukturaliseerde hiërargie was hy so besig om sy eie werke aan die maat van sy voorskrifte en reëls uit te meet en af te weeg dat hy nooit eens die Seun van God in sy midde bemerk het nie. Hý, Jesus, het die veruitwendige menslike orde telkens, dwarsdeur sy optrede op aarde, met mening verwerp. En Hy het Hom skerp teen dié ordeskeppers gerig: "... hulle bind pakke saam wat swaar en moeilik is om te dra, en sit dit op die skouers van die

mense ... hulle doen al hulle werke om deur die mense gesien te word ...
hulle doen vir die skyn lang gebede ..." "Wee julle ... wee julle ...!"
(Mt 23).

Uit die ondersoek blyk dat die betekenis van 'God se orde vir sy kerk'
in die Ou Testament en die Nuwe Testament 'n onmisbare bydrae te lewer
het in die verdere ondersoek na die aard en die betekenis van 'n Skrif-
gebonde kerkorde. Die ontplooiing van 'n Skrifgebonde kerkordebeskouing
sal fundamenteel bepaal word deur die visie op God se orde vir sy kerk
wat hier ontwikkel is.

*Aantekeninge by 3.2: GOD SE KERK**By 3.2.1*

1. Soos Voetius (PE I.I.:14) dit in verband met die kerkregering gesê het, geld dit ook dat 'God se reg' en 'God se orde' vir die kerk nie verstaan kan word sonder om te weet wat die subjek daarvan, dit is die kerk, is nie. Rieker (1899:60) verwoord dieselfde gedagte: "Jedes eigentümlichen Kirchliche Verfassungssystem wurtzelt, in einem eigentümlichen Kirchenbegriff."

By 3.2.2.1

2. Met uitsondering van Deuteronomium 5:22 wat met συναγωγή vertaal word.

By 3.2.2.3

3. Die vrou is wel toegelaat om die 'manne-diens' van oudsher af in die συναγωγή te volg, maar van eenkant af. Eers in latere tye is hierdie skeiding in die meer liberale sinagoges opgehef (Bakker 1961:303).
4. Om die Nuwe Testamentiese ἐκκλησία in oënskou te neem, is om voor Christus te staan te kom (vgl. Groenewald 1962:389; vgl. Hainz 1972:259vv). Wel eensydig, maar eensydig binne die grense van die waarheid, tipeer Van Niftrik (1961:270): "Ecclesiologie is christologie en christologie is ecclesiologie".
5. 'n Ander interessante gebruik van ἐκκλησία, waarop nie hier ingegaan hoef te word nie, is 'n gebruik wat met 'n bekende spreekwyse uit die volksmond korrespondeer, naamlik 'om kerk toe te gaan'. Hierdie gebruik kom slegs enkele kere in die Nuwe Testament voor (1 Kor 11:18; 1 Kor 14:19; 1 Kor 14:33,34).
6. Dit is nie vir hierdie studie van belang om in te gaan op die teologiese kontroverse oor die egtheid sowel as die juiste betekenis van hierdie verse nie. Buitendien is daarop deur verskeie skrywers afdoende geantwoord (o.a Bronkhorst 1947:16vv,23vv; Van der Linde 1965:23vv; Du Plooy 1982:51vv; Grosheide 1954:257vv; Ridderbos 1950:290vv,309; Hort 1897:11; Jacobs 1927:24v; H.N Ridderbos 1970:10-13, 45v; Bavinck 1967:261v; Polman III s.j.:372; Linton 1932:175).

By 3.2.3

7. Met 'kerk' (ἐκκλησία) is deurgaans die ware kerk bedoel, sonder om daarmee te impliseer dat die kerk in hierdie bedeling die volmaakte saailand sonder onkruid is (NGB, art.29). In hierdie sin word dwarsdeur die studie van 'kerk' gepraat. Dit is nie ter sake om in die studie in te

gaan op kwessies soos die verhouding tussen ware en valse kerk, sigbare en onsigbare kerk, en so meer nie.

8. Uit 'n ander hoek gesien: ook die *historiese bepaaldheid* van die kerk, gegrond op die Nuwe Testamentiese *ordening* daarvan, maak sy institutêre gelaat onmisbaar, om nie te sê 'onafwendbaar' nie! (vgl. Van Ruler IV 1972:176-200; Hendriks 1977:204vv). Dit neem egter nie daarvan af dat die kerk 'n geloofsgemeenskap is (vgl. Gassmann 1968:84-88) en dat juis die geloof, vanweë die uitverkiesing, as die kerk se "konstituerende moment" beskou moet word nie (Gassmann 1968:45).

Aantekeninge by 3.3: GOD SE REG (EN GERECHTIGHEID) VIR SY KERK

By 3.3.1

1. Die begrippe God se 'reg' en 'geregtigheid' word vir die doel van die studie nie op menslike geregtigheid en op menseregte gefokus nie. Dit gaan nie hier om 'n algemene regs- en geregtigheidsleer in die lig van die Skrif te konstrueer nie.

By 3.3.2.3

2. Daar kan meer wees. Hier word slegs op die duidelik onderskeibare hoofdimensies gekonsentreer.

3. Ook hier kan veel meer gevind word, Hier word net op die betekenis-aspekte gekonsentreer wat hulle ooglopend as 't ware self uit die betekenis-spektrum van die onderhawige begrip aandien.

By 3.3.3.1.2

4. Κρίσις is wel terdeë ter sprake in verband met God se geregtigheids-voltrekking, maar in hoofsaak met betrekking tot die 'oordeels'- en 'toorn-aspek' in die eindgerig (Pop 1980:424-426). In hierdie ondersoek val die klem op God se geregtigheid vir sy kerk waar sy verlossende, vrysprekende geregtigheidshandeling in die sentrum staan.

Aantekeninge by 3.4: GOD SE ORDE VIR SY KERK

By 3.4.1

1. 'God se orde' word nie in die Ou Testament in enkele aanduibare woorde weergegee soos in die geval van 'God se reg en geregtigheid' nie (vgl. Koehler-Baumgartner 1958 ; vgl. Brown-Driver-Briggs 1974 en 1979). In Hebreeus is daar - met uitsondering van *dāth* en veral *sēdher* wat op orde in 'n ander, vir hierdie studie nie ter sake, betekenis(van orde)dui (vgl. Koehler-Baumgartner 1958:220,650)- hoogstens *orde-duidende* woorde uit die wetsfeer te haal wat wel op die moontlikheid van die veronderstelde 'orde van God in die Ou Testament' dui. Wat in die studie dus ondersoek word, is die *moontlikheid* van die veronderstelde orde van God in die Ou Testament, en indien so 'n orde aantoonbaar is, die *betekenis* daarvan. Die ondersoek na beide fasette word, volgens die aangeduide metode (kyk 3.1) in een gedoen.

2. Met betrekking tot 'God se orde in die Nuwe Testament' word daar nie van 'n veronderstelling uitgegaan nie. Blykens die kontekstuele betekenis-aspek van orde as 'n opdrag van God is die begrip klaarblyklik ook meer as 'n moontlikheid. Die geldigheid al dan nie van hierdie voorlopige uitgangspunt sal deur die ondersoek blootgelê word.

By 3.4.3.1.1

3. Vir die betekenis van *τάξις* volg ek, met ter sake aanpassings, in hoofsaak my uiteensetting in "God se orde vir sy kerk: 'n beskouing oor kerk-orde" (Smit 1984a:8-19).

By 3.4.3.2.2

4. Semanties-bepalende woorde is woorde wat 'n bepalende betekenisinvloed het op die woord wat ondersoek word, vanuit die onmiddellike konteks van die betrokke woord, sowel as ander woorde of uitdrukkings wat in konteks met die betrokke woord 'n bepalende betekenisinvloed daarop het (vgl. Botha 1982:104).